

REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE

AS GRONDSLAG VIR DIE

BEOORDELING VAN BELEGGINGS

REKENINGKUNDIGE FINANSIELLE STATE

AS GRONDSLAG VIR DIE  
BEOORDELING VAN BELEGGINGS

deur

HENDRIK JOHANNES STEPHANUS VORSTER, HONNS. B.COMM., C.A. (S.A.)

-----

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening  
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII  
(Rekeningkunde)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe  
van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom  
Suid-Afrika

Onder leiding van Prof. Dr. J.H. Els.  
Potchefstroom.  
Januarie 1969.

DANKBETUIGINGS

Die voltooiing van hierdie skripsie is moontlik gemaak deur die inspanning, aanmoediging en belangstelling van verskeie persone. Aan hulle almal wil ek hiermee my oopregte dank betuig.

In die besonder bedank ek Prof. J.H. Els, hoof van die Departement Rekeningkundige, nie alleen vir sy belangstelling en aanmoediging nie, maar ook vir hulp wat hy verleen het en vir sy tyd wat hy opgeoffer het met hierdie skripsie.

My hartelike dank aan die volgende persone:

Mev. E. van Niekerk vir die netjiese tik van hierdie skripsie. Sy was selfs bereid om 'n gedeelte van haar vakansie op te offer om die tydige voltooiing van hierdie skripsie moontlik te maak. Mn. H. de Bruto, wat eweneens gedurende sy vakansie nog die tyd kon vind vir die taalkundige versorging van die skripsie.

Aan my ouers is ek, vir hulle liefde, aanmoediging en belangstelling, meer verskuldig as wat ek hier in 'n paar woorde kan sê. Die vreugde wat met die voltooiing van hierdie skripsiie gepaard gaan, word egter gedemp deur die oorlye van my moeder. Sy het só uitgesien na die voltooiing van hierdie studie.

Aan my vrou vir haar liefde, aanmoediging en opoffering, waarsonder ek hierdie skripsie nie sou kon voltooi het nie, is ek meer as net dank verskuldig.

IN U LIG.

Opgedra aan Marié en Alwyn.

Pretoria,  
Januarie 1969.

INHOUDSOPGawe

Bls.

OMVANG, DOEL EN OORSIG VAN STUDIE .....	1
1. Inleiding .....	1
2. Omvang van studieveld .....	2
3. Doel en probleemstelling van die studie .....	3
4. Oorsig van studie .....	5
HOOFSTUK I : HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DUBBELINSKRYWING- STELSEL VAN BOEKHOUING EN DIE OPSTEL VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE STATE .....	7
1. Inleiding .....	7
2. Die ontwikkeling in Suid-Afrika .....	9
3. Samevatting .....	12
HOOFSTUK II : REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE STATE.....	14
1. Inleiding .....	14
2. Die aard van doel van rekeningkundige finansiële state .....	15
2.1 Die balansstaat .....	15
2.2 Die wins-en-verliesrekening .....	17
3. Die inhoud en vorm van rekeningkundige finansiële state .....	21
3.1 Die balansstaat .....	22
3.1.1 Bates .....	23
3.1.2 Laste .....	39
3.1.3 Aandeelhouersbelang .....	43
3.1.4 Aantekeninge op die balansstaat .....	56
3.2 Die wins-en-verliesrekening en aanver- wante rekenings .....	61
3.2.1 Die wins-en-verliesrekening .....	61
3.2.2 Die wins-en-verliesverdelings- rekening .....	62
3.2.3 Aantekeninge op die wins-en- verliesrekening .....	63
4. Samevatting .....	65
HOOFSTUK III : DIE TEKORTKOMINGE EN BEPERKINGE VAN REKE- NINGKUNDIGE FINANSIËLE STATE AS GRONDSLAG VIR DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS .....	66
1. Inleiding .....	66
2. Die aard van die inligting in rekeningkundige finansiële state .....	66
2.1 Die ontoereikendheid van die te boekge- stelde historiese feite .....	68
2.2 Die afhanklikheid van rekeningkundige ge- bruiken en aannames .....	76
2.3 Die afhanklikheid van rekeningkundige finan- siële state van die persoonlike oordeel van sekere persone .....	79

2.4 Gevolgtrekking .....	81
3. Inligting wat nie in rekeningkundige finansiële state weergegee kan word nie .....	81
4. Die openbaarmaking van slegs die minimum inligting wat deur die Maatskappywet vereis word .....	84
5. Samevatting .....	85
 HOOFSTUK IV : BELEGGERS EN BELEGGINGS .....	 86
1. Inleiding .....	86
2. Tipies beleggers .....	88
2.1 Indeling van beleggers volgens vorm van regspersoonlikheid .....	88
2.2 Indeling van beleggers volgens hulle benadering tot beleggings .....	91
2.3 Indeling van beleggers volgens hulle behoeftes .....	93
3. Soorte beleggings .....	95
3.1 Indeling van beleggings volgens die aanspreeklikheid van die belegger .....	95
3.2 Indeling van beleggings volgens die aard van die onderneming .....	109
3.3 Indeling van beleggings volgens hulle beleggingskenmerke .....	115
4. Samevatting .....	117
 HOOFSTUK V : BYKOMENDE INLIGTING VERLANG VIR DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS, EN DIE BRONNE VIR HIERDIE INLIGTING .....	 118
1. Inleiding .....	118
2. Bykomende inligting verlang en die bronne van inligting .....	119
2.1 Eksterne inligting .....	119
2.1.1 Algemene ekonomiese toestande en die ekonomiese toestand van die bedryfstak .....	120
2.1.2 Die neiging van die toestande op die Effektebeurs .....	122
2.2 Interne inligting .....	125
2.2.1 Die bestuur .....	126
2.2.2 Inligting sedert die publikasie van die vorige rekeningkundige finansiële state .....	130
2.2.3 Addisionele historiese gegewens .....	132
3. Samevatting .....	137

HOOFSTUK VI : DIE ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE, AS HULPMIDDEL BY DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS .....	139
1. Inleiding .....	139
2. Die doelstellings by die ontleding van rekeningskundige finansiële state .....	140
3. Die metodes van ontleding van rekeningskundige finansiële state .....	142
3.1 Verhoudingsanalise .....	143
3.1.1 Verhoudingsyfers wat die winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid van 'n onderneming, en die winsgewendheid van 'n belegging, aandui .....	145
3.1.1.1 Die winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid van 'n onderneming .....	145
3.1.1.2 Die winsgewendheid van 'n belegging .....	158
3.1.2 Verhoudingsyfers wat die kort- en langtermyn finansiële toestand van 'n onderneming aandui .....	163
3.1.2.1 Die korttermyn finansiële toestand .....	163
3.1.2.2 Die langtermyn finansiële toestand .....	171
3.2 Vergelykende analise .....	176
3.2.1 Toename-afname-vergelyking .....	177
3.2.2 Neigingspersentasie-vergelyking .....	179
4. Samevatting .....	181
BYLAE A .....	185
Lys van aangehaalde en geraadpleegde werke .....	190

## OMVANG, DOEL, EN OORSIG VAN STUDIE

### 1. INLEIDING

Die basiese funksie van rekeningkundige finansiële state is, om deur middel van die balansstaat en die wins-en-verliesrekening onderskeidelik, inligting oor die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming aan die eienaars daarvan te verstrek. Dit spreek dus vanself dat hierdie twee komponente van rekeningkundige finansiële state waardevolle inligting bevat waarvolgens beleggings in die onderneming beoordeel kan word. Nogtans moet dit erken word dat baie beleggers hulle tot die belegging van hulle fondse in ondernemings waag, sonder dat hulle die vaagste idee het wat die rekeningkundige finansiële state van die onderneming weerspieël.

Vir hierdie benadering tot beleggings bestaan daar geen regverdiging nie, aangesien dié persone meestal gemotiveer word tot die beleggingsdaad deur hoorsê rugte, waarvan hulle oor die algemeen nog die oorsprong ken, nog die gevolge kan peil. Hierdie tipe belegger, indien ons hulle as beleggers in die ware sin van die woord kan beskou, het oor die langeduur weinig hoop op sukses.

Die suksesvolle belegger, daarinteen, besef die belangrikheid van rekeningkundige finansiële state vir die beoordeling van beleggings en grond sy verwagtinge op erkende beleggingsbeginsels.

2. /...

## 2. OMVANG VAN STUDIEVELD

Hierdie studie handel in die eerste plek oor rekening-kundige finansiële state as hulpmiddel by die beoordeling van beleggings. Die inligting wat deur rekeningkundige finansiële state tot die beskikking van die belegger kom, is van besondere waarde, aangesien die rekeningkundige finansiële state die belangrikste medium is wat die direkteure van 'n maatskappy gebruik om inligting oor die finansiële toestand en resultate van 'n maatskappy, aan sy aandeelhouers oor te dra.<sup>1)</sup>

Vir die doel van hierdie skripsie sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op (a) die balansstaat en (b) die wins-en-verliesrekening (en sy vertakkinge<sup>2)</sup>) as die vernaamste inligtingsbronne by die beoordeling van beleggings. Aan die anderkant word beleggingsbesluite nie net gegrond op die inligting wat deur rekeningkundige finansiële state verskaf word nie, aangesien rekeningkundige finansiële state onderworpe is aan sekere tekortkominge en beperkinge. Daarom sal daar ook aandag geskenk word aan die tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state om as grondslag te dien vir die beoordeling van beleggings asook aan die probleem oor hoe om hierdie tekortkominge en beperkinge tot 'n mate te oorbrug, deur /...

- 
- 1) Vgl. van Jaarsveld R.J., 'n Kritiese ontleding van die mate waarin die gepubliseerde rekenings van maatskappye aan die vereistes van die Maatskappywet van 1926, soos gewysig, voldoen. M.Comm. verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1966., p. 2.
  - 2) Vide infra, p. 14.

deur die inwinning van bykomende inligting.

Omdat rekeningkundige finansiële state hoofsaaklik gebruik word by die beoordeling van die soorte beleggings wat aan die belegger mede-eienaarskap besorg van die onderneming waarin belê is, is die omvang van hierdie skripsie beperk tot die rol wat rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van hierdie soort beleggingsmedium speel. Hiermee word nie te kenne gegee dat rekeningkundige finansiële state nie ook in oorweging geneem moet word by die beoordeling van beleggings wat nie aan die belegger mede-eienaarskap besorg nie. Ook by hierdie soort beleggings is dit noodsaaklik om te let op die finansiële toestand en resultate van die onderneming soos dit weerspieël word in sy rekeningkundige finansiële state.

### 3. DOEL EN PROBLEEMSTELLING VAN DIE STUDIE

Daar is reeds hierbo aangedui dat rekeningkundige finansiële state waardevolle inligting bevat aangaande die finansiële toestand en resultate van ondernemings, en wat deur die belegger in oorweging geneem moet word by die beoordeling van beleggings. Die aanbieding van hierdie inligting deur middel van die balansstaat en die wins-en-verliesrekening, geskied egter op so 'n wyse dat daar nie sonder meer afleidings oor die finansiële toestand en winsgewendheid van die onderneming gemaak kan word nie. Om dit vas te stel, vereis verdere verwerking van hierdie gegewens.

'n / ...

'n Verdere probleem waarvoor die belegger te staan kom, is dat hierdie inligting - niteenstaande die oenskynlike voorkoms van volledigheid, presiesheid en finaliteit van rekeningkundige finansiële state - nie die enigste inligting is wat 'n rol speel by beleggingsbesluite nie.

Die doel van hierdie skripsie is dus:

- (a) Eerstens - om aan te dui watter inligting normaalweg deur middel van rekeningkundige finansiële state tot die beskikking van beleggers gestel word, en hoe hierdie inligting deur middel van verskillende tegnieke gebruik kan word by die beoordeling van beleggings.
- (b) Tweedens - om die tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state as grondslag vir die beoordeling van beleggings, aan te toon.
- (c) Laastens - om die bykomende inligting aan te dui wat deur die belegger in oorweging geneem moet word by die beoordeling van beleggings.

Ten slotte moet ons die persone, wat by die lees van die titel van hierdie skripsie onder die indruk gekom het dat ons hierin 'n kortpad na beleggingssukses gaan aandui, vroegtydig waarsku dat dit geensins die bedoeling met hierdie skripsie was om 'n towerformule te verskaf waarmee 'n fortuin op die Effektebeurs verdien kan word nie. Ons wil hierdie persone nogtans aanraai om die moeite te doen om hierdie skripsie deur te lees, aangesien dit slegs kan /...

kan bydra tot 'n gesonder benadering tot beleggingsaan-geleenthede.

#### 4. OORSIG VAN STUDIE

Om bogenoemde doelstellings ten uitvoer te bring, is die stof van hierdie skripsie soos volg ingedeel:

In Hoofstuk I word, as agtergrond, kortliks ingegaan op die geskiedenis en ontwikkeling van die dubbelinskry-wingstelsel van boekhouding en die opstel van rekening-kundige finansiële state.

Hoofstuk II handel hoofsaaklik oor die definiëring van rekeningkundige finansiële state en die definiëring van die inligting wat in rekeningkundige finansiële state verskaf word. Verder word daar in die hoofstuk aangetoon watter inligting normaalweg deur middel van rekeningkundige finansiële state tot die beskikking van beleggers gestel word.

In Hoofstuk III word daar aandag geskenk aan die tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state om as grondslag te dien vir die beoordeling van beleggings.

Hoofstuk IV handel oor die definiëring van die begrippe "beleggers" en "beleggings" en die groepering van die tipes beleggers en die soorte beleggings.

Hoofstuk V word gewy aan die bykomende inligting wat deur die belegger versamel en oorweeg moet word by die beoordeling / ...

beoordeling van beleggings. Verder word daar in die hoofstuk 'n kort bespreking gegee van die vernaamste inligtingsbronne waaruit hierdie inligting verkry kan word.

In Hoofstuk VI word daar ten slotte die verskillende metodes van ontleding van rekeningkundige finansiële state gegee en word daar ook aangedui hoe die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming met behulp daarvan beoordeel kan word.

- - - - -

HOOFSTUK I /...

## HOOFSTUK I

### HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DUBBELINSKRYWINGSTELSEL VAN BOEKHOUING EN DIE OPSTEL VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELLE STATE

#### 1. INLEIDING

Rekeningkundige finansiële state het hulle grondslag in die sogenaamde dubbelinskrywingstelsel van die te boekstelling van finansiële transaksies. Die dubbelinskrywingstelsel is gebaseer op die beginsel dat vir elke transaksie wat in die rekeningboeke van 'n onderneming te boek gestel word, daar 'n debiet- en 'n kredietinskrywing moet wees.

Soos die ontwikkeling op baie ander terreine is die dubbelinskrywingstelsel ook 'n uitvloeisel van die merkwaardige ontwaking wat aanvanklik in die Italiaanse samelewing ontspring het en so die beëindiging van die sogenaamde middeleeue tot gevolg gehad het. Hierdie ontwaking, bekend as die Renaissance, "is die tyd waarin die menslike gees hom vrygemaak het van die knellende bande, eeu-eoue oorlewerings en sogenaamde geheiligde geloofsforme."<sup>1)</sup>

Dit is dus nie verrassend dat die eerste tekens van die toepassing van moderne rekeningkundige beginsels in die Italiaanse stede aangetref word en dat die eerste literatuur oor die rekeningkunde, in Italië die lig gesien het nie. Daar word algemeen aanvaar dat Lucas Paciolo die grondlegger /...

1) Sorgdrager, A.J.E., Kosprysberekening en -tegniek, Kaapstad, Nasou Beperk, 1967, p. 4.

grondlegger van ons moderne rekeningkunde is aangesien hy reeds omstreeks 1494 die dubbelinskrywingboekhoustelsel die eerste keer beskryf het in sy geskrif SUMMA in die aanhangsel De Computis et Scripturis. Dit is egter ook bekend dat die dubbelinskrywingstelsel, hoewel in 'n baie eenvoudige vorm, veel vroeër in sekere Italiaanse stede in gebruik was. So beweer Edward Peragallo: "It is now clear that double-entry bookkeeping was fully developed at Genoa in 1340, and it is also clear that its origin must have been of a considerably earlier date." <sup>1)</sup>

Sorgdrager skryf ook in hierdie verband: "Die dubbelinskrywingsmetode het deur die praktyk self ontstaan. Navorsing het aan die lig gebring dat dit lank voor Paciolo al in een of ander vorm gebruik is. Paciolo het dit bloot gesistematiseer." <sup>2)</sup>

Finansiële state is aanvanklik glad nie, of slegs vir wisselende tydperke en dan gewoonlik na die afhandeling van 'n seereis, vanaf hierdie rekeningboeke wat volgens die dubbelinskrywingstelsel gehou is, opgestel, Peragallo kwoteer egter 'n voorbeeld vir die typerk 1367-1368, <sup>3)</sup> en Myer noem 'n voorbeeld van 'n staat van bates en laste wat vir 'n venootskap opgestel is op 31 Augustus 1389. <sup>4)</sup> Aanvanklik het die finansiële state 'n integrale deel gevorm van /...

1) Peragallo E., Origin and Evolution of Double-Entry Book-keeping, New York, American Institute Publishing Company, Inc., 1938, p. 16.

2) Sorgdrager, op. cit., p. 10.

3) Peragallo, op. cit., p. 27-9.

4) Myer, J.N., Financial Statement Analysis, 3rd ed. Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1963, p. 4.

van die grootboek deur middel van balanseerrekenings.

Daarna is in die een geval die bates en laste, en in die ander geval die inkomste en uitgawes, oorgedra. Hierdie metode is in Amerika tot so onlangs as 1894 gevvolg,<sup>1)</sup> en was veral bruikbaar in die geval van klein ondernemings wat as eenmansake of as vennootskappe sake gedoen het, en waar die eienaar of vennote die stand van sake of die resultaat van hulle ondernemings kon bepaal deur slegs die grootboek na te slaan. Met die ontwikkeling van die maatskappy-ondernemingsvorm waar die funksie van bestuur en eienaarskap geskei is en waar die maatskappye talryke aandeelhouers het, was dit nodig om finansiële state aan die verskillende aandeelhouers te voorsien en het die behoefte ontstaan om die balansstaat en wins-en-verliesrekening buite die grootboek op te stel, sodat beleggers van afskrifte daarvan voorsien kon word.

## 2. DIE ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

Die gebruik van die dubbelinskrywingstelsel en die opstel van rekeningkundige finansiële state in Suid-Afrika, hou, soos ook elders die geval was, noue verband met die ekonomiese ontwikkeling en veral met die ontwikkeling op kommersiële en industriële gebied. Dit kan tereg beweer word dat daar in Suid-Afrika voor die ontdekking van diamante en goud in die tweede helfte van die negentiende eeu, weinig/..

1) Littleton, A.C., Accounting Evolution to 1900, New York, American Institute Publishing Company, Inc., 1933, p. 150.

weinig industriële ontwikkeling was; met die gevolg dat daar ook min gebruik gemaak is van die boekhouding van finansiële transaksies volgens erkende rekeningkundige beginsels.

Oor die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika sê Schumann: "In die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika word met die jaar 1870 'n ouer fase afgesluit, 'n nuwe fase ingelui. Tot dan toe was ons land feitlik uitsluitend 'n landbou- en veeteeltland; nou breek die mynbou-tydperk aan, met diamante en goud as belangrikste bronne van welvaart naas die landbou." <sup>1)</sup>

Die ontdekking van diamante en goud het verder die belangrike uitwerking gehad dat daar alhoemeer gebruik gemaak is van die maatskappystelsel van beheer in hierdie bedrywe. Hieruit het dan ook voortgevloeи groter gebruikmaking van rekeningboeke, wat volgens erkende rekeningkundige beginsels gehou is; sowel as die opstelling van rekeningkundige finansiële state. Veral na Unifikasie in 1910, was daar 'n geweldige opbloei op industriële gebied in Suid-Afrika. Dit is in die besonder die gevolg van die opkoms van die goudmynindustrie en die vermeerdering van die Blankebevolking (1875 - 328,000; 1911 - 1,276,000 <sup>2)</sup>) wat gevolg het op die ontdekking van diamante en goud in die middel van die tweede helfte van die /...

1) Schumann C.G.W., Landbouland-Mynbouland (1870-1909), opgeneem deur van der Walt A.J.H., Wiid J.A., Geyer A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, Kaapstad, Nasionale Boekhandel Bpk., 1951, p. 240.

2) Ibid.

vorige eeu. Die tydperk 1910 tot 1939 kan dus met reg as die fabriekstydperk of die tydperk van industrialisasie genoem word.<sup>1)</sup> Wat die fabriekswese betref gee die volgende statistiek<sup>2)</sup> 'n beeld van die geweldige ontwikkeling op die gebied:

<u>Jaar</u>	<u>Aantal ondernemings</u>
1916/17	5,918
1926/27	7,170
1936/37	9,987
1941/42	9,989

'n Verdere aanduiding van die stadige ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika voor die aanvang van die twintigste eeu, is die feit dat die Kaapprovincie eers in 1892 en die Transvaal eers in 1909, wetgewing aangeneem het om maatskappyaangeleenthede te reguleer. Uniale wetgewing in dié verband het eers in 1926 gevolg.

Soos die ontwikkeling op ekonomiese gebied toegeneem het, het daar ook in toenemende mate vollediger rekening-kundige finansiële state tot die beskikking van die publiek gekom. Verdere faktore wat hiertoe bygedra het was:

- (a) Die ontwikkeling op die gebied van die bankwese om vah rekeningkundige finansiële state gebruik te maak by die oorweging van aansoeke om kredietfasaliteite.

(b) /...

1) Vgl. Schumann C.G.W., Die Unie van Suid-Afrika tot 1939, opgeneem deur v.d. Walt, Wiid & Geyer, op. cit., p. 270.

2) Ibid., p. 283.

- (b) Handelskrediteure wat meer inligting verlang het by die toestaan van handelskrediet.
- (c) Inkomstebelastingwetgewing.
- (d) Die groeiende getal maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is:<sup>1)</sup>

<u>Jaar</u>	<u>Aantal maatskappye</u>
Junie 1938	235
Junie 1948	528
Junie 1958	690
Junie 1968	670

- (e) Toenemende beleggingsbewustheid by die algemene publiek.

### 3. SAMEVATTING

Om die ontwikkeling van die stelsel van dubbelinskrywingboekhouding en die opstel van rekeningkundige finansiële state op te som, kan ons beweer dat rekeningkunde oor die afgelope vyfhonderd jaar ontwikkel het van bloot 'n eenvoudige tegniek om finansiële transaksies op te teken en feitekennis te versamel tot 'n volwaardige wetenskap. Die moderne rekeningkunde wetenskap stel nie net belang in die versameling van feitekennis nie, maar hou hom ook veral besig met die verklaring van die versamelde kennis. Die versameling van rekeningkundige data vind sy uiteinde in die rekeningkundige finansiële state, terwyl die verklaring van hierdie data sy oorsprong het uit die rekeningkundige finansiële state. Hierdie verklaring van die versamelde /..

---

1) Syfers verstrek deur die Skakelafdeling van die Johannesburgse Effektebeurs.

versamelde rekeningkundige data kan op verskillende vlakke geskied met verskillende grade van nadruk, afhangende van die doel waarvoor dit ingespan word, byvoorbeeld vir bestuurskontroles, beplanning, begrotings, evaluering van beleggings, ens.

In die bespreking wat volg, sal daar dus gepoog word om aan te toon watter rekeningkundige data daar tot die beskikking van die beleggers is om 'n beoordeling van hulle beleggings te maak en hoe dit gebruik kan word vir die beoordeling van beleggings.

- - - - -

## HOOFSTUK II

### REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE

#### 1. INLEIDING

Die begrip rekeningkundige finansiële state is tweeledig en bestaan uit: 'n balansstaat van 'n onderneming op 'n bepaalde datum, en uit 'n wins-en-verliesrekening vir die onderneming oor 'n bepaalde periode wat eindig op die datum van die balansstaat. In sommige gevalle word ook gebruik gemaak van die term inkomste- en-uitgawerekening in plaas van wins-en-verliesrekening. Die inkomste-en-uitgawerekening stem egter in wese ooreen met die wins-en-verliesrekening en sal as sodanig in hierdie bespreking behandel word.

In die geval van kommersiële ondernemings word daar ook 'n handelsrekening, en in die geval van industriële ondernemings, 'n vervaardigingsrekening en handelsrekening aangetref. Beide die handels- en vervaardigingsrekening kan egter as vertakkinge van die wins-en-verliesrekening beskou word, aangesien dit bydra tot die bereiking van die uiteindelike doel waarvoor 'n wins-en-verliesrekening opgestel word.<sup>1)</sup>

Hoewel die gebruik ook ontstaan het om in die geval van maatskappye 'n wins-en-verliesverdelingsrekening op te stel, is dit nie 'n vereiste van die Maatskappwyet van 1926 (Wet Nr. 46 van 1926, soos gewysig) nie, en kan dit beskou word as 'n verlenging van die wins-en-verliesrekening.

Daar /...

---

1) Vide infra, p. 20-1.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die rekeningkundige finansiële state van enige onderneming basies uit twee komponente bestaan, naamlik uit 'n balansstaat en uit 'n wins-en-verliesrekening. Om hierdie twee komponente van rekeningkundige finansiële state na behore te gebruik by die beoordeling van beleggings, is dit nodig om vervolgens eers te let op die aard en doel sowel as op die vorm en inhoud van elkeen.

## 2. DIE AARD EN DOEL VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELLE STATE

### 2.1 DIE BALANSSTAAT

Alhoewel die aard van die balansstaat van onderneming tot onderneming kan verskil, het almal egter 'n gemeenskaplike aard, naamlik die aantoon van die bates en laste van die onderneming waarvoor dit opgestel word. Net so het die balansstaat verskillende doeleindeste afhangende waarvoor dit gebruik wil word. Die uiteindelike doel waarvoor 'n balansstaat opgestel word, bly egter basies dieselfde, naamlik om die finansiële toestand van die onderneming waarvoor dit opgestel is, te weerspieël.

Langhout laat hom soos volg uit oor die aard en doel van die balansstaat: "The function of a balance sheet is to show what a business owns and what it owes, and to give a true and fair view of the state of affairs of the business on a particular date."<sup>1)</sup> en "The balance sheet /...

---

1) Langhout J., Analysis and Interpretation of Accounts, Cape Town, The South African Universities Press, 1968, p. 5.

sheet, therefore, shows in summary form the assets and the liabilities of the enterprise and the owner's equity, with sufficient information to indicate the nature of the assets and the sources from which funds have been obtained in order to acquire them." <sup>1)</sup>

Ook Guthman skryf in dié verband: "The balance sheet might be defined as the dual financial picture of an enterprise, depicting, on the one hand, the properties that it utilizes, and on the other hand, the sources of those properties.". <sup>2)</sup> Terwyl De Langen die aard van die balansstaat soos volg sien: "Enersijds vinden we een opsomming van alle middelen, die ter beschikking van de onderneming sijd gesteld, en andersijds een opsomming van de verschillende aanspraken op het totaal van deze middelen." <sup>3)</sup>

Oor die doel van die balansstaat beweer Foulke: "it portrays the financial condition of a concern, organisation or a business enterprise at a given date." <sup>4)</sup> en sê Tucker: "The balance sheet pictures the financial state of health of the business at the instant the figures are listed." <sup>5)</sup>

Samevattend /...

1) Ibid.

2) Guthman H.G., Analysis of Financial Statements, 4th ed., New York, Prentice Fall, Inc., 1954, p. 26.

3) de Langen W.J., Inleiding tot het Balanslezen, Alpen aan den Rijn, W. Samson n.v., 1964, p. 7.

4) Foulke R.A., Practical Financial Statement Analysis, 5th ed., New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1961, p. 67.

5) Tucker S.A., Successful Managerial Control by Ratio Analysis, New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1961, p. 25.

Samevattend kan die aard en doel van 'n balansstaat dus beskryf word as: 'n staat wat aan die eenkant die waarde van die eiendom of besittings van 'n onderneming, wat hy gebruik in die voortbrenging van inkomste, weergee, en daarteenoor die bronne aantoon waaruit die fondse verkry is om oor hierdie eiendom of besittings te beskik. Die doel hiervan is om 'n ware en redelike weergawe van die finansiële toestand van 'n onderneming op 'n bepaalde datum te weerspieël.

## 2.2 DIE WINS-EN-VERLIESREKENING

Die hoofdoel van 'n sakeonderneming is om inkomste te verdien en om wins te maak. Die bepaling van die netto wins is daarom die belangrikste oogmerk van die rekenkundige proses. So sê Sorgdrager byvoorbeeld: "Die prikkel in enige onderneming is die voortbestaan van die onderneming plus die wins."<sup>1)</sup> Wat is wins? Hoe word die wins bereken? Hieroor bestaan uiteenlopende standpunte en beskouinge. Die verskil tussen die onderskeie betekenisse wat ekonome, bedryfsekonome en rekenmeesters aan die winsbegrip heg, kan kortlikks soos volg saamgevat word:

### (a) Die ekonomiese beskouing van wins

As ekonomieer du Plessis wins as "die verskil tussen 'n inkomste en die koste wat aangegaan is vir die /... .

---

1) Sorgdrager, op. cit., p. 1.

die verkryging van daardie inkomste, mits sowel die kostes as die inkomste met dieselfde maatstaf gemeet word."<sup>1)</sup> Hy verklaar verder: "Die waarde van die geldmaatstaf toe die koste aangegaan was, moet aangesuiwer word totdat dit dieselfde is as die waarde van die geldmaatstaf op die tydstip toe inkomste gemeet is of omgekeerd."<sup>2)</sup> en beveel dan aan "dat enige verandering in geldwaarde gemeet moet word met behulp van 'n indeks, wat op 'n besondere breeë basis berus en wat dus nie spesifieke prysbewegings reflekteer nie."<sup>3)</sup> Onder kostes verstaan hy die vergoeding van sowel die kontraktuele koste-eisers as die residuele koste-eisers.<sup>4)</sup>

(b) Die bedryfsekonomiese beskouing van wins

Du Plessis beweer: "die bedryfsekonomoom beskou 'wins' as die verskil tussen inkomste vir 'n besondere artikel, en wat dit hom sal kos om daardie artikel op die moment van die transaksie te vervang."<sup>5)</sup>

Wins / ...

- 1) Du Plessis F.J., Die Aard, Omvang en Berekening van Wins met spesiale verwysing na die Ekonomiese-, Bedryfsekonomiese- en Rekeningkundige standpunte, M. Comm. verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1956, p. 137.
- 2) Ibid., p. 139.
- 3) Ibid., p. 273.
- 4) Vgl. Ibid., p. 151 et seqq.
- 5) Ibid., p. 2.

Wins is dus die verskil tussen die opbrengswaarde, wat op die prys van die verkoopmark berus, en die vervangingswaarde, wat op die prys van die inkoopmark berus op die moment van die ruil. Meij sê hieroor: "Het voordeelig verschil tussen opbrengst en vervangingsprijs is de winst die de ruil heeft opgeleverd." <sup>1)</sup> Van der Schroeoff verklaar ook dat die ruilwins bepaal word "door het gunstig verschil van opbrengst en vervangingswaarde." <sup>2)</sup>

(c) Die rekeningkundige beskouing van wins

Du Plessis skryf in dié verband: "Vir die rekenmeester is wins gewoonlik die verskil tussen inkomste en werklike uitbetaalde (historiese) kontraktuele kostes wat vir die verkryging van hierdie inkomste noodsaaklik was." <sup>3)</sup>

Bigg sien wins uit dieselfde standpunt as hy dit soos volg beskryf: "In effect, therefore, the profits for a given period may be said to be the excess of current income over current expenditure, after making good any loss sustained by fixed or current assets during that period in the process of earning such income." <sup>4)</sup>

In /...

- 1) Meij J.L., Leerboek der Bedrijfseconomie, Theoretische Bedrijfseconomie I, Deel I, 9de uitgawe, 's Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij, 1960, p. 47.
- 2) Van der Schroeoff H.J., De Leer van de Kostprijs, 3de uitgawe, Amsterdam, N.V. Uitgeversmaatschappij "Kosmos", 1953, p. 41.
- 3) Du Plessis, op. cit., p. 166.
- 4) Bigg W.W., Spicer and Pegler's Practical Auditing, 12th ed., London, H.F.L. (Publishers) Ltd., 1958, p. 284.

In Suid-Afrika word die rekeningkundige beskouing van wins feitlik deurgaans toegepas by die bepaling van die wins, deur middel van die wins-en-verliesrekening; hoofsaaklik om die volgende redes:

- (a) Dit lewer relatief min probleme op by die praktiese toepassing daarvan in vergelyking met die ander beskouings.
- (b) Die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingwetgewing erken slegs hierdie metode van winsbepaling, aangesien by die bepaling van die belasbare inkomste slegs onkoste en verliese wat werklik aangegaan of gely is by die voortbrenging van inkomste, van sodanige inkomste afgetrek mag word. <sup>1)</sup>

Met die rekeningkundige beskouing van wins as uitgangspunt, kan die wins-en-verliesrekening (en by implikasie ook die vertakkinge van die wins-en-verliesrekening <sup>2)</sup>) soos volg gedefineer word: Dit is 'n rekening wat aan die eenkant al die inkomste wat 'n onderneming oor 'n bepaalde periode verdien het, aandui en aan die anderhand, al die uitgawes aangee wat werklik gedurende die periode aangegaan is in die verdienproses van hierdie inkomste. Die verskil tussen hierdie inkomste en uitgawes, verteenwoordig die netto wins of verlies wat gedurende die periode behaal of gely is.

Die /...

---

1) Die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet Nr. 58 van 1962), soos gewysig, Art. 11.

2) Vide supra, p. 14.

Die doel van die wins-en-verliesrekening is dus die bepaling van die netto wins, sodat gesien kan word "how well management has operated the business in a pass period with the tools furnished to it."<sup>1)</sup> Dit gee ook "de ondernemer de analyse van de toeneming of afneming van het eigen ondernemingsvermogen gedurende het afgelope jaar."<sup>2)</sup>

### 3. DIE inhoud en vorm van REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE

Die bespreking van die inhoud en vorm van die balansstaat en van die wins-en-verliesrekening sal beperk word tot die balansstaat en wins-en-verliesrekenings van maatskappye, aangesien beleggers hoofsaaklik aangewese is op hierdie beleggingsveld en in die besonder op beleggings in publieke maatskappye.

Die inhoud en vorm van die balansstaat en van die wins-en-verliesrekening kan verskil van onderneming tot onderneming, afhangende van die soort besigheid wat deur die betrokke onderneming gedoen word; en na gelang van die persoonlike smaak van die bestuur van die onderneming. 'n Standaardvorm wat elke industriële of kommersiële onderneming sal pas, is ewemin prakties as wenslik.

Hierdie feit word ook deur die Maatskappywet erken, wat alhoewel dit omvattende vereistes voorskryf ten opsigte van aangeleenthede /

1) Tucker, op. cit., p. 24.

2) de Langen, op. cit., p. 14.

aangeleenthede wat in die balansstaat en in die wins-en-verliesrekening van maatskappye openbaar gemaak moet word, dit nie 'n standaardvorm voorskryf oor hoe hierdie inligting aangebied moet word nie.

Die balansstate en wins-en-verliesrekenings wat deur maatskappye tot die beskikking van die algemene publiek gestel word, bevat gewoonlik net die inligting wat deur die Maatskappwyet vereis word. Ons gaan dus in hierdie bespreking slegs aandui watter inligting normaalweg in die state van 'n maatskappy aangetref kan word. In 'n latere hoofstuk sal aangedui word watter addisionele inligting deur die belegger verlang word.<sup>1)</sup>

Daar moet egter ingedagte gehou word dat die Maatskappwyet geen beperking op maatskappye plaas om meer as die voorgeskrewe inligting in hulle finansiële state te verstrek nie.

### 3.1 DIE BALANSSTAAT

Die items in 'n balansstaat van 'n maatskappy kan volgens erkende rekeningkundige gebruik soos volg ingedeel word:

- (a) Bates.
- (b) Laste.
- (c) Aandeelhouersbelang (soms ook genoem die kapitaal of netto waarde).

Die /...

---

1) Vide infra p. 132.

Die meeste finansiële state verwys egter slegs na twee van hierdie groepe, naamlik na die bates en die laste. In sulke gevalle sluit die laste die verpligtinge van die onderneming teenoor derdepartyé sowel as teenoor aandeelhouers in.

In die hieropvolgende bespreking sal aangedui word watter items normaalweg in die balansstaat van 'n maatskappy kan voorkom. Al die items hoef nie noodwendig in elke balansstaat voor te kom nie. Daar word ook nie te kenne gegee dat dit 'n volledige lys is van elke moontlike item wat in die balansstaat kan verskyn nie.

### 3.1.1 BATES

Die bates van 'n onderneming kan beskryf word as die vermoëns waaroer die onderneming beskik en wat waarde besit: omdat dit in staat is om in die toekoms dienste te kan lewer of inkomste te kan verdien; of omdat dit omgesit kan word in kontant of goedere. "In brief they can be defined as things of value owned." <sup>1)</sup>

Die Maatskappywet bevat die volgende voorskrifte met betrekking tot die klassifikasie en groepering van die bates van 'n maatskappy:

(a) "Vaste bates moet onderskei word van bedryfsbates:

Met dien verstande dat 'n bate nie as 'n vaste of bedryfsbate /...

1) Easton E.E. & Newton B.L., Accounting and the Analysis of Financial Data, New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1958, p. 6.

bedryfsbate onderskei hoef te word nie, as die gevolg daarvan sou wees dat geen ware en redelike weergawe van die aard daarvan verstrek word nie. Indien 'n bate nie as 'n vaste of bedryfsbate onderskei word nie, moet die bate uitdruklik beskryf word." <sup>1)</sup>

- (b) "Die totale bedrag van bates bestaande uit aandele in, of bedrae verskuldig (ditsy uit hoofde van lenings of andersins) deur die maatskappy se filiaalmaatskappy, met onderskeid tussen aandele en skuld, moet in die balansstaat afsonderlik van al die bates van die maatskappy aangegee word, ..." <sup>2)</sup>

Na aanleiding van hierdie bepalings en rekeningkundige gebruik kan die volgende hoofindeling van die bates in die balansstaat van 'n maatskappy gemaak word:

- (a) Vaste bates.
- (b) Bedryfsbates.
- (c) Ander bates (dit is bates wat weens die aard daarvan nie as vaste of bedryfsbates onderskei hoef te word nie.)
- (d) Beleggings in filiaal-maatskappye.
- (e) Ontasbare bates.

Verder bepaal die Maatskappywet ook dat vaste- en bedryfsbates ingedeel moet word onder hoofde wat geskik is vir die maatskappy se besigheid. <sup>3)</sup> Die bates moet ook opgesom /...

---

1) Agste bylae van die Maatskappywet van 1926, (Wet nr. 46/1926) soos gewysig, par. 4 (2).

2) Ibid., par. 15 (2).

3) Ibid., par. 4 (1).

opgesom word met die besonderhede wat nodig is om die algemene aard daarvan bloot te lê. <sup>1)</sup>

### 3.1.1.1 VASTE BATES

Voordat vaste bates gedefinieer word, laat ons eers sien watter mening 'n aantal skrywers hieroor nahou.

Easton en Newton definiéer vaste bates as: "tangible assets, necessary for operations, with a life greater than one year." <sup>2)</sup> Foulke sê: "Fixed assets are items not readily convertible into cash in the normal operations of a commercial or industrial enterprise." <sup>3)</sup> en hy voeg dan by: "except as depreciation is added to the cost of goods sold." <sup>4)</sup> Volgens Langhout omsluit vaste bates "all assets held with the object of earning income and not held for the purpose of sale in the ordinary course of business." <sup>5)</sup>

Ons insiens kan die vaste bates van 'n onderneming beskryf word as die fisiese waarneembare bates wat nie geredelik in die gewone loop van sake in kontant omgesit word nie, wat 'n lewensduur van ten minste meer as een finansiële jaar het, en wat dus gehou word met die doel om daarmee inkomste te verdien. Hierdie bates verloor dus hulle waarde oor 'n relatiewe lang periode en hierdie daling in die waarde word deur middel van jaarlikse

voorsienings /

1) Ibid., par. 2.

2) Easton & Newton, op. cit., p. 74.

3) Foulke, op. cit., p. 86.

4) Ibid.

5) Langhout, op. cit., p. 7.

voorsienings vir waardevermindering teen die winste van die onderneming, in berekening gebring.

Bates wat normaalweg onder hierdie groepering ingesluit sal word is:

- (a) Grond.
- (b) Geboue.
- (c) Masjinerie en Toerusting.
- (d) Meubels.
- (e) Motorvoertuie.
- (f) Handelsbeleggings.

Die Maatskappywet bepaal dat die volgende besonderhede met betrekking tot vaste bates aangetoon moet word: Die kosprys daarvan (of die bedrag van waardering, indien van toepassing) minus die totale bedrag wat sedert die datum van verkryging (of datum van waardering) as waardevermindering afgeskryf is. <sup>1)</sup>

#### 3.1.1.1.1 GROND

Grond word gewoonlik, in die geval van handels- of vervaardigingsmaatskappye, slegs teen kosprys aangetoon, en geen voorsiening vir waardevermindering word gemaak nie <sup>2)</sup> aangesien daar in die meeste gevalle eerder 'n appresiasie in die waarde van grond voorkom as 'n de-presiasie. Indien daar egter wel 'n vermindering in die waarde /...

---

1) Agste bylae, op. cit., par. 5 (1).

2) Vide infra, p. 63.

waarde van grond voorgekom het, moet 'n voorsiening daarvoor geskep word wat volgens bogenoemde bepalings aangetoon sal word.

#### 3.1.1.1.2 GEBOUE

Geboue word gewoonlik slegs teen kosprys aangetoon, sonder enige voorsiening vir waardevermindering. Indien die geboue egter aan waardevermindering onderhewig is, behoort 'n redelike bedrag jaarliks daarvoor voorsien te word. Dit gebeur egter dikwels dat die kosprys van grond en geboue as 'n enkele bedrag in die balansstaat van 'n maatskappy verskyn; dit is gewoonlik die geval wanneer die grond en geboue gesamentlik aangekoop word.

#### 3.1.1.1.3 MASJINERIE EN UITRUSTING, MEUBELS EN MOTORVOERTUIE

Masjinerie en uitrusting, meubels en motorvoertuie word aangetoon teen kosprys, min die opgehopte voorstiening vir waardevermindering. Die opgehopte voorstiening verteenwoordig die bedrag wat beskou kan word as dié deel van die oorspronklike waarde van die betrokke bate, wat reeds in die produksie- of handelsproses verlore gegaan het en waar daar vir die vervanging daarvan voorsien is.

Die gebruiklikste metodes om vir waardevermindering voorsiening te maak is:

- (a) Die reguitlyn-metode - gelyke bedrae word jaarliks van /...

van die kosprys afgeskryf; bereken oor die verwagte leeftyd van die bate.

- (b) Die verminderde balansmetode - 'n vaste persentasie van die boekwaarde (d.i. die kosprys van die bate minus die opgehopte waardevermindering) word jaarliks van die kosprys afgeskryf.
- (c) Masjienuur-metode - 'n vaste koers per aantal masjienure gewerk in die betrokke jaar, word jaarliks van die kosprys afgeskryf.
- (d) Produksieeenheid-metode - 'n vaste koers per aantal eenhede gedurende die jaar geproduseer, word jaarliks van die kosprys afgeskryf.
- (e) Vervangingskoste-metode - vereenvoudigd gestel, kom hierdie metode daarop neer dat die koers of persentasie wat jaarliks afgeskryf word, nie op die oorspronklike kosprys gebaseer is nie maar op die vervangingswaarde van die betrokke vaste bate.

Al hierdie metodes het die in gemeen om die oorspronklike koste van 'n bate oor die verwagte lewensduur daarvan af te skryf en om sodoende dus vir die vervanging daarvan voorsiening te maak. Die meeste ondernemings voorsien egter waardevermindering op die grondslag wat gewoonlik deur die Ontvanger van Inkomste erken word, naamlik deur die verminderde balansmetode.<sup>1)</sup>

3.1.1.4 / ...

---

1) Silke A.S., Silke on South African Income Tax, 2nd ed. Cape Town, Juta & Co., Ltd., 1961, p. 176.

### 3.1.1.1.4 HANDELSBELEGGINGS

'n Belegging deur een maatskappy in die aandele of obligasies van 'n ander maatskappy (uitgesonderd beleggings in maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet as 'n filiaal maatskappy beskou word<sup>1)</sup>) met die doel om die handel of besigheid van die eerste maatskappy te verbeter of te vergemaklik, is 'n vaste bate en moet as sodanig behandel word.<sup>2)</sup>

Die metode van aantoning van vaste bates in die balansstaat wat deur die Maatskappywet voorgeskryf word,<sup>3)</sup> is egter nie van toepassing op handelsbeleggings waarvan die markwaarde (of indien dit geen markwaarde het nie, die waarde soos deur die direkteure beraam) aangegee word as die bedrag van die belegging, of op handelsbeleggings waarvan die markwaarde (of die beraamde waarde) bywyse van 'n aantekening aangegee word nie.<sup>4)</sup>

### 3.1.1.2 BEDRYFSBATES

Die bedryfsbates van 'n onderneming kan gedefinieer word as daardie bates wat of in die vorm van kontant gehou word of daardie bates waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat dit in die gewone loop van sake in die nabije toekoms in kontant omgesit kan of sal word.

Foulke /...

1) Maatskappywet van 1926, Art. 90nov.

2) Agste bylae, op. cit., par. 27.

3) Vide supra, p. 26.

4) Agste bylae, op. cit., par. 5(2)(c).

Foulke merk tereg op dat die persoon wat die volledigste omskrywing van bedryfsbates gegee het, Adam Smith<sup>1)</sup> was en dat hy dit in sy bekende boek THE WEALTH OF NATIONS soos volg verduidelik: "The goods of the merchant yield him no revenue or profit till he sells them for money, and the money yields him as little till it is again exchanged for goods. His capital is continuously going from him in one shape, and returning to him in another, and it is only by means of such circulation, or successive exchanges, that it can yield him any profit. Such capital, may very properly be called circulating capital."<sup>2)</sup> Wat Smith "circulating capital" noem is inderwaarheid bedryfsbates.

Die aard van die bedryfsbates sal wissel van onderneming tot onderneming na gelang van die soort besigheid wat deur die betrokke onderneming bedryf word. Die volgende bates sal egter normaalweg as bedryfsbates beskou kan word:

- (a) Kontant op hande en op deposito by finansiële instellings.
- (b) Handelsdebiteure en ontvangwissels.
- (c) Handelsvoorraad.
- (d) Beleggings in verhandelbare sekuriteite.
- (e) Ander bates wat voldoen aan die definisie van bedryfsbates.

Indien /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 70.

2) Smith A., The Wealth of Nations, p. 262-3, aangehaal uit Foulke, op. cit., p. 71.

Indien die direkteure van mening is dat enige van die bedryfsbates in die balansstaat, teen 'n bedrag aangetoon word wat nie ten minste gelyk is aan die waarde waarteen dit in die gewone loop van die maatskappy se besigheid verkoop sal word nie, moet die feit bywyse van 'n aantekening op die balansstaat aangegee word. <sup>1)</sup>

### 3.1.1.2.1 KONTANT OP HANDE EN OP DEPOSITO BY FINANSIELE INSTELLINGS

Slegs kontant waarop daar geen beperking betreffende die vrye of onmiddellike aanwending daarvan bestaan nie, moet onder hierdie hoof aangetoon word. Kontant op korttermyn vastedeposito moet liefs afsonderlik onder bedryfsbates aangetoon word, terwyl kontantfondse wat bestem is vir 'n spesiale doel, nie onder bedryfsbates aangetoon moet word nie maar as 'n afsonderlike item.

### 3.1.1.2.2 HANDELSDEBITEURE EN ONTVANGWISSELS

Handelsdebiteure en ontvangwissels het in wese dieselfde aard en oorsprong in dié sin dat dit beide bedrae verteenwoordig wat verskuldig is vir goedere of dienste wat in die gewone loop van besigheid gelewer is. Tog vergemaklik dit die ontleding van die finansiële state by die beoordeling van beleggings indien die twee items afsonderlik van mekaar aangetoon word, aangesien debiteure normaalweg, maar nie noodwendig nie, vinniger in kontant gerealiseer /..

---

1) Agste bylae, op. cit., par. 11(8).

gerealiseer word as wat dit die geval met ontvangwissels is.

### 3.1.1.2.3 HANDELSVOORRAAD

Die handelsvoorraad kan bestaan uit klaarvervaardigde produkte, werk in voortgang of uit grondstowwe; na gelang van die soort besigheid wat deur die betrokke maatskappy bedryf word. Die grondslag van waardering van die voorraad speel 'n belangrike rol by die bepaling van die wins, en dit geskied gewoonlik op die grondslag van kosprys of markwaarde welke een ookal die laagste mag wees.

Die bepaling van kosprys of markwaarde kan egter op verskillende metodes geskied wat elkeen 'n ander waarde aan die voorraad kan heg. Die volgende metodes vir die waardering van voorraad is die bekendste:

- (a) Eerste-in eerste-uit metode - die koste van al die voorraad op hande word geag die te wees van die oudste aankope of produksie wat nog in die voorraad aanwesig is.
- (b) Gemiddeldekoste-metode - die koste van die voorraad word bereken volgens 'n bewegende gemiddelde gebaseer op die gemiddelde aankoops- of vervaardigingskoste oor 'n vaste periode, sê oor byvoorbeeld die afgelope twee jaar.
- (c) Standaardkoste-metode - die koste van die voorraad word bereken volgens 'n voorafbepaalde koste en kan in die geval /...

geval van vervaardigingsondernemings bestaan uit voorafvasgestelde bedrae ten opsigte van sowel die hoeveelhede as die pryse van grondstowwe, lone en bokoste.

- (d) Laaste-in eerste-uit metode - die koste van al die voorraad op hande word dié geag te wees van die jongste of mees onlangse aankope of produksie.
- (e) Vervangingswaarde-metode - die voorraad word gewaardeer teen die koste waarteen dit vervang sal moet word.

'n Bespreking van die meriete van elkeen van hierdie metodes word nie hier gegee nie, aangesien dit buite die bestek van hierdie onderwerp val.

#### 3.1.1.2.4 BELEGGINGS IN VERHANDELBARE SEKURITEITE

Slegs verhandelbare sekuriteite wat 'n belegging van oorskot kontantfondse verteenwoordig en wat, indien nodig, dadelik in kontant omgesit kan word, moet as 'n bedryfsbate aangetoon word. Verhandelbare sekuriteite wat as bedryfsbates gegroepeer word, bestaan gewoonlik uit aandele en/of obligasies in ander maatskappye wat op 'n erkende effektebeurs genoteer is.

Aangesien beleggings in verhandelbare sekuriteite meestal apart van vaste of bedryfsbates, in 'n balansstaat aangegee word, sal daar later in hierdie hoofstuk ingegaan word op die bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot die wyse van aantoning daarvan.

• 3.1.1.2.5 /...

### 3.1.1.2.5 ANDER BEDRYFSBATES

Ander bates wat voldoen aan die definisie van bedryfsbates en wat as sodanig elkeen afsonderlik aangetoon sal word, kan bestaan uit die volgende :

- (a) Vooruitbetaalde uitgawes.
- (b) Nie-handelsdebiteure.
- (c) Onmiddellik oproephare lenings.
- (d) Oorskot van vooruitbetaalde belasting (voorlopige betalings) bo die voorsiening vir belasting.

### 3.1.1.3 ANDER BATES

Bates wat weens die besondere aard daarvan nie as 'n vaste bate of bedryfsbate onderskei kan word nie, omdat dit dan geen ware en redelike weergawe van die aard daarvan sal verstrek nie, moet elkeen afsonderlik in die balansstaat aangetoon word. <sup>1)</sup>

Bates wat gewoonlik elkeen afsonderlik in die balansstaat aangetoon sal word, kan bestaan uit die volgende:

- (a) Bedrae verskuldig aan 'n kontroolerende maatskappy en/of medefiliale.
- (b) Beleggings.
- (c) Langtermynlenings.
- (d) Lenings aan direkteure, beamptes en werknemers.
- (e) Uitgestelde uitgawes.

3.1.1.3.1 /...

---

1) Agste bylae, op. cit., par. 4(2).

3.1.1.3.1 BEDRAE VERSKULDIG AAN 'N KONTROLERENDE MAATSKAPPY EN/OF MEDE-FILIALE

Ingevolge die bepalings van die maatskappywet moet die balansstaat van 'n maatskappy wat 'n filiaal-maatskappy is, onverskillig of dit self 'n kontrollerende maatskappy is, die totale bedrag aangee van die bedrae wat aan hom verskuldig is deur die maatskappy waarvan dit 'n filiaal is of deur mede-filiaal-maatskappye en moet daar onderskei word tussen skuld ten opsigte van obligasies en ander skuld.<sup>1)</sup>

Mede-filiaal-maatskappye is maatskappye wat 'n gemeenskaplike kontrollerende maatskappy het, maar waar die een maatskappy nie die filiaal van die ander maatskappy is nie.<sup>2)</sup>

3.1.1.3.2 BELEGGINGS

Beleggings wat nie as 'n vaste bate of as 'n bedryfsbate getoon word nie, moet onder 'n afsonderlike hoof in die balansstaat aangegee word. Daar moet verder onderskei word tussen genoteerde beleggings en ongenoteerde beleggings.<sup>3)</sup> Die markwaarde van die genoteerde beleggings op die datum van die balansstaat, moet bywyse van 'n aantekening op die balansstaat aangegee word indien dit verskil van die bedrag waarteen die beleggings in die balansstaat verskyn.<sup>4)</sup>

Indien /...

---

1) Ibid., par. 16(1).

2) Ibid., par. 16(2).

3) Ibid., par. 8(1)(a).

4) Ibid., par. 11(9).

Indien die beleggings geen markwaarde het nie, moet hulle waarde, soos deur die direkteure beraam,<sup>1)</sup> aangedui word.

### 3.1.1.3.3 LANGTERMYNLENINGS

Lenings wat aan persone of instansies gegee is en waarvan die termyn van terugbetaling langer as een jaar vanaf die datum van die balansstaat is, sal apart van alle ander bates, in die balansstaat van 'n maatskappy aangetoon word sodat dit 'n ware en redelike weergawe van die aard daarvan verstrek.<sup>2)</sup>

### 3.1.1.3.4 LENINGS AAN DIREKTEURE, BEAMPTES EN WERKNEMERS

Lenings aan direkteure, beamptes en werknemers sal apart van alle ander bates aangegee word ten einde 'n ware en redelike weergawe van die aard daarvan te verstrek.<sup>3)</sup>

In die geval van lenings aan direkteure en beamptes, uitgesonderd lenings onder sekere omstandighede,<sup>4)</sup> moet die volgende besonderhede aangegee word:

(a) Die bedrag aan lenings wat gedurende die tydperk waarop die rekenings betrekking het, deur die maatskappy aan 'n direkteur of beampte van die maatskappy toegestaan is, met inbegrip van sodanige lenings wat gedurende daardie tydperk terugbetaal is; en

(b) /..

1) Ibid., par. 5 (2) (c).

2) Ibid., par. 4 (2).

3) Ibid.

4) Maatskappywet van 1926, art. 90sext. (2).

(b) die bedrag aan lenings wat te eniger tyd voor die gemelde tydperk toegestaan is, en wat by die verstryking daarvan nog nie terugbetaal is nie.<sup>1)</sup>

#### 3.1.1.3.5 UITGESTELDE UITGAWES

Uitgestelde uitgawes sal apart van al die ander bates in die balansstaat van 'n maatskappy, aangevoer word; met 'n genoegsame beskrywing daarvan sodat dit 'n ware en redelike weergawe van die aard daarvan verstrek.<sup>2)</sup>

Hierdie item sal bestaan uit bedrae wat betaal is vir goedere of dienste wat reeds gelewer is, maar waarvan verwag word dat dit eers in die toekoms inkomste sal lewer, byvoorbeeld bedrae spandeer aan groot advertensieveldtogene en/of uitgawes in verband met eksperimentele werk.

#### 3.1.1.4 BELEGGINGS IN FILIALE

Die bedrag van die bates van 'n maatskappy wat bestaan uit aandele in, of bedrae verskuldig deur 'n filiaalmaatskappy, moet apart van al die ander bates in die balansstaat van die maatskappy, aangegee word; met onderskeid tussen aandele en skuld.<sup>3)</sup>

#### 3.1.1.5 ONTASBARE BATES

Ontasbare bates is, soos die naam daarvan aandui, in die eerste instansie bates wat nie fisies waarneembaar is nie/...

1) Ibid., art. 90sext. (1).

+ 2) Agste bylae, op. cit., par. 4(2).

3) Ibid., par. 15(2).

nie en in die tweede instansie, bates wat nie in die gewone loop van die besigheid te gelde gemaak kan word nie, maar slegs gerealiseer kan word, indien die hele onderneming as 'n lopende saak verkoop word.

Die volgende ontasbare bates, vir sover dit nie afgeskryf is nie, moet in terme van die bepalings van die Maatskappywet afsonderlik aangetoon word en sal volgens rekeningkundige gebruik onder die hoofgroepering "Ontasbare bates" apart van alle ander bates aangetoon word:

- (a) Klandisiewaarde. <sup>1)</sup>
- (b) Patentbriewe. <sup>2)</sup>
- (c) Handelsmerke. <sup>3)</sup>
- (d) Voorlopige koste. <sup>4)</sup>
- (e) Uitgifte koste van aandele en obligasies. <sup>5)</sup>
- (f) Kommissieloon betaal ten opsigte van aandele en obligasies. <sup>6)</sup>
- (g) Korting toegestaan ten opsigte van obligasies. <sup>7)</sup>
- (h) Korting wat op enige uitgifte van aandele benede pari toegestaan is. <sup>8)</sup>

### 3.1.2 /...

---

- 1) Ibid., par. 8 (1)(b).
- 2) Ibid.
- 3) Ibid.
- 4) Ibid., par. 3(a).
- 5) Ibid., par. 3(b).
- 6) Ibid., par. 3(c).
- 7) Ibid., par. 3(d).
- 8) Ibid., par. 3(e).

### 3.1.2 LASTE

Die laste van 'n onderneming is die bedrae wat die onderneming aan buitepartye of derde persone verskuldig is en verteenwoordig die belang van die krediteure in die bates van die onderneming tot op die tydstip dat dit betaal is.<sup>1)</sup>

Volgens rekeningkundige gebruik en die bepalings van die Maatskappywet, kan die volgende hoofgroepering van die laste van 'n maatskappy gemaak word:

- (a) Bedrae verskuldig aan filiaal-maatskappye.
- (b) Bedrae verskuldig aan 'n kontroolerende maatskappy en/of mede-filiale.
- (c) Langtermynverpligte.
- (d) Korttermynverpligte of bedryfslaste.

Verder bepaal die Maatskappywet dat die skulde van 'n maatskappy ingedeel moet word onder hoofde wat geskik is vir die maatskappy se besigheid.<sup>2)</sup>

#### 3.1.2.1 BEDRAE VERSKULDIG AAN FILIAAL-MAATSAPPYE

Die totale bedrag van 'n maatskappy se skuld aan sy filiaal-maatskappy moet apart van al sy ander laste aangegee word.<sup>3)</sup>

#### 3.1.2.2 /...

1) Vgl. Easton & Newton, op. cit., p. 7.

2) Agste bylae, op. cit., par. 4(1).

3) Ibid., par. 15(2).

### 3.1.2.2 BEDRAE VERSKULDIG AAN KONTROLERENDE EN MEDE-FILIAALMAATSKAPPYE

Die balansstaat van 'n maatskappy wat 'n filiaalmaatskappy van 'n ander maatskappy is, moet, onverskillig of dit self 'n kontrollerende maatskappy is, die totale bedrag aangee van sy skuld aan alle maatskappye waarvan dit 'n filiaalmaatskappy of 'n mede-filiaalmaatskappy is; met onderskeid tussen skuld ten opsigte van obligasies en ander skuld.<sup>1)</sup>

### 3.1.2.3 LANGTERMYNVERPLIGTINGE

Die langtermynverpligtinge van 'n maatskappy is daardie skulde waarvan die vervaldatum of datum van terugbetaling, ten minste een jaar na die datum van die balansstaat is waarop dit voorkom.<sup>2)</sup>

Die volgende langtermynlaste kan gewoonlik voorkom:

- (a) Obligasies.
- (b) Langtermynlenings.

#### 3.1.2.3.1 OBLIGASIES

Die obligasies van 'n maatskappy is die skuld ten opsigte waarvan daar 'n behoorlike opgestelde en geseeëldde erkenning van skuld bestaan; genoem die obligasiestrakte, en wat onder andere bepalings bevat oor die betaling /...

1) Ibid., par. 16(1).

2) Vgl. Langhout, op. cit., p. 9 en Kennedy R.D. McMullen S.Y., Financial Statements: Form, Analysis, and Interpretation, 3rd ed., Homewood, Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1957, p. 104.

betaling van rente, terugbetaling van die hoofsom en sekuriteit, indien enige, ter versekering van die skuld. Gewoonlik word daar by die uitgifte van die obligasies 'n trustee benoem wat ten behoeve van al die obligasiehouers optree en toesien dat die bepalings van die trustakte nagekom word.

#### 3.1.2.3.2 LANGTERMYNLENINGS

Slegs lenings wat voldoen aan die vereiste wat hierbo vir langtermynverpligtinge gestel is, moet afsonderlik onder langtermynverpligtinge aangetoon word. Indien 'n lening binne die eersvolgende finansiële jaar afgelos moet word, behoort dit afsonderlik onder korttermynverpligtinge aangegee te word.

#### 3.1.2.4 KORTTERMYNVERPLIGTINGE OF BEDRYFSLASTE

Bedryfslaste is daardie laste van 'n onderneming wat in die gewone loop van sake ontstaan <sup>1)</sup> en wat gereeld in die gewone loop van sake binne 'n relatiewe kort periode, gewoonlik binne twaalf maande, betaal moet word. <sup>2)</sup>

Kennedy en McMullen beskryf 'n bedryfslas as: "an obligation that normally will require, within approximately one year of the balance sheet date, the use of current assets or the creation of other current liabilities." <sup>3)</sup>

Die /...

1) Vgl. Foulke, op. cit., p. 96.

2) Vgl. Langhout, op. cit., p. 9.

3) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 98.

Die volgende items sal gewoonlik as bedryfslaste gegroepeer word:

- (a) Oortrokke bankrekenings.
- (b) Handelskrediteure en betaalwissels.
- (c) Dividende verklaar of aanbeveel.
- (d) Ander laste wat voldoen aan die definisie van bedryfslaste.

#### 3.1.2.4.1 OORTROKKE BANKREKENINGS

Die totale bedrag van banklenings en -oortrekkings moet afsonderlik in die balansstaat van 'n maatskappy aangegee word.<sup>1)</sup> Dit is ook rekeningkundige gebruik dat banklenings en -oortrekkings ten opsigte van elke bankinstelling afsonderlik aangetoon word.

#### 3.1.2.4.2 HANDELSKREDITEURE EN BETAALWISSELS

Alhoewel die bedrae verskuldig ten opsigte van handelskrediteure en betaalwissels meestal slegs as een bedrag in die balansstaat aangetoon word, is dit wenslik dat die bedrae elkeen afsonderlik aangetoon word, aangesien die termyn vir die betaling van betaalwissels gewoonlik langer is as vir handelskrediteure waar daar op ope-rekening gekoop word.

#### 3.1.2.4.3 /...

1) Agste bylae, op. cit., par. 8(1)(d).

### 3.1.2.4.3 DIVIDENDE VERKLAAR OF AANBEVEEL

Die totale bedrag wat vir verdeling van winste bywyse van 'n dividend verklaar is of aanbeveel word, maar wat nog nie betaal is nie, moet as 'n afsonderlike hoof aangegee word. <sup>1)</sup>

### 3.1.2.4.4 ANDER BEDRYFSLASTE

Ander laste wat voldoen aan die definisie van bedryfslaste en wat as sodanig elkeen afsonderlik aangetoon sal word, kan bestaan uit:

- (a) Oorskot van voorsienings vir belasting bo vooruitbetaalde belasting (voorlopige betalings).
- (b) Opgelope uitgawes - byvoorbeeld bedrae verskuldig ten opsigte van lone waar die balansstaatdatum tussen twee loonbetaaldatums val.
- (c) Nie-handelskrediteure.
- (d) Lenings op korttermyn of lenings waarvan die delgingsdatum binne een jaar vanaf die balansstaatdatum is.

### 3.1.3 AANDEELHOUERSBELANG

Die aandeelhouersbelang verteenwoordig die bydrae van die aandeelhouers (eienaars) tot die bates van die maatskappy en is uit die oogpunt van die maatskappy die bedrag, wat ingeval van likwidasie, aan die aandeelhouers verskuldig is /...

1) Ibid., par. 8(1)(e).

is nadat alle bates te gelde gemaak is en alle verpligtinge teenoor derdepartye nagekom is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sekere aandeelhouers slegs 'n beperkte belang in hierdie oorskotbedrag kan hê. <sup>1)</sup>

Langhout definieer die aandeelhouersbelang soos volg: "In its broadest sense the holders of 'the equity' are the persons who are entitled to the residual profits of an undertaking after the fixed interest-bearing capital has been remunerated and who, conversely, bear the risk of suffering the penalties of unprofitable operations." <sup>2)</sup>

Hierdie belang van die aandeelhouers of eienaars in die bates van die maatskappy kan op twee maniere ontstaan naamlik:

- (a) Die geïnvesteerde belang - "represents ownership claims equal to the valuation of assets invested by the owners." <sup>3)</sup>
- (b) Die verdiende belang - "is a valuation of the ownership interest that has resulted from profitable operations. It is equal to the amount of assets acquired through operations, less the sum of costs expired and assets distributed to the owners." <sup>4)</sup>

Die /...

1) Vide infra, p. 47-8.

2) Langhout, op. cit., p. 12.

3) Easton & Newton, op. cit., p. 8.

4) Ibid.

Die volgende hoofindeling kan dus ten opsigte van die aandeelhouersbelang in die balansstaat van 'n maatskappy gemaak word:

- (a) Aandelekapitaal (geinvesteerde belang).
- (b) Surplusse (verdiende belang).

Die aandelekapitaal kan egter verder onderverdeel word in die verskillende soorte aandele wat in elke geval gemagtig en/of uitgereik is, terwyl die surplusse onderverdeel kan word in kapitaalreserwes en in inkomstereserwes en wat elkeen weer verder onderverdeel kan word na lang van die oorsprong daarvan.

### 3.1.3.1 AANDELEKAPITAAL

Die volgende besonderhede moet ten opsigte van die aandelekapitaal in die balansstaat van 'n maatskappy aangegee word:

- (a) Die soorte aandele waarin die goedgekeurde kapitaal verdeel is en die bedrag aan kapitaal wat by elke soort betrokke is.<sup>1)</sup>
- (b) Die bedrag van die uitgereikte kapitaal ten opsigte van elke soort aandeel.<sup>2)</sup>

Die volgende soorte aandele kan deur 'n maatskappy uitgereik word:

(a) /...

1) Agste bylae, op. cit., par. 2(a).

2) Ibid., par. 2(b).

(a) Gewone aandele: Die houers van gewone aandele het nie enige voorkeur met betrekking tot die betaling van dividende of die terugbetaling van kapitaal ingeval van likwidasie nie. Daar kan onderskei word tussen die volgende soorte gewone aandele:

(i) Gewone aandele sonder enige beperking:

Hierdie klas gewone aandele word die meeste aangetref en word slegs gewone aandele genoem.

Daar is geen beperking op die persentasie dividende wat op die aandele verklaar kan word nie of die stemreg van die aandele nie.

(ii) Gewone aandele met uitgestelde dividendregte:

Hierdie klas gewone aandele kan onderhewig wees aan enige van die volgende dividend beperkings:

- (1) Hulle kan eers geregtig op 'n dividend word nadat die ander gewone aandele 'n sekere persentasie dividend ontvang het.
- (2) Hulle kan eers geregtig op 'n dividend word na verloop van 'n vasgestelde periode sedert die uitgifte daarvan.

(iii) Gewone aandele met 'n beperking van stemreg:

Die Maatskappywet verbied die uitgifte van aandele sonder stemreg.<sup>1)</sup> Aandele sonder stemreg kan egter wel voorkom indien sulke aandele uitgereik is /...

1) Die Maatskappywet van 1926, Art. 62 quat.

is voor 1 Januarie 1953.<sup>1)</sup>

(b) Voorkeuraandele: Voorkeuraandeelhouers kan voorkeur geniet ten opsigte van of die betaling van dividende teen 'n vasgestelde koers of die terugbetaling van hulle kapitaal in geval van likwidasie; of voorkeur geniet ten opsigte van beide, bo die gewone aandeelhouers. Daar kan egter beperkinge op die stemreg van voorkeuraandeelhouers geplaas word, byvoorbeeld dat hulle slegs stemreg besit wanneer daar in 'n betrokke jaar geen dividende aan hulle betaal word nie. Daar kan verder onderskei word tussen die volgende soorte voorkeuraandele:

(i) Nie-kumulatiewe voorkeuraandele:

Houers van hierdie aandele het slegs voorkeur bo die gewone aandeelhouers by die verdeling van die wins vir elke jaar.

(ii) Kumulatiewe voorkeuraandele: Houers van hierdie aandele behou hulle voorkeurreg op die winste van jaar tot jaar. Indien daar dus in 'n betrokke jaar om een of ander rede nie 'n dividend op kumulatiewe voorkeuraandele betaal word nie, geniet hulle ook voorkeur in die daaropvolgende jare ten opsigte van die agterstallige dividende.

(iii) /...

1) Ibid., Art. 62 quat 6(a).

- (iii) Omskepbare voorkeuraandele: Houers van hierdie aandele het die reg om na verloop van 'n bepaalde periode hulle aandele teen 'n bepaalde koers in gewone aandele te omskep.
- (iv) Aflosbare voorkeuraandele: Hierdie aandele word na verloop van 'n vasgestelde periode teen 'n vasgestelde bedrag afgelos.
- (v) Winsdclende voorkeuraandele: Houers van die aandele is geregtig om bo en behalwe die vaste persentasie voorkeurdividend ook te deel in die oorblywende verdeelbare wins. Hulle kan byvoorbeeld die reg hê om gelykop met gewone aandeelhouers in die restant van die verdeelbare wins te deel of om te deel in die restant van die winste eers nadat 'n sekere persentasie dividend aan gewone aandeelhouers betaal is.
- (c) Oprigters-, promotors- of bestuursaandele:  
 Hierdie aandele word uitgereik as ten volle opbetaal vir 'n teenprestasie anders as in kontant en gewoonlik as vergoeding aan die promotors vir dienste gelewer by die oprigting van die maatskappy. Hierdie aandele kan onderhewig wees aan die volgende beperkings:
- (i) Hulle kan eers in aanmerking kom vir 'n dividend nadat 'n voorgeskrewe minimum dividend aan gewone aandeelhouers betaal is. (ii) /...

(ii) Gedurende 'n periode van ses maande vanaf registrasie van die maatskappy (behalwe in die geval van 'n privaatmaatskappy) is geen oordrag van of kontrak om die aandele oor te dra of te verkoop, geldig nie.<sup>1)</sup>

Oprigers-, promotors- of bestuursaandele moet duidelik as sodanig, vir 'n tydperk van ses maande na registrasie van die maatskappy, op die aandelesertifikaat aangedui word.<sup>2)</sup>

### 3.1.3.2 SURPLUSSE

Die totale kapitaalreserwe- en inkomstereserwebedrae moet onderskeidelik onder afsonderlike hoofde aangegee word.<sup>3)</sup>

#### 3.1.3.2.1 KAPITAALRESERWES OF -SURPLUSSE

Die kapitaalreserwes van 'n maatskappy is dié deel van die verdiende belang van die aandeelhouersbelang wat nie vrylik vir verdeling onder die aandeelhouers deur middel van die wins-en-verliesrekening beskikbaar is nie.<sup>4)</sup>

Kapitaalreserwes kan onderskei word tussen:

(a) /...

1) Ibid., Art. 28.

2) Ibid., Art. 23 (2).

3) Agste bylae, op. cit., par. 6.

4) Vgl. Ibid., par. 26 (1).

- (a) Kapitaalreserwes wat volgens die bepalings van die Maatskappywet nie beskikbaar is vir verdeling onder die aandeelhouers nie en wat ons dus statutêre kapitaalreserwes kan noem.
- (b) Ander kapitaalreserwes wat deur die maatskappy self geskep kan word en wat nie vrylik vir verdeling onder die aandeelhouers beskikbaar is nie, maar waarvan sommige wel onder sekere omstandighede onder aandeelhouers verdeel mag word.

Hierdie onderskeiding of groepeering van kapitaalreserwes word egter selde in die balansstate van maatskappye aangetref.

#### 3.1.3.2.1.1 STATUTÊRE KAPITAALRESERWES

Die kapitaalreserwes wat volgens die bepalings van die Maatskappywet geskep moet word, is:

- (a) Die aandelepremierekening: Slegs die bedrag van die aandelepremierekening wat ontstaan het na 1 Januarie 1953 en waarop artikel 86 <sup>1)</sup> van die Maatskappywet dus van toepassing is en wat as sodanig in die balansstaat onderskei moet word, <sup>1)</sup> kan as 'n statutêre kapitaalreserwe beskou word, aangesien artikel 86<sup>1)</sup> die aanwending van die aandelepremierekening beperk tot die volgende:  
 (i) /...

---

1) Ibid., par. 2(e).

- (i) Opbetaling van onuitgereikte aandele van die maatskappy wat aan lede van die maatskappy as ten volle opbetaalde bonusaandele uitgerek word.
  - (ii) Afskrywing van die voorlopige onkoste (stigtingskoste) van die maatskappy.
  - (iii) Afskrywing van die onkoste van, of die kommissieloon betaal of korting toegestaan op, 'n uitgifte van aandele of obligasies van die maatskappy.
  - (iv) Om voorsiening te maak vir die premie wat op die aflossing van aflosbare voorkeuraandele of obligasies van die maatskappy betaalbaar is.
- (b) Die kapitaalflossingsreserwe-fonds: Indien 'n maatskappy voorkeuraandele aflos uit winste wat andersins vir dividende beskikbaar sou gewees het, moet die maatskappy 'n som gelyk aan die nominale bedrag van die aandele wat afgelos is, uit sulke winste oorplaas na 'n kapitaalflossingsreserwe-fonds. Die aanwending van hierdie fonds is beperk tot die opbetaling van onuitgereikte aandele van die maatskappy wat aan lede van die maatskappy as ten volle opbetaalde bonusaandele uitgerek word. <sup>1)</sup>

3.1.3.2.1.2 / ...

---

1) Maatskappywet van 1926, Art. 43.

### 3.1.3.2.1.2 ANDER KAPITAALRESERWES

Kapitaalreserwes kan ook geskep word ingevolge die bepalings van die statute van 'n maatskappy, of ingevolge 'n besluit van die direkteure of die aandeelhouers in 'n algemene vergadering, en wat naamlik kan bepaal dat sekere winste nie vir verdeling onder aandeelhouers beskikbaar sal wees nie. Die volgende kapitaalreserwes kan in hierdie kategorie voorkom:

- (a) Winste by die verkoop van vaste bates: Indien die statute van 'n maatskappy, of 'n besluit van die direkteure of aandeelhouers dit vereis, moet winste by die verkoop van vaste bates, na 'n kapitaalreserwe oorgeplaas word. Aangesien winste van hierdie aard in elk geval nie vrylik vir verdeling beskikbaar is nie en slegs onder sekere omstandighede aan aandeelhouers uitgekeer mag word, behoort dit volgens goeie rekeningkundige gebruik, al bestaan daar nie bepalinge in die verband nie, nogtans na 'n kapitaalreserwe oorgeplaas te word.

Kapitaalreserwes wat aldus geskep is, kan as 'n reël slegs onder die volgende voorwaardes onder die aandeelhouers verdeel word:

- (i) Indien die statute dit magtig.<sup>1)</sup>
- (ii) /...

---

1) Lubbock v British Bank of South America, (1892 2Ch. 198).

- (ii) Die surplus gerealiseer is.<sup>1)</sup>
- (iii) Indien voldoende bates oorbly om die opbetaalde kapitaal in stand te hou. Daar moet met ander woorde genoegsame bates wees om alle verliese op kapitaal, of dit nou te gelde gemaak is of nie, eers goed te maak.<sup>2)</sup>
- (b) Waardevermeerdering by die herwaardering van vaste bates: Surplusse wat ontstaan het uit die herwaardering van vaste bates moet om dieselfde redes as hierbo as 'n kapitaalreserwe aangetoon word, maar is nie vir verdeling onder aandeelhouers beskikbaar nie, aangesien dit ongerealiseerde wins is.
- (c) Winst voor inkorporasie: Dit gebeur soms dat 'n maatskappy 'n besigheid oorneem vanaf 'n datum voor dat die maatskappy geregistreer is. In so 'n geval sal enige winste voor die datum van inkorporasie waarop die maatskappy geregtig mag wees, volgens erkende rekeningkundige gebruik, as 'n kapitaalreserwe beskou word, aangesien sulke winste nie beskikbaar vir verdeling is nie, omdat, soos Bigg dit stel: "the company cannot earn profits before it comes into existence."<sup>3)</sup>
- (d) /...

---

1) Foster v The New Trinidad Asphalte Co. Ltd., (1901 1Ch. 208).

2) Ibid.

3) Bigg, op. cit., p. 231.

(d) Winst op verbeurdverklaarde aandele:

Indien 'n aandeelhouer van 'n maatskappy in gebreke bly om 'n opgevorderde bedrag ten opsigte van aandele wat deur hom gehou word, te betaal op die datum vasgestel vir die betaling daarvan, kan die direkteure, indien daartoe gemagtig deur die statute van die maatskappy, die aandele verbeurdverklaar en die aandele heruitrek. Enige kontant wat reeds op sulke aandele ontvang mag wees, moet na 'n verbeurdverklaarde aandelerekening oorgedra word en as 'n kapitaalreserwe in die balansstaat aangetoon word, aangesien dit nie vir verdeling beskikbaar is nie. Indien sulke aandele heruitgereik word en die totale bedrag wat ontvang is ten opsigte van elke uitgifte meer is as die nominale waarde van die aandele, moet hierdie oorskot uit die verbeurdverklaarde aandelerekening oorgeplaas word na die aandelepremierekening en moet dit as sodanig behandel word,<sup>1)</sup>

3.1.3.2.2 INKOMSTERESERWES EN -SURPLUSSE

Die inkomstereserwes en surplusse van 'n maatskappy is dié deel van die verdiende belang van die aandeelhouersbelang wat vrylik vir verdeling onder die aandeelhouers deur middel van die wins-en-verliesrekening beskikbaar is.

Dit /...

---

1) Vgl. Ibid., p. 212.

Dit is gebruiklik dat die direkteure van 'n maatskappy magtiging besit om bedrae, wat hulle nodig mag ag, uit winste na hierdie reserwes oor te dra. Toedeling van winste na hierdie reserwes word gewoonlik gemaak om moontlike toekomstige verpligtinge na te kom of om die finansiële toestand van die maatskappy te verbeter en te versterk. Hierdie reserwes kan egter, wanneer dit nie meer benodig word nie, teruggetel word by die winste en as dividend onder die aandeelhouers verdeel word.

Die volgende is slegs 'n paar voorbeelde van inkomstereserwe en surplusse wat in die balansstaat van 'n maatskappy kan voorkom:

- (a) Algemene reserwe.
- (b) Dividendgelykmakingsreserwe.
- (c) Reserwe vir die verhoogde vervangingskoste van vaste bates.
- (d) Oormatige voorsienings vir waardevermindering of vir enige bekende skuld.<sup>1)</sup>
- (e) Aandelepremie ontvang voor 1 Januarie 1953 en waarop artikel 86quat van die Maatskappwyet dus nie van toepassing is nie.
- (f) Saldo van die onverdeelde winste.

3.1.4 /...

---

1) Agste bylae, op. cit., par. 26(2).

### 3.1.4 AANTEKENINGE OP DIE BALANSSTAAT

Die volgende bykomende inligting moet bywyse van aantekeninge op die balansstaat van 'n maatskappy aangegee word, sover dit van toepassing mag wees en indien dit nie reeds op een of ander wyse in die balansstaat self aangegee is nie:

- (a) Die wyse waarop daar vir die vervanging van vaste bates voorsiening gemaak is indien dit nie op die gebruiklike manier gedoen is nie.<sup>1)</sup>
- (b) Die totale bedrag van die voorsienings wat aldus gemaak is en nie gebruik is nie.<sup>2)</sup>
- (c) Besonderhede van 'n las op die bates ter versekering van 'n skuld van die maatskappy anders dan bywyse van regswerking, met aangifte van die skuld en die bates waardeur dit verseker is.<sup>3)</sup>
- (d) Besonderhede van 'n las op die bates ter versekering van die skuld van enige ander persoon met inbegrip van die versekerde bedrag.<sup>4)</sup>
- (e) Indien, na die mening van die direkteure, enigeen van die bedryfsbates by die verkoop in die gewone loop van die maatskappy se besigheid, op die datum van die balansstaat nie 'n waarde het wat minstens gelyk is aan /...

1) Ibid., par. 5(4)(a). en vide supra, p. 26.

2) Ibid., par. 5(4)(b).

3) Ibid., par. 9.

4) Ibid., par. 11(5).

aan die bedrag waarteen dit aangegee is nie, die feit  
dat die direkteure van daardie mening is.<sup>1)</sup>

- (f) Die vroegste datum waarop, en die prys waarteen,  
die maatskappy aflosbare voorkeuraandele kan aflos.<sup>2)</sup>
- (g) Vir sover dit inligting nie in die wins-en-verlies-  
rekening verstrek word nie, enige aandelekapitaal  
waarop rente gedurende die boekjaar uit kapitaal  
betaal is, en die koers waarteen die rente betaal  
is.<sup>3)</sup>
- (h) Die getal, beskrywing en bedrag van aandele in die  
maatskappy ten opsigte waarvan 'n persoon 'n opsie  
of 'n preferente inskrywingsreg het met besonderhede  
van die tydperk gedurende welke die opsie of reg  
uitgeoefen kan word en die prys wat vir die aandele  
betaal sal word.<sup>4)</sup>
- (i) Die bedrag van enige onuitgereikte aandelekapitaal  
waartoe die direkteure gemagtig is om dit uit te  
reik, met aangifte van die bepalings van die magti-  
ging en die tydperk waarvoor dit verleen is.<sup>5)</sup>
- (j) Die bedrag van enige agterstallige vasgestelde kumu-  
latiewe dividende op die maatskappy se aandele en  
die /...

1) Ibid., par. 11(8).

2) Ibid., par. 2(c).

3) Ibid., par. 2(d).

4) Ibid., par. 11(2).

5) Ibid., par. 11(3).

die tydperk waarvoor dit agterstallig is.<sup>1)</sup>

- (k) Tensy dit in die wins-en-verliesrekening of in 'n daarvan gehegte opgawe of staat aangegee word, die vermeerdering in die kapitaal- en inkomstereserwes en die bron waaruit die bedrag van die vermeerdering verkry is, of indien daar 'n vermindering in kapitaal- of inkomstereserwes was, die aanwending van die verskil.<sup>2)</sup>
- (l) Besonderhede van afgeloste obligasies ten opsigte waarvan die maatskappy die bevoegdheid het om dit opnuut uit te gee.<sup>3)</sup>
- (m) Indien enige van die maatskappy se obligasies deur 'n genomineerde of trustee vir die maatskappy gehou word, die nominale bedrag van die obligasies en die bedrag waarteen dit in die boeke van die maatskappy aangegee word.<sup>4)</sup>
- (n) Die algemene aard van enige moontlike las waarvoor nie voorsiening gemaak is nie en die totale bedrag of beraamde bedrag daarvan.<sup>5)</sup>
- (o) Die totale bedrag of beraamde bedrag van kontrakte vir kapitaaluitgawe vir sover daarvoor nie voor-siening gemaak is nie.<sup>6)</sup>

(p) /...

---

1) Ibid., par. 11(4).

2) Ibid., par. 7(1).

3) Ibid., par. 2(f).

4) Ibid., par. 10.

5) Ibid., par. 11(6).

6) Ibid., par. 11(7).

- (p) Die basis waarop buitelandse betaalmiddels in Suid-Afrikaanse valuta omgesit is ten opsigte van die bates en laste van die maatskappy. <sup>1)</sup>
- (q) Die ooreenstemmende bedrae aan die end van die onmiddellik voorgaande boekjaar vir alle items wat in die balansstaat aangegee word. <sup>2)</sup>
- (r) Indien 'n maatskappy (hierna genoem die kontrolierende maatskappy) filiaal-maatskappye het en groeprekenings nie voorgelê word nie, moet aan die balansstaat van die kontrolierende maatskappy 'n verklaring geheg word, waarin die volgende inligting aangegee word:
- (1) Die redes waarom die filiaal-maatskappye nie in die groeprekenings behandel word nie.
  - (2) Die totale netto bedrag van die filiaal-maatskappye se winste na aftrekking van die filiaal-maatskappye se verliese (of omgekeerd), vir sover dit die lede van die kontrolierende maatskappy raak, en nie in die rekenings van die kontrolierende maatskappy behandel word nie -
    - (i) vir die onderskeie boekjare van die filiaal-maatskappye wat gelyktydig met of gedurende die huidige boekjaar van die kontrolierende maatskappy eindig; en
    - (ii) /...

---

1) Ibid., par 11(10).

2) Ibid., par 11(11).

- (ii) vir die filiaal-maatskappye se vorige boekjare sedert hulle onderskeidelik filiaal-maatskappye van die kontrolierende maatskappy geword het.
- (3) Die totale netto bedrag van die filiaal-maatskappye se winste na aftrekking van die filiaalmaatskappye se verliese (of omgekeerd); vir sover dit wel in die rekenings van die kontrolierende maatskappy behandel word -
- (i) vir die onderskeie boekjare van die filiaal-maatskappye wat gelyktydig met of gedurende die huidige boekjaar van die kontrolierende maatskappy eindig; en
- (ii) vir die filiaal-maatskappye se vorige boekjare sedert hulle onderskeidelik filiaal-maatskappye van die kontrolierende maatskappy geword het.
- (4) Enige voorbehoud in die ouditeursverslag oor die rekenings van die filiaal-maatskappye, en enige aantekening of voorbehoud wat in die filiaalmaatskappy se rekenings vervat is; vir sover dit nie deur die kontrolierende maatskappy se eie rekenings gedek word nie, maar uit die standpunt van sy lede van belang is.<sup>1)</sup>

3.2 /...

---

1) Ibid., par. 15(4).

### 3.2 DIE WINS-EN-VERLIESREKENING EN AANVERWANTE REKENINGS

Dit moet weer eens hier beklemtoon word dat die Maatskappywet nie 'n beperking plaas op die hoeveelheid inligting wat in die wins-en-verliesrekening en aanverwante rekenings openbaar gemaak kan word nie, maar slegs sekere items spesifiseer wat afsonderlik in die rekenings aangetoon moet word, wat dus as die minimum inligting beskou moet word wat in hierdie rekening aangetoon moet word.

#### 3.2.1 DIE WINS-EN-VERLIESREKENING

Die volgende items moet afsonderlik in die wins-en-verliesrekening van 'n maatskappy aangetoon word:

- (a) Winste of verliese op aandeletransaksies.<sup>1)</sup>
- (b) Winste of verliese by die tot geldmaking van bates wat nie bedryfsbates is nie en van vaste bates en ander kapitaalbates.<sup>2)</sup>
- (c) Winste of verliese van 'n buitengewone of nie wederkerende aard.<sup>3)</sup>
- (d) Die bedrag aan inkomste uit beleggings met onderskeid tussen handelsbeleggings en ander beleggings.<sup>4)</sup>
- (e) Die bedrag wat opsy gesit is vir voorsienings, ander dan voorsienings vir waardevermindering of vernuwings van bates; of die bedrag wat onttrek is uit hierdie voorsienings en nie vir die doeleindes daarvan aangewend /...

---

1) Ibid., par. 12(1)(a).

2) Ibid., par. 12(1)(d).

3) Ibid., par. 14(5)(a).

4) Ibid., par. 12(1)(b).

gewend is nie. <sup>1)</sup>

- (f) Die bedrag van die rente op die maatskappy se obligasies en ander vaste lenings. <sup>2)</sup>
- (g) Die bedrag van die rente vir ander geleende geld. <sup>3)</sup>
- (h) Die bedrag van die besolidging van die ouditeurs, insluitende onkoste van die ouditeur wat deur die maatskappy betaal is, indien dit nie op 'n algemene vergadering vasgestel word nie. <sup>4)</sup>

### 3.2.2 DIE WINS-EN-VERLIESVERDELINGSREKENING

Die volgende items moet afsonderlik aangetoon word en sal volgens erkende rekeningkundige gebruik in die wins-en-verliesverdelingsrekening verskyn, omdat dit aanwendings van winste is en nie vasgestelde of vaste eise teen die maatskappy se winste verteenwoordig nie.

- (a) Die beraamde bedrag wat beskikbaar gestel is vir belasting, met vermelding van die aard van die belasting en die tydperke waarvoor dit beskikbaar gestel is. <sup>5)</sup>
- (b) Die bedrae wat onderskeidelik beskikbaar gestel is vir die aflossing van aandelekapitaal <sup>6)</sup> en die aflossing van lenings. <sup>7)</sup>
- (c) /...

1) Ibid., par. 12(1)(k).

2) Ibid., par. 12(1)(f).

3) Ibid., par. 12(1)(g).

4) Ibid., par. 13.

5) Ibid., par. 12(1)(h).

6) Maatskappywet van 1926, Art. 43(1)(c).

7) Agste bylae, op. cit., par. 12(1)(i).

- (c) Die bedrag wat opsy gesit is, of waaromtrent die voorneme bestaan om dit opsy te sit vir, of wat onttrek is uit inkomstereserwes.<sup>1)</sup>
- (d) Die bedrag wat opsy gesit is of wat onttrek is uit kapitaalreserwes.<sup>2)</sup>
- (e) Die totale bedrag van die betaalde of voorgestelde dividende.<sup>3)</sup>

### 3.2.3 AANTEKENINGE OP DIE WINS-EN-VERLIESREKENING

Die volgende bykomende inligting moet bywyse van aantekeninge op die wins-en-verliesrekening aangegee word, sover dit van toepassing mag wees, en indien dit nie reeds op een of ander wyse in die wins-en-verliesrekening self aangegee is nie:

- (a) Indien voorsiening vir waardevermindering of vervanging van vaste bates op 'n ander wyse gemaak is as bywyse van 'n waardeverminderaftrekking, die wyse waarop daarvoor voorsiening gemaak word, of indien daar geen voorsiening voor gemaak word nie,<sup>4)</sup> die feit dat daar geen voorsiening gemaak is nie.<sup>4)</sup>
- (b) Alle wenselike opsigte waarin die items in die wins-en-verliesrekening geraak word deur 'n verandering in die basis van boekhouding.<sup>5)</sup>
- (c) /...

---

1) Ibid., par. 12(1)(j).  
 2) Ibid., par. 7.  
 3) Ibid., par. 12(1)(c).  
 4) Ibid., par. 14(2).  
 5) Ibid., par. 14(5)(b).

- (c) Die volgende besonderhede ten opsigte van direkteursvergoeding:
- (i) Die direkteure se besoldiging ten opsigte van dienste en direkteure en ander dienste.
  - (ii) Direkteure of gewese direkteure se pensioene ten opsigte van dienste as direkteure en ander pensioene.
  - (iii) Die vergoeding, aan direkteure vir ampsverlies ten opsigte van die amp van direkteur en ander ampte, wat onderskeidelik betaal is of ontvang moet word van die maatskappy, sy filiale of enige ander persoon.

Die betalings deur filiale aan direkteure ten opsigte van (i) en (ii) moet by die totale onder elke hoof ingesluit word, maar hoef egter nie afsonderlik aangetoon te word nie. <sup>1)</sup>

- (d) Indien geen voorsiening vir belasting gemaak is nie, die rede daarvoor en die tydperke ten opsigte waarvan geen voorsiening gemaak is nie. <sup>2)</sup>
- (e) Die ooreenstemmende bedrae vir die onmiddellik voorgaande boekjaar vir alle items wat in die wins-en-verliesrekening (en aanverwante rekenings) aangegee word. <sup>3)</sup>

SAMEVATTING /...

---

1) Maatskappwyet van 1926, Art. 90oct.

2) Agste bylae, op. cit., par. 14(3).

3) Ibid., par. 14(4).

#### 4. SAMEVATTING

Ons het in hierdie hoofstuk gepoog om aan te dui waaruit rekeningkundige finansiële state bestaan en watter inligting normaalweg in die verskillende komponente van rekeningkundige finansiële state aangetref kan word. Ons het ons in hierdie stadium daarvan weerhou om 'n kritiese bespreking te voer oor die tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state, hierop word teruggekom in Hoofstuk III. In Hoofstuk V sal daar aangegetoon word watter bykomende inligting bo en behalwe die wat normaalweg in rekeningkundige finansiële state aangetref word, verlang of benodig word vir die beoordeling van beleggings.

- - - - -

## HOOFSTUK III

### DIE TEKORTKOMINGE EN BEPERKINGE VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE AS GRONDSLAG VIR DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS

#### 1. INLEIDING

Die inligting in die rekeningkundige finansiële state vorm die basis waarvolgens beleggings in ondernemings beoordeel word; tog besit hierdie rekeningkundige finansiële state, niteenstaande die voorkoms van volledigheid, presiedheid en finaliteit, sekere tekortkominge en beperkinge wat by die ontleding daarvan ingedagte gehou moet word.

Hierdie tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state ontstaan hoofsaaklik as gevolg van:

- (a) Die aard van die inligting in rekeningkundige finansiële state.
- (b) Inligting wat nie in rekeningkundige finansiële state weergegee kan word nie.
- (c) Die openbaarmaking van slegs die minimum inligting wat deur die Maatskappywet vereis word.

#### 2. DIE AARD VAN DIE INLIGATION IN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE

Artikel 99 van die Maatskappywet bepaal onder andere dat die ouditeur in sy verslag oor die balansstaat en wins-en-verliesrekening van 'n maatskappy moet sertifiseer of, na sy mening, die balansstaat 'n ware en redelike weergawe is /...

is van die stand van die maatskappy se sake aan die end van sy boekjaar en dat die wins-en-verliesrekening 'n ware en redelike weergawe gee van die wins of verlies vir sy boekjaar.

Om hierdie waarheid en redelikheid van rekeningkundige finansiële state in die regte perspektief te sien, moet die aard van die inligting wat in hierdie state aangetoon word, in gedagte gehou word. May skryf hieroor: "It seems to me fundamentally important to recognize that the accounts of a modern business are not entirely statements of fact, but are, to a large extent expressions of opinion based partly on accounting conventions, partly on assumptions, explicit or implicit, and partly on judgment." <sup>1)</sup> En die American Institute of Certified Public Accountants verklaar in dié verband: "They reflect a combination of recorded facts, accounting conventions, and personal judgments; and the judgments and conventions applied affect them materially." <sup>2)</sup>

Ons kan dus tot die gevolg trekking kom dat die absolute waarheid en redelikheid van die bedrae in die

rekeningkundige /

- 
- 1) May G.O., Twenty-five Years of Accounting Responsibility, 1911-1936, vol. II, New York, American Institute Publishing Co., Inc., 1936, p. 52, aangehaal uit Foulke, op. cit., p. 602.
  - 2) Examination of Financial Statements by Independant Public Accountants, New York, American Institute of Certified Public Accountants, 1936, p. 1, aangehaal uit Foulke, op. cit., p. 602.

rekeningkundige finansiële state, bepaal en beïnvloed word deur die te boekgestelde historiese feite, rekeningkundige gebruik en aannames en die persoonlike oordeel van sekere persone.

### 2.1 DIE ONTOEREIKENDHEID VAN DIE TE BOEKGESTELDE HISTORIESE FEITE

Die te boekstelling van finansiële transaksies is gebaseer op historiese data en die bedrag waarteen 'n transaksie in die rekeningboeke aangeteken word, word gedoen teen die werklike bedrag wat by die transaksie betrokke was, omdat soos Foulke dit stel: "When any commodity or service is acquired in the market, cost is the best available evidence of the economic value prevailing at the moment. In other words, cost at the point of acquisition expresses price, what the contracting parties consider the goods or services to be worth."<sup>1)</sup>

The Institute of Chartered Accountants in England and Wales vind regverdiging vir hierdie gebruik in die volgende redenasie: "The primary purpose of the annual accounts of a business is to present information to the proprietors, showing how their funds have been utilized and the profits derived from such use. It has long been accepted in accounting practice that a balance sheet prepared for this purpose /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 606.

purpose is an historical record and not a statement of current worth. Stated briefly its function is to show in monetary terms the capital, reserves and liabilities of a business at the date as at which it is prepared and the manner in which the total moneys representing them have been distributed over the several types of assets.

Similarly a profit and loss account is an historical record. It shows as the profit or loss the difference between the revenue for the period covered by the account and the expenditure chargeable in that period, including charges for the amortisation of capital expenditure.<sup>1)</sup>

Hierdie metode sê hulle verder: "reduces to a minimum the extent to which the accounts can be affected by personal opinions of those responsible for them."<sup>2)</sup>

Grady waarsku egter oor hierdie gebruik: "Financial statements ... have serious limitations in providing a basis for investment decisions. They are historical and based on cost, not value."<sup>3)</sup>

Hierdie rekeningkundige gebruik lewer egter probleme op, aangesien 'n geldeenheid se waarde voortdurend wissel gedurende periodes van skommelende pryspeile.

In /...

- 
- 1) The Institute of Chartered Accountants in England and Wales, Recommendation N15: Accounting in relation to changes in the purchasing power of money, London, Gee & Co. (Publishers) Ltd., 1952, p. 1.
  - 2) Ibid.
  - 3) Grady P., Inventory of Generally Accepted Accounting Principles for Business Enterprises, Accounting Research Study No. 7, New York, American Institute of Certified Public Accountants, Inc., 1965, p. 300.

In dié verband merk Sweeney tereg op: "the success of the whole system of business depends mainly upon the truthfulness of accounting. The truthfulness of accounting depends largely upon the truthfulness of the dollar - and the dollar is a liar! For it says one thing and means another."<sup>1)</sup> Ter illustrasie van hierdie bewering kan ons ook die volgende voorbeeld wat Sweeney gee, aanhaal: "Let us suppose that a man invested \$1,000 when the cost-of-living index was 100. Let it then be supposed that on a date five years later the index registered 200 and the investment amounted to \$1,500 after all income had been allowed to accumulate there-in.

According to these assumptions, therefore, this man's investment would have had to be twice as much on the later date as it had been on the date of the investment in order to have been preserved in its purchasing power over the various goods and services that make up the cost of living."<sup>2)</sup>

Hy verklaar dan verder: "The ordinary accounting data here seem to show that this man had progressed very well toward his goal. The reason is that not only did he have the same amount of ordinary capital as he had originally put in, namely, \$1,000, but also he has received income of \$500."<sup>3)</sup> Hy gaan dan voort om te sê: "Yet, at the end of /...

---

1) Sweeney H.W., Stabilized Accounting, New York, Holt, Rinehart & Wilson, Inc., 1964, p. xlivi.

2) Ibid., p. 4-5.

3) Ibid., p. 5.

of the five years, the original outlay plus all apparent increment could buy only three fourths as many of the things that he wanted as the mere original outlay itself could buy in the beginning." <sup>1)</sup>

Hierdie wisseling in die waarde van die geldeenheid het dus tot gevolg dat rekeningkundige finansiële state nie 'n ware weergawe van die finansiële toestand van 'n onderneming gee nie, aangesien die werklike waarde van die geldeenheid op die datum waarop die rekeninge opgestel is, wesenlik kan verskil van die geldeenheid se waarde wat geheers het op die datum waarop die transaksie plaasgevind het en wat in die rekeningboeke teen hierdie waarde aangegeteken is. Kennedy en McMullen sê hieroor: "both the balance sheet and the income statement reflect transactions that involve dollar values of many dates." <sup>2)</sup> Easton en Newton sien hierdie probleem so: "Transactions are recorded in dollars of varying value but are shown on the balance sheet and added as if they were of equal value." <sup>3)</sup> Ten slotte som Sweeney dié beswaar soos volg op: "in principle the figure on the ordinary balance sheet and profit and loss account are absurd because they are all scrambled together." <sup>4)</sup>

Veral /...

1) Ibid.

2) Kennedy & McMullen, op. cit., p. 7.

3) Easton & Newton, op. cit., p. 285-6.

4) Sweeney, op. cit., p. 7.

Veral by vaste bates kan hierdie wisseling in die geldwaardes wesenlike probleme oplewer. Die verskillende items wat die bedrag van vaste bates opmaak, word gewoonlik mettertyd en oor 'n relatiewe lang periode aangeskaf, met die gevolg dat bykans elke bate teen 'n verskillende geldwaarde bekom is, maar die kosprys in 'n geldeenheid aangegee word in die rekeningboeke asof die geldwaarde daarvan gelyk is.

Waar daar 'n waardedaling van die geldeenheid plaasgevind het sedert die betrokke bates verkry is, sal die waarde van die bates hoër wees as die boekwaarde daarvan. Die waarde van die bates kan egter ook toegeneem het as gevolg van vraag en aanbod. Die probleem wat hieruit ontstaan is dat daar nie met sekerheid bepaal kan word tot watter mate die waardeverhoging plaasgevind het as gevolg van vraag en aanbod faktore en tot watter mate as gevolg van die waardevermindering van die waardemaatstaf nie.

'n Verdere probleem ontstaan waar die afskrywing van waardevermindering op vaste bates, om vir die vervanging daarvan voorsiening te maak, volgens konvensionele metodes geskied en waar dié voorsienings dus gebaseer is op die historiese koste van die vaste bates. Die gevolg is dat:

- (a) Die waardevermindering wat in die wins-en-verlies-rekening afgeskryf word, uit 'n geldeenheid van verskillende waardes bestaan, afhangende van die datum waarop die vaste bate aangekoop is.

(b) /...

- (b) Die wins-en-verliesrekening as gevolg hiervan nie 'n ware en redelike weergawe gee van die wins of verlies nie, aangesien die winste byvoorbeeld in tye van inflasie, volgens du Preez: "contain an element which consists of insufficient provisions for the amortisation of fixed assets."<sup>1)</sup> Die inkomste en koste word dus met twee verskillende maatstawwe gemaat:<sup>2)</sup> inkomste volgens die huidige waarde van die geldeenheid, en koste (waardevermindering in dié geval) volgens 'n historiese waarde van die geldeenheid.
- (c) Die voorsiening wat aldus in tye van inflasie geskep word, onvoldoende mag wees vir die vervanging van hierdie bates en dus die voortbestaan van die onderneming mag bedreig.

Ook by die waardering van bedryfsbates, en veral by voorraad, lewer hierdie wisseling in die waarde van die geld eenheid probleme op. Wanneer voorraad waardeer word teen 'n waarde wat nie verband hou met die vervangingswaarde daarvan nie, vind ons in tye van inflasie dat die wins van 'n onderneming kunsmatig verhoog word deur: "The inclusion of profits which arise from 'increased selling prices' of stock on hand, without providing for the increased replacement thereof at 'inflation prices'."<sup>3)</sup>

Meij /...

---

1) Du Preez D.J., "Inflation in Relation to Financial Statements", The South African Chartered Accountant, vol. IV, p. 254.  
 2) Vgl. du Plessis, op. cit., p. 137 en vide supra, p. 17-8.  
 3) Du Preez, op. cit., p. 254.

Meij sê in die verband: "Indien de vervangingsprijs der grondstoffen hoger is dan de aanschaffingsprijs, zal men dat verschil dus in het algemeen niet als winst mogen beschouwen, althans niet als bedrijfswinst." <sup>1)</sup> Oor die uitkering van hierdie wins sê hy verder: "Uitkering zou niet plaats kunnen hebben zonder de voortzetting van het bedrijf in dezelfde omvang onmogenlik te maken." <sup>2)</sup>

Ander bedryfsbates soos debiteure en kontant op hande, en kontant by finansiële instellings, word gewoonlik nie so wesenlik geraak deur 'n wisseling in die waarde van 'n geld eenheid nie, aangesien dit of in die betrokke geldeenheid gehou word, of binne 'n redelike kort termyn in die geldeenheid omgesit kan word, wat cnmiddellik gebruik kan word; dit wil sê teen heersende pryspeile aangewend kan word. Hierdie bates wat as monetêre bates beskou kan word, word dus in die balansstaat aangetoon teen die huidige waarde of naastenby teen die huidige waarde van die geldeenheid. In tye van vinnig stygende pryspeile, waar die kontantfondse wat deur die onderneming besit word nie dadelik aangewend word nie of waar die bedryfsbate nie gou in kontant omgesit kan word nie, kan daar 'n verlies in die koopkrag van hierdie monetêre bates ontstaan, wat nie deur die rekeningkundige finansiële state weerspieël word nie.

Ons /...

---

1) Meij, op. cit., p. 58.  
2) Ibid.

Ons volstaan in dié verband met die volgende verklaaring van The Institute of Chartered Accountants in England and Wales: "During a period of rising prices a decrease occurs in the purchasing power of cash and bank balances and assets such as debts and investments carrying fixed rates of interest or dividend, but this decrease is not treated as a reduction of business profits; nor are business profits shown as being increased by the benefit derived from the fall in the burden, expressed in terms of purchasing power, of loans and other liabilities incurred before the rise in prices but payable in currency of diminished purchasing power. Moreover, the monetary cost at which stock-in-trade is charged against revenue is not sufficient, during a period of rising prices, to meet the cost of replacing the same quantity of stock; and similarly depreciation charges based on the monetary cost of fixed assets will not provide the amount required to meet the cost of replacement of those assets at higher prices if and when they need to be replaced."<sup>1)</sup>

Samevattend kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die tekortkominge en beperkinge van rekeningkundige finansiële state, wat spruit uit die rekeningkundige gebruik om historiese data te boek te stel, hoofsaaklik op die volgende neerkom:

- (a) Slegs die rekeningkundige waardes van die balansstaat-items word aangetoon. Hierdie waardes kan egter aansienlik/...

---

1) The Institute of Chartered Accountants in England and Wales, op. cit., p. 2.

sienlik verskil van die werklike waardes, uitgedruk in die heersende waarde van die geldeenheid.

- (b) Winst en verlies wat ontstaan as gevolg van wisselings in die waarde van die geldeenheid word saam met die werklike gerealiseerde handelswins aangetoon.

## 2.2 DIE AFHANLIKHEID VAN REKENINGKUNDIGE GEBRUIKE EN AANNAMES

Ons het reeds hierbo aangetoon dat een van die rekeningkundige gebruikte die te boekstelling van finansiële transaksies volgens historiese gegewens is en dat dit gebaseer is op die aanname of veronderstelling dat die geldeenheid 'n konstante waarde het.

Die rekeningkundige finansiële state skep die indruk dat dit op die datum waarop dit opgestel is, absoluut finaal is, dit wil sê dat elke finansiële jaar 'n identiteit op sigself is. Dit is egter nie die geval nie, aangesien die onderneming aaneenlopend sake doen, met die gevolg dat gebeure en transaksies gedurende een finansiële jaar die resultate in daaropvolgende jare beïnvloed. Kennedy en McMullen merk tereg op dat finansiële state "are essentially interim reports and, therefore, cannot be final because the actual gain or loss of a business can be determined only on liquidation."<sup>1)</sup> Die rekeningkundige gebruik om rekeningkundige /..

---

1) Kennedy & McMullen, op. cit., p. 6.

kundige finansiële state jaarliks op te stel word deur Myer soos volg saamgevat: "in order to supply management and others interested in the business with information regarding the success of operations and the status of the investment, the accountant makes the assumption that the continuity is broken at a certain moment of time, such as the close of business on December 31." <sup>1)</sup>

Hierdie aanname skep egter verskeie probleme wat slegs deur verdere aannames of veronderstellings opgelos kan word, byvoorbeeld:

- (a) Die afskrywing van die oorspronklike koste van vaste bates teen die winste deur middel van jaarlikse waardevermindering-afskrywings berus op 'n veronderstelde leeftyd van die betrokke bate en daar word aangeneem dat 'n sekere gedeelte van die waarde van die betrokke bate jaarliks verlore gaan in die inkomsteverdienproses. Hierdie veronderstellings en aannames kan later blyk foutief te wees.
- (b) Die onderverdeling van die leeftyd van 'n onderneming in finansiële jare het tot gevolg dat, aan die einde van elkeen van hierdie tydperke daar 'n toedeling van koste gemaak moet word tussen die voorraad op hande aan die einde van die finansiële jaar, en die goedere wat gedurende die finansiële jaar verkoop is.

Veral /...

---

1) Myer, op. cit., p. 19.

Veral die toedeling van bokoste skep probleme, aangesien die toedeling of verbesondering daarvan slegs gedoen kan word deur middel van sekere aannames en veronderstellings.

- (c) By die bepaling van die waarde van debiteure op die balansstaatdatum, word daar 'n voorsiening geskep ten opsigte van die oninvorderbaarheid van sommige bedrae. Hierdie voorsiening berus op die veronderstelling dat die betrokke debiteure nie hulle rekenings sal betaal nie en die bedrag van die voorsiening kan dus nie met sekerheid bepaal word nie.

Dit is 'n rekeningkundige gebruik om die balansstaat van 'n onderneming op te stel op basis van die aanname dat die onderneming sal bly sake doen. Oor hierdie aanname sê Myer: "This assumption is unavoidable, since the only alternative would be to assume that the enterprise is to be liquidated, which is untenable if the management has shown no intention to liquidate." <sup>1)</sup>

Die gevolg van hierdie aanname is egter dat die bates in 'n balansstaat aangetoon word teen 'n waarde wat in werklikheid aansienlik kan verskil van die bedrag waarvoor die betrokke bate verkoop kan word, indien die onderneming deur omstandighede daartoe verplig sou word. Eierman waarsku in verband met hierdie aanname: "the assumption

of /.../

---

1) Myer, op. cit., p. 20.

of continuity of existence should be a warning that for many purposes we need to adjust the figures presented by the accountant."<sup>1)</sup>

### 2.3 DIE AFHANKLIKHEID VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE VAN DIE PERSOONLIKE OORDEEL VAN SEKERE PERSONE

Die toepassing van die rekeningkundige gebruik en aannames wat in 2.2 hierbo beskryf is, is tot 'n groot mate vir die toepassing daarvan, afhanklik van die oordeel van die persoon wat verantwoordelik is vir die ingebruikstelling daarvan. Myer toon dit voortrefflik aan in die volgende woorde: "Although the procedure for stating how much of a particular expenditure is to be assigned to revenue and how much to be carried forward as an asset is governed by established conventions and postulates which have become standard accounting practice, the application of these conventions and postulates depends on the personal judgment of the accountant."<sup>2)</sup> Ook Foulke merk in dié verband op: "Even though the intentions of operating managements and of accountants are of the best, the human quality of judgment plays an unconscious part. Very different conclusions are frequently reached by perfectly honest and capable individuals on the same basis of physical facts."<sup>3)</sup>

Die /...

- 
- 1) Bierman H. Jnr., Financial Accounting Theory, New York, The Macmillan Co., 1965, p. 5.
  - 2) Myer, op. cit., p. 21.
  - 3) Foulke, op. cit., p. 616.

Die invloed wat persoonlike oordeel op die gegewens in die balansstaat en wins-en-verliesrekening kan hê, kan aan die hand van die volgende voorbeelde toegelig word:

- (a) Die afskrywing van vaste bates deur middel van voor-siening vir waardevermindering, vereis besluite ten opsigte van die lewensduur van die bate om te bepaal watter persentasie jaarliks afgeskryf gaan word, sowel as die metode van afskrywing wat gevvolg gaan word. Beide van hierdie besluite berus op die persoonlike oordeel van 'n spesifieke persoon, met die gevvolg dat sowel die waarde van die bates in die balansstaat as die bedrag vir waardevermindering wat teen die winste in berekening gebring word, daarvan afhang.
- (b) Ons het reeds aangetoon dat die waardering van voorrade op verskillende wyses kan geskied.<sup>1)</sup> Een of ander persoon in die onderneming moet egter besluit watter van die metodes in die onderneming gevvolg gaan word. Die metode wat gekies word, beïnvloed die waarde van die voorraad in die balansstaat asook die koste van verkope in die wins-en-verliesrekening en dus ook die netto wins.
- (c) Die vasstelling van die bedrag van debiteure wat moontlik oninvorderbaar mag wees, berus uitsluitlik op /...

---

1) Vide supra, p. 32-33.

*Dog geen matkruie  
verval.*

op die persoonlike oordeel en ervaring van 'n spesifieke persoon. 'n Ander persoon wat oor presies dieselfde inligting beskik sal heel waarskynlik 'n ander bedrag voorstel wat hy as oninvorderbaar beskou. Sowel die bedrag van die debiteure in die balansstaat as die bedrag wat as oninvorderbare skulde teen die wins in berekening gebring word, is dus afhanklik van persoonlike oordeel.

#### 2.4 GEVOLGTREKKING

Hoewel rekeningkundige finansiële state die belangrikste bron van inligting is waarvolgens beleggings beoordeel word, kan die inligting wat daardeur verskaf word egter nie sonder meer gebruik word nie. Daar moet altyd ingedagte gehou word dat rekeningkundige finansiële state onderworpe is aan sekere gebruiks en aanname en dat dit beïnvloed word deur persoonlike oordele.

Die suksesvolle aanwending van rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggings vereis dus 'n behoorlike begrip van die invloed wat hierdie rekeningkundige gebruiks en aannames en persoonlike oordele op die finansiële state van 'n onderneming het.

#### 3. INLIGATION WAT NIE IN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE WEERGESEE KAN WORD NIE

Hierdie beperking van rekeningkundige finansiële state word deur Kennedy en McMullen soos volg beskryf:

"financial /... .

"financial statements do not reflect many factors which affect financial conditions and operating results because they cannot be stated in terms of money. Such factors include the reputation and prestige of the company with the public, the credit rating of the company, the efficiency and loyalty of the employees, and the efficiency and integrity of the management."<sup>1)</sup>

Die faktore wat Kennedy en McMullen noem, kan die finansiële toestand en die resultate van 'n onderneming wesenlik beïnvloed en sal tot 'n mate in die rekeningkundige finansiële state van die onderneming weerspieël word. Die probleem is egter om te bepaal tot watter mate die finansiële toestand en resultate beïnvloed is deur hierdie faktore. Die waarde en invloed van bekwame en pligsgetroue bestuur en lojale en hardwerkende personeel, sal wel indirek uit die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming blyk, soos weerspieël deur sy rekeningkundige finansiële state, indien dit vergelyk word met die rekeningkundige finansiële state van 'n onderneming waar hierdie faktore nie aanwesig is nie. Nogtans kan hierdie faktore nie gemeet word in terme van monetêre waardes nie.

Hieroor sê Sir Gilbert Garnsey: "two of the most important factors in connection with any business are the quality of the management and what so often follows from it, the goodwill or may be the lack of co-operation of the employees /.../

---

1) Kennedy & McMullen, op. cit., p. 8.

employees. Few businesses run themselves, and the success or failure of any particular company is often largely dependent on the men who are running it. The manner in which accounts are presented may no doubt, at times throw some light on the character of those in control, but it is, of course, impossible to include in a balance sheet, or indeed to measure in any way the value, if any, in respect of those two factors, though the consequences of good or bad management and the co-operation or otherwise of the employees if often reflected in the financial position and in the profit and loss figures from time to time." <sup>1)</sup>

Verdere faktore wat nie met 'n monetêre maatstaf meet kan word nie, maar wat tog 'n invloed op die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming het, sluit onder meer ook die volgende in:

- (a) Die aansien wat die onderneming en sy produkte by die koperspubliek en in finansiële sirkels geniet.
- (b) Die vestigingsplek van die onderneming.
- (c) Sy mededingingsposisie in sowel die inkoops- as die verkoopsmark.

Sommige van hierdie faktore kan soms wel teen 'n beraamde waarde in die vorm van klandisiewaarde in die balansstaat van 'n onderneming verskyn, dog die werklike waarde daarvan is /...

---

1) Garnsey, G., Limitations of a Balance Sheet, London, Gee & Company (Publishers) Ltd., 1929, p. 7-8.

is onbepaalbaar vir enige onderneming. Nogtans moet hierdie faktore ingedagte gehou word deur die belegger by die beoordeling van beleggings.

#### 4. DIE OPENBAARMAKING VAN SLEGS DIE MINIMUM INLITGING WAT DEUR DIE MAATSKAAPPYWET VEREIS WORD

Ons het in Hoofstuk II aangedui watter inligting normaalweg in die balansstaat en wins-en-verliesrekening van 'n maatskappy, wat tot die beskikking van die algemene publiek gestel word, verskyn. Hierdie inligting is egter in baie opsigte onvoldoende en ontoereikend vir die beoordeling van beleggings. Daarom sal daar later aangetoon word watter addisionele inligting benodig word.

Baie maatskappye verskaf slegs die minimum inligting wat deur die Maatskappywet vereis word, tog is dit verblydend dat alhoemeeer maatskappye meer as hierdie vereiste inligting in hulle gepubliseerde state gee. Addisionele inligting kan in die rekeningkundige finansiële state self, of bywyse van grafieke en/of tabelle as aanhangsels tot die gepubliseerde state en in die direkteursverslag en/of die voorsittersrede aangetref word. Dit is dus noodsaaklik om by die beoordeling van beleggings nie slegs staat te maak op die rekeningkundige finansiële state alleen as inligtingsbron nie, maar om ook kennis te neem van die inligting wat op ander wyses tot die beskikking van die algemene publiek gestel word.

SAMEVATTING /...

## 5. SAMEVATTING

Ons het ons in hierdie hoofstuk hoofsaaklik daarmee besig gehou om die beperkinge en tekortkominge van rekeningskundige finansiële state aan te dui, sonder om 'n oplossing te probeer vind oor hoe die tekortkominge en beperkinge uitgeskakel of verminder kan word. Ons het dit hoofsaaklik gedoen omdat die oplossing van hierdie tekortkominge en beperkinge in die eerste instansie buite die bestek van hierdie skripsie val en die oplossing daarvan in die tweede instansie so omvangryk en gekompliseerd is dat dit 'n afsonderlike studie en navorsing regverdig en vereis.

Aan sommige van hierdie tekortkominge is daar al wel deeglik in die literatuur aandag geskenk en daar is al pogings aangewend om dit uit te skakel. So byvoorbeeld is die vervangingswaarde-teorie ontwerp om die ontoereikendheid van historiese feite uit die weg te ruim. Ander gebiede lê egter nog braak vir verdere navorsing en hier dink ons veral aan die moontlikheid van navorsing op die gebied van personeelwaardering.

Wat die openbaarmaking betref van slegs die minimum inligting wat deur die Maatskappywet van 1926 vereis word, kan ons in hierdie stadium net die hoop uitspreek dat met die huidige hersiening van dié Wet deeglik aandag daaraan geskenk sal word oor hoe hierdie probleem uitgeskakel of verminder kan word.

## HOOFSTUK IV

### BELEGGERS EN BELEGGINGS

#### 1. INLEIDING

Die woord "belegger" in sy ekonomiese verband omvat in sy wydste betekenis enige persoon wat geld belê.<sup>1)</sup> Die ekonomiese teorie beskou die beleggingsproses, soos Hayes dit stel: "as the transfer of savings from the flow of national income to the real capital goods considered necessary or desirable to expedite production of all goods and services."<sup>2)</sup> Hierdie besparings sê Hayes: "may accrue to either individuals or business units; as a consequence the investment of savings may either be accomplished directly or through financial intermediaries."<sup>3)</sup>

Ons beperk die betekenis van "belegger" slegs tot die tweede kategorie, naamlik tot die persone wat indirek deur middel van tussengangers hulle besparings aanwend. Hierdie groep, wat as finansiële beleggers beskou kan word, kan volgens Hayes gedefinieer word as: "individuals or institutions who commit accumulated funds to business or governmental units and these units in turn are expected to use the funds for productive purposes."<sup>4)</sup>

Uit /...

- 
- 1) Vgl. Schoonees P.C., Swanepoel C.J., Du Toit S.J., & Booysen C.M., Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965, p. 55.
  - 2) Hayes D.A., Investments: Analysis and Management, New York, The MacMillan Co., 1961, p. 3.
  - 3) Ibid.
  - 4) Ibid., p. 4.

Uit bovenoemde blyk dit ook dat beleggings die vorm kan aanneem van 'n direkte belegging in produksiemiddele of 'n indirekte belegging in produksiemiddele deur middel van 'n tussenganger. Ons beperk hierdie bespreking verder tot dié beleggings wat volgens laasgenoemde manier geskied.

Beleggings deur middel van tussengangers kan egter verder onderskei word in wat Badger en Coffmann noem "dollar investments and ownership investments."<sup>1)</sup> Die "dollar investments" definieer hulle as : "any investment that involves a contract to pay back a specific principal amount and a specified annual rate of interest."<sup>2)</sup> en "ownership investments" as beleggings "which represents corporate ownership."<sup>3)</sup> Eersgenoemde soort beleggings kan bestaan uit die belegging van fondse in spaarrekenings en op vaste deposito by finansiële instellings, beleggings in regerings- en munisipale-effekte en beleggings deur middel van lenings; terwyl laasgenoemde soort beleggings hoofsaaklik bestaan uit beleggings in aandele van maatskappye en kapitaal gestort in vennootskappe en eenmansake.

Hoewel rekeningkundige finansiële state tot 'n mindere mate gebruik word by die beoordeling van beleggings met 'n gewaarborgde kapitaalterugbetaling en 'n vaste rentekoers,  
is /...

---

1) Badger R.E. & Coffmann F.B., The Complete Guide to Investment Analysis, New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1967, p. 3.

2) Ibid., p. 3-4.

3) Ibid., p. 4.

is dit veral by die beoordeling van eienaarskapbeleggings waar rekeningkundige finansiële state 'n belangrike rol speel.

Die betekenis wat ons dus aan die woord "belegger" heg, word beperk tot die persone en instansies wat nie self die rol van entrepreneur vervul nie, maar wat hulle fondse tot die beskikking van ondernemings stel op so 'n wyse dat hulle mede-eienaars van die betrokke onderneming word. Dienooreenkomsdig beperk ons die betekenis van die woord "belegging" tot die fondse wat deur middel van tussen-gangers vir produksiedoeleindes belê word, op so 'n wyse dat dit die persoon wat die fondse belê, mede-eienaarskap van die onderneming besorg.

## 2. TIPES BELEGGERS

Die verskillende tipes beleggers kan op grond van die volgende onderskei word:

- (a) Volgens die vorm van regspersoonlikheid van die belegger.
- (b) Volgens die benadering van die belegger tot beleggings.
- (c) Volgens die behoeftes van die belegger.

### 2.1 INDELING VAN BELEGGERS VOLGENS VORM VAN REGSPERSOONLIKHEID

Die volgende indeling van beleggers kan volgens die vorm van hulle regspersoonlikheid gemaak word:

- (a) /...

- (a) Privaat individue.
- (b) Institusionele beleggers.

Die institusionele beleggers kan verder in die volgende groepe onderverdeel word:

- (i) Onderlinge fondse (groeifondse).
- (ii) Pensioen- en voorsorgsfondse.
- (iii) Versekeringsmaatskappye.
- (iv) Beleggingsklubs.
- (v) Myn- en finansieringshuise.
- (vi) Godsdiestige, opvoedkundige en ander soortgelyke organisasies.

Sowel die privaat individu as die institusionele belegger kan egter gebruik maak van sogenaamde genomineerdees of verdere tussengangers,<sup>1)</sup> byvoorbeeld van handelsbanke, trust-maatskappye en aandelemakelaars. Hulle tree dus nie self op as die koper en verkoper van beleggings nie maar laat hierdie genomineerdees dit namens hulle doen.

'n Reeks insiggewende steekproewe wat deur die Johannesburgse Effektebeurs uitgevoer is,<sup>2)</sup> toon die aktiwiteit van die verskillende groepe beleggers op dié beurs soos volg aan:

Tipe / ...

1) Engels: "intermediaries".

2) Johannesburgse Effektebeurs, Transaction Studies.

<u>Tipe belegger</u>	<u>Percentasie van die totale aantal aandele verhandel</u>		
	<u>1-5/7/1968</u>	<u>15-19/1/1968</u>	<u>16-20/1/1967</u>
Privaat individue	43.6	45.9	49.7
Institutionele beleggers	18.7	20.1	17.1
Onderlinge fondse	2.3	2.3	1.8
Pensioen- en voor-segsfondse	2.9	1.4	.8
Versekeringsmaatskappye	1.5	1.6	6.4
Beleggingsklubs	1.6	1.7	1.8
Myn- en finansieringshuise	7.7	9.6	-
Godsdienstige en opvoedkundige organisasies	-	-	.2
Ander	2.7	3.5	6.1*
Tussengangers	12.3	12.1	14.6
Lede van die Effekte-beurs	25.4 100.0 <hr/>	21.9 100.0 <hr/>	18.6 100.0 <hr/>

\* Myn- en finansieringshuise ingesluit.

Institutionele beleggers maak oor die algemeen meer intensief gebruik van rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggings as die individuele belegger, omdat hulle meestal oor behoorlik gekwalifiseerde en opgeleide personeel beskik om 'n ontleding van rekeningkundige finansiële state te doen. Die mate van gebruikmaking van rekeningkundige finansiële state deur die private individu /...

individu by die beoordeling van beleggings, hang nou saam met die kennis waaroer die individu beskik en die tyd tot sy beskikking. Meestal het die individu nog die kennis nog die tyd om 'n behoorlike beoordeling van beleggings aan die hand van die rekeningkundige finansiële state te doen.

## 2.2 INDELING VAN BELEGGINGS VOLGENS HULLE BENADERING TOT BELEGGINGS

Beleggers kan ook ingedeel word volgens hulle manier van optrede of hulle benadering tot beleggings. Bellemore maak veral in dié verband 'n interessante indeling wanneer hy skryf: "Investors can be divided into two groups: the conservative or defensive investor and the aggressive investor."<sup>1)</sup> Hy definieer dan vervolgens hierdie twee groepe soos volg: "Conservative investors desire to manage their portfolios with a minimum effort. Above all, they want peace of mind with their investments. They wish to protect their invested savings and in addition to have their grow in line with the growth of the economy..."<sup>2)</sup> "aggresive investors must be willing to devote considerable time and effort to the management of their individual portfolios. Their goal is capital gains, but they are intelligent aggressive investors, not speculators."<sup>3)</sup>

Beide /...

---

1) Bellemore D.H., The Strategic Investor, New York, Simmons-Boardman Publishing Corporation, 1963, p. v.

2) Ibid.

3) Ibid.

Beide bovenoemde groepe bekom beleggings met die doel om dit vir 'n langtermyn te hou. Die verskil lê hoofsaaklik in hulle benadering ten opsigte van beleggings. Om hulle doelstellings in elke geval te bereik, is eersgenoemde groep minder geneë as laasgenoemde groep om risiko's te aanvaar. Beleggers in beide groepe maak tot 'n groot mate gebruik van rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggingsmoontlikhede en by die instandhouding van hulle beleggingsportefeuilles. Uit die definisie wat Bellemore van die aggressiewe belegger gee, is dit duidelik dat dié groep egter meer intensief gebruik maak van rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggings.

Ons kan ook nog 'n verdere groep onderskei naamlik die spekulant. Dit is naamlik die persone wat beleggings bekom met die doel om oor 'n relatiewe korttermyn 'n wins te realiseer. Hierdie groep maak gewoonlik nie so intensief gebruik van rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggings as die konserwatiewe en aggressiewe belegger nie. Die koop en verkoop van beleggers is meestal gemotiveer deur korttermyn verwagtings wat in baie gevalle gegrond is op gerugte. Amling illustreer die verskil tussen 'n belegger en 'n spekulant deur die voorbeeld van twee persone wat op dieselfde datum dieselfde aandele teen dieselfde prys koop. Die eerste persoon motiveer sy aankoop op grond van die goeie inkomste wat die aandele lewer en 'n verwagte bevredigende groei oor die langtermyn.

Die /...

Die tweede persoon motiveer sy aankoop op grond van die verwagting dat die prys van die aandele binne dertig dae aansienlik sal styg.<sup>1)</sup> Amling kom dan tot die gevolgtrekking dat die eerste persoon 'n belegger is en die tweede persoon 'n spekulant omdat "a greater degree of risk is involved in the second transaction than in the first. Hence, there is less security of principal."<sup>2)</sup> Verder is die tweede persoon "not interested in moderate yield over a period of time nor is he interested in current income. He is interested in buying low and selling high, making a large capital gain and moving on to another security."<sup>3)</sup>

### 2.3 INDELING VAN BELEGGERS VOLGENS HULLE BEHOEFTES

Badger en Coffman klassifiseer beleggers op grond van hulle behoeftes, in die volgende groepe:<sup>4)</sup>

- (a) Die tipiese belegger (The typical investor).
- (b) Beleggers wat inkomste verlang (Investors requiring income).
- (c) Beleggers wat maksimum groei verlang. (Investors seeking maximum appreciation).
- (d) Beleggers wat belastingverligting verlang. (Investors seeking tax relief).

Badger /...

---

1) Amling F., Investments: An Introduction to Analysis and Management, Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1965, p. 3-4.

2) Ibid., p. 4.

3) Ibid.

4) Badger & Coffman, op. cit., p. 97-8.

Badger en Coffman definieer dan hierdie groepe soos volg: Die tipiese belegger "is interested in building a portfolio combining (1) securities having average income-producing qualities and moderate growth potentials with (2) stocks paying relatively low dividends but which it is hoped will demonstrate strong growth characteristics."<sup>1)</sup> Die beleggers wat inkomste verlang "are more interested in safety of income than in long-term growth."<sup>2)</sup> Beleggers wat maksimum groei verlang "would include those individuals who are willing to accept relatively high risks in search for maximum profits."<sup>3)</sup> Beleggers wat belastingverligting verlang "comprises individuals with substantial net taxable income sufficient to place them in high tax brackets."<sup>4)</sup>

Die tipiese belegger is gewoonlik op die toppunt van sy verdienvermoë en is dus nie afhanklik van die lopende inkomste van sy belegging nie en kan dus lopende inkomste op sy beleggings opoffer ten gunste van kapitaalappresiasie.

In teenstelling met die tipiese belegger, is die belegger wat inkomste verlang gewoonlik in die posisie dat hy tot 'n groot mate afhanklik is van die inkomste van sy beleggings en dus nie finansieel in staat is om lopende inkomste op te offer ten gunste van kapitaalgroei nie.

Beleggers /...

1) Ibid., p. 97.

2) Ibid., p. 98.

3) Ibid.

4) Ibid.

Beleggers wat maksimum groei beoog, is gewoonlik die persone wat redelik welaaf is en wat verseker is van ander inkomstebonne. Die belegger in dié groep is bereid, en kan dit bekostig, om die nodige risiko te loop in die bereiking van sy doelwit, naamlik maksimum kapitaalapresiasie.

Onder ons huidige belastingwetgewing geniet persone 'n vrystelling van belasting op dividende wat wissel van 100% in die geval van 'n persoon wie se totale belasbare inkomste (ingesluit die totale bedrag van dividende) minder as R2,600 is en tot 33½% in die geval van 'n persoon wie se totale belasbare inkomste meer as R4,600 is.<sup>1)</sup>

### 3. SOORTE BELEGGINGS

Soos reeds in die inleiding van hierdie hoofstuk genoem is, bepaal ons hierdie bespreking slegs tot die soorte beleggings wat die belegger mede-eienaarskap van die instansie waarin hy belê, besorg. Hierdie belegging kan egter verder soos volg ingedeel word.

- (a) Volgens die aanspreeklikheid van die belegger.
- (b) Volgens die aard van die onderneming.
- (c) Volgens die beleggingskenmerke van die belegging.

#### 3.1 INDELING VAN BELEGGINGS VOLGENS DIE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE BELEGGER

Die volgende onderskeiding van beleggings kan gemaak word / ...

---

1) Die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet Nr. 58 van 1962) soos gewysig, Art. 11(3)bis(c).

word volgens die aanspreeklikheid van die belegger:

- (a) Beleggings met onbeperkte aanspreeklikheid.
- (b) Beleggings met beperkte aanspreeklikheid.

Onder eersgenoemde val beleggings in eenmansake en vennootskappe. Beleggings in hierdie ondernemingsvorme het die kenmerke dat:

- (i) Die belegger ook aanspreeklik is vir die onderneming se skulde en verpligte, aangesien hierdie ondernemingsvorme nie selfstandige regspersoonlikheid het nie.
- (ii) Daar in die geval van 'n vennootskap by die afsterwe, insolvensie of uittrede van 'n venoot 'n einde aan die vennootskap kom.
- (iii) Die funksie van belegger en bestuur gewoonlik nie geskei is nie.

In die geval van eenmansake is die belegger, met ander woorde die eienaar, ook die bestuur van die onderneming en reël hy die sake van die onderneming na sy eie goeddunke. In die geval van vennootskappe bestaan daar gewoonlik 'n vennootskapsooreenkoms waarin die magte en pligte van die vennote (dit wil sê die onderskeie beleggers) uiteengesit word. Beleggings in hierdie ondernemingsvorm geskied op 'n intieme vlak en het 'n persoonlike aard, met ander woorde die persone ken mekaar en besluit saam oor die aktiwiteite van die vennootskap.

Beleggings /...

Beleggings met beperkte aanspreeklikheid is beleggings wat in die aandele van maatskappye gemaak is en besit die volgende kenmerke:

- (i) Die belegger staan heeltemal onafhanklik van die onderneming en kan nie vir die skulde of verpligte van die onderneming aanspreeklik gehou word nie.
- (ii) Die onderneming en dus die belegging loop nie ten einde wanneer een van die mede-eienaars afsterwe, insolvent raak of sy belang in die onderneming verkoop nie.
- (iii) Die funksie van belegger en bestuur is meestal geskei (veral by publieke maatskappye) en is gesetel in verskillende persone of groepe persone.

Mede-eienaarskap word in 'n maatskappy verkry deur die aandele van die maatskappy te besit. Die bewys van eienaarskap is die aandelesertifikaat wat gewoonlik onder andere die volgende besonderhede bevat:

- (i) Die naam van die maatskappy en sy geregistreerde adres.
- (ii) Die soort aandele waarvoor die sertifikaat uitgereik is en die nominale waarde van die aandele.
- (iii) Die geregistreerde houer van die aandele en sy adres.
- (iv) Die hoeveelheid aandele wat deur die geregistreerde houer besit word.

In teenstelling met oorsese gebruik, en veral in Amerika, moet alle aandele van maatskappye wat in Suid-Afrika geregistreer /...

geregistreer is 'n pari- of nominale waarde hê. Die Maatskappywet bepaal dat die bedrag van die aandelekapitaal waarmee die maatskappy voornemens is om geregistreer te word en die verdeling daarvan in aandele van 'n bepaalde bedrag, in die akte van oprigting van die maatskappy vermeld moet word.<sup>1)</sup> Cilliers en Benade maak hieruit die volgende afleiding: "Die vereiste dat die gemagtigde kapitaal verdeel moet wees in aandele van 'n bepaalde bedrag bring mee dat aandele sonder pari-waarde uitgesluit word."<sup>2)</sup> Die pari-waarde van 'n aandeel besit egter geen aanduiding van die werklike waarde van die aandeel nie, aangesien soos Prime dit stel: "it bears no relationship to the market price."<sup>3)</sup> "The market price of a stock is influenced primarily by earnings."<sup>4)</sup>

Soos reeds in Hoofstuk II aangedui, kan aandele in 'n maatskappy verdeel word in gewone en voorkeuraandele.<sup>5)</sup> Dienooreenkomsdig kan eienaarskapbeleggings in maatskappye ingedeel word in beleggings in gewone aandele en in voorkeuraandele. Vervolgens sal ons die kenmerke en die voor-en nadadele van elkeen van hierdie beleggingsmedia bespreek.

#### (a) Gewone aandele

Die belegger wat in gewone aandele belê, word 'n mede-eienaar /...

1) Maatskappywet van 1926, soos gewysig, Art. 6(1)(a)(v).

2) Cilliers H.S. en Benade M.L., Maatskappyreg, Durban, Butterworths, 1968, p. 108.

3) Prime J.H., Investment Analysis, Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, Inc., 1959, p. 33.

4) Ibid.

5) Vide supra, p. 45 et seqq.

mede-eienaar van die maatskappy. In teenstelling met voorkeuraandeelhouers wat 'n beperkte belang in die maatskappy het, is gewone aandeelhouers se eienaarskap, onbeperk. Jordan en Dougall sê in dié verband:

"Common stock represents the basic ownership of the company." <sup>1)</sup> Ook Prime sê dat: "Common stock represents the basic ownership of the corporation." <sup>2)</sup>

Hierdie onbeperkte eienaarskap word verkry deur dat die belegger in gewone aandele, bereid is om die risiko te aanvaar wat hierdie soort belegging meebring.

Dowrie, Fuller en Calkins stel dit so: "the equity is the ownership with all the risks and opportunities for profit which this implies." <sup>3)</sup> en verder:

"Equities have an unrestricted right to income, as declared by the directors as representatives of the owners, or to asset values in the case of liquidation, subject to the payment of all prior claims. Control of the enterprise is given over to these risk takers." <sup>4)</sup>

Uit die laaste aanhaling blyk dit ook dat die risiko wat gewone aandeelhouers dra, op twee maniere ontstaan, naamlik risiko ten opsigte van inkomste, aangesien die belegger in gewone aandele eers geregtig

raak /...

1) Jordan D.F., & Dougall H.E., Investments, 7th ed., Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1965, p. 92.

2) Prime, op. cit., p. 41.

3) Dowrie W.D., Fuller D.R., & Calkins F.J., Investments, 3rd ed., New York, John Wiley & Sons, Inc., 1961, p. 38.

4) Ibid.

raak op die restant van die verdeelbare wins nadat alle ander eise vergoed is, en risiko ten opsigte van kapitaal, aangesien by die likwidasie van die maatskappy alle ander partye eers vergoed moet word voordat die gewone aandeelhouer geregtig is om in die restant van die bates te deel. Amling merk hieroor op: "Common stock is an ownership security. In reality, it guarantees nothing to the owner except the right to share in the earnings whatever the earnings might be."<sup>1)</sup> en "the stockholder as a residual owner in the company must share the losses as well as the profits."<sup>2)</sup>

Samevattend kan ons dus beleggings in gewone aandele beskrywe as daardie belegging in 'n maatskappy wat die belegger 'n onbeperkte eienaarskap van die onderneming besorg. As onbeperkte eienaar dra hierdie belegger al die risiko's wat met die onderneming gepaard gaan, maar "As die persone wat die grootste risiko dra kom die grootste potensiële voordele die gewone aandeelhouers toe."<sup>3)</sup>

Uit hierdie kenmerke van gewone aandele, spruit dan ook die voor- en nadele daarvan as beleggingsmedium. Die volgende kan as die vernaamste voordele beskou word:

(i) /...

---

1) Amling, op. cit., p. 120.

2) Ibid.

3) Cilliers & Benade, op. cit., p. 115.

(i) Gedurende tye van inflasie en stygende pryspeile, kan beleggings in gewone aandele dien as dekking - aangesien hulle waarde toeneem namate daar 'n daling in die waarde van die geldeenheid voorkom; ook die inkomste wat hierdie soort belegging verdien, vermeerder gewoonlik in sulke tye aangesien die dividend op gewone aandele nie beperk word tot 'n vasgestelde bedrag nie.

Pickett en Ketchum stel dit soos volg: "For periods of rising commodity prices the advantages of common stocks over fixed income securities are well established. The tendency for all property of the corporation to increase in value when prices are rising, the gain in inventory values, and the wider profit margins contribute to the superiority of common stocks."<sup>1)</sup> en "Though common stocks may not provide a perfect hedge against inflation, they offer more effective protection than fixed income securities."<sup>2)</sup> Ook Dowrie, Fuller en Calkins laat hulle soos volg hieroor uit: "In periods of rising prices, when purchasing power of fixed sums received on senior securities declines, larger dividends are usually distributed to owners of common stocks."<sup>3)</sup> en : "they generally offer more than the limited return received on senior securities and, too, may offer a chance for appreciation over periods /... ."

- 
- 1) Pickett R.R. & Ketchum M.D., Investment Principles and Policy New York, Harper & Brothers, 1954, p. 437.
- 2) Ibid., p. 437-8.
- 3) Dowrie, Fuller & Calkins, op. cit., p. 41.

periods of time."<sup>1)</sup>

- (ii) Aangesien die gewone aandele die risikodraende kapitaal van 'n maatskappy verteenwoordig, verskaf 'n belegging hierin normaalweg 'n hoër opbrengs as by voorkeuraandele waar die risiko ten opsigte van sowel die kapitaal as die inkomste nie so groot is nie. In geval van groot publieke maatskappye met 'n gesonde finansiële toestand en gereelde winste, is hierdie risiko ten opsigte van gewone aandele slegs van teoretiese aard. Hierdie hoër opbrengs wat op gewone aandele ontvang kan word, is dan ook 'n belangrike bydraende faktor vir die gewildheid van hierdie beleggingsmedium. Hieroor sê Pickett en Ketchum: "The higher return on common stock has been an important factor in their appeal to investors."<sup>2)</sup>

- (iii) Dit is normale praktyk dat 'n maatskappy slegs 'n deelte van sy wins aan aandeelhouers uitkeer. Aangesien gewone aandeelhouers die residuele eisers van die maatskappy is, gaan hierdie onuitgekeerde wins egter nie vir hulle verlore nie en geniet hulle die verdere voordeel dat die maatskappy deur die herbelegging van hierdie wins, sy winsgewendheid kan verhoog. In dié verband skryf Pickett en Ketchum: "The remainder is /...

1) Ibid.

2) Pickett & Ketchum, op. cit., p. 437.

is reinvested, thus increasing the equity of the common stockholder." <sup>1)</sup> en : "If the company is able to maintain the same overall rate of earnings the effect of reinvestment is to enlarge the base on which this rate is realized." <sup>2)</sup> Ook Hayes skryf in dié verband "it was found that common stocks enjoyed a long-term appreciation which was not available to the holder of bonds or preferreds. The source of the appreciation was held to be a growing earnings capacity of the majority of companies arising out of the profitable re-investment of that portion of current earnings not distributed in dividends." <sup>3)</sup>

Aan die anderkant het gewone aandele die volgende nadelen as 'n beleggingsmedium:

- (i) Omdat gewone aandeelhouers slegs geregtig is om in die winste en in die oorskot van bates in geval van likwidasie te deel, nadat alle ander partye se eise vergoed is, is die risiko verbonde aan die soort belegging hoër as die van ander beleggingsmedia wat voorkeur ten opsigte van winste en kapitaal geniet. Amling merk in die verband op: "When we buy common stock, we have no guarantee that the dividend will remain fixed or that the dividend will be paid." <sup>4)</sup> "We /...

---

1) Ibid., p. 435.

2) Ibid.

3) Hayes, op. cit., p. 36.

4) Amling, op. cit., p. 146.

"We might lose both principal and current income." <sup>1)</sup>

- (ii) Uit hierdie onsekere en onstabiele inkomste waaraan gewone aandele onderhewig is, spruit 'n verdere nadeel, naamlik dat dit meer onderhewig is aan prysfluktuasies as vasteinkomste-beleggings. Omdat die toekomstige inkomste onseker is, is ook die toekomstige pryse van die aandele onseker. Hieroor sê Amling: "Since income is unstable and uncertain, the price will fluctuate widely." <sup>2)</sup> Die pryse van gewone aandele van maatskappye waarvan die wins onderhewig is aan groot skommelinge, sal gewoonlik dienooreenkomsdig wissel, terwyl die pryse van gewone aandele in maatskappye waarvan die wins redelik stabiel is, nie aan sulke uiterste wisselings onderhewig sal wees nie.
- (iii) Jordan en Dougall som 'n verdere nadeel van gewone aandele soos volg op: "common stocks suffer the double handicap of being subject, in varying degree, to the vicissitudes of the business cycle and to the adverse influences of industrial trends. In periods of prosperity, when earnings are good, dividends are regular and the price action if favorable; but in periods of depression when earnings are poor, dividends may be irregular, prices decline and the situation of the stockholder /..."

1) Ibid.

2) Ibid.

stockholder is unenviable!"<sup>1)</sup> In teenstelling met vasteinkomste-beleggings is gewone aandele wat sowel inkomste as kapitaal betref, meer onderhewig aan besighedsiklusse en ekonomiese toestande.

(b) Voorkeuraandele

Ons het reeds die verskillende klasse voorkeuraandele in Hoofstuk II bespreek.<sup>2)</sup> en gesien dat die regte van voorkeuraandele uitgebrei of beperk kan word. Ons sal vervolgens slegs die algemene kenmerke en die voor- en nadele van hierdie beleggingsmedium aandui.

In teenstelling met gewone aandeelhouers, geniet voorkeuraandeelhouers slegs 'n beperkte eienaarskap in die maatskappy. In die eerste plek het hulle slegs 'n aanspraak op die maatskappy se bates tot die bedrag van die pariwaarde van die aandele, (behalwe in die geval waar voorkeuraandele in geval van likwidasie geen voorkeur het ten opsigte van die terugbetaling van kapitaal nie; in welke geval voorkeur- en gewone aandeelhouers in die surplus deel in verhouding tot die nominale waarde van hulle onderskeie aandele)<sup>3)</sup> en in die tweede plek het hulle slegs 'n aanspraak op die winste van die maatskappy tot die bedrag van die voorgestelde voorkeurdividend (behalwe in die geval van / ...

---

1) Jordan & Dougall, op. cit., p. 98.

2) Vide supra, p. 47-8.

3) Vgl. Cilliers & Benade, op. cit., p. 113.

van winsdelende voorkeuraandele). Oor eersgenoemde sê Amling: "Preferred stock, ..., is only obligated to receive in liquidation the par or stated value even though the purchase price was higher." <sup>1)</sup> Terwyl Prime oor laasgenoemde soos volg skryf: "Preferred stockholders, as a class, have an owner's interest with a limited maximum return." <sup>2)</sup>

Dié aandele het die volgende voordele:

- (i) Voorkeuraandele hou die voordeel in dat dit ten opsigte van sowel dividende as kapitaal minder risiko dra as gewone aandeelhouers omdat hulle eerstens voorkeur geniet ten opsigte van die betaling van dividende en tweedens, indien uitdruklik so vermeld in die akte van oprichting en statute van die maatskappy, ook voorkeur geniet ten opsigte van die terugbetaling van kapitaal in geval van likwidasie.
- (ii) Soos reeds aangetoon kan voorkeuraandele ook verdere voordele geniet, byvoorbeeld kumulatiewe dividende, winsdeling bo die vasgestelde dividend en omskeppingsregte. Dit is dus belangrik dat die belegger in voorkeuraandele seker maak van die presiese aard van hierdie bykomende voordele of /...

---

1) Amling, op. cit., p. 103.

2) Prime, op. cit., p. 41.

of regte en hoe dit kan bydra tot die bevrediging van sy beleggingsbehoeftes.

- (iii) Aangesien voorkeuraandele deel vorm van die eienaarskap van die maatskappy, hoewel slegs in 'n beperkte mate, dra hulle 'n groter risiko as ander vaste-inkomste-beleggings soos obligasies en verbande. Vir hierdie risiko wat voorkeuraandelhouers dra, geniet hulle die voordeel dat hulle 'n hoër opbrengs as die ander vaste-inkomste-beleggings verdien.

Die nadele wat aan voorkeursaandele as 'n beleggingsmedium verbonde is, is van besondere belang en kan soos volg saamgevat word:

- (i) Voorkeuraandele bied geen beskerming aan die belegger in tye van inflasie en vir die gevölklieke daling in die waarde van die geldeenheid nie, aangesien soos Prime dit stel: "Preferred stock does not possess the potentiality of price growth and of higher dividend which is offered by common stock and which is so desirable especially in a period of inflation."<sup>1)</sup>
- (ii) Bogenoemde nadeel spruit uit die feit dat die belegger in preferente aandele die reg ontsê word om in die groei van die maatskappy te deel.

Badger /...

---

1) Ibid.

Badger en Coffman sien hierdie nadeel soos volg:

"the preferred stockholder is denied any of the benefits of corporate growth. Regardless of successive increases in earning power, the preferred stockholder can never receive more than the dividend rate stated on the stock certificate." <sup>1)</sup>

- (iii) Die voorkeur wat beleggers in voorkeuraandele geniet, kan in baie gevalle slegs 'n oënskynlike voordeel inhou, aangesien die betaling van dividende onderhewig is aan die beskikbaarheid van verdeelbare wins, en al is daar verdeelbare wins beskikbaar, is dit verder onderhewig aan die besluit van die direkteure of hulle dit raadsaam ag om 'n dividend op die aandele te verklaar.
- In die verband skryf Amling: "The dividend on preferred stock is contingent upon earnings. If earnings are available the dividend will be paid. Even though earnings are adequate and cash available, dividends must be declared by the board of directors." <sup>2)</sup> en :
- "Even though dividends on preferred take priority over common stock dividends they are subordinate to ... income taxes and bond interest. These features of subordination tend to make preferred stock somewhat weaker than the dividend priority suggests." <sup>3)</sup> Hieruit blyk dit dus dat voorkeuraandele in 'n swakker posisie verkeer /...

---

1) Badger & Coffman, op. cit., p. 69.

2) Amling, op. cit., p. 104.

3) Ibid.

verkeer as ander vasteinkomste-beleggings soos obligasies en verbande, aangesien laasgenoemdes 'n vaste eis teen die maatskappy het, onafhanklik of daar winste is of nie, terwyl voorkeuraandele in die eerste plek eers vergoed word nadat hierdie vaste eise vereffent is en dan ook onderhewig aan die beskikbaarheid van verdeelbare wins.

Ten slotte kan daar op die gemeenskaplike voordeel gewys word wat sowel gewone as voorkeuraandele inhoud, naamlik dat die inkomste op hierdie beleggings tot 'n sekere bedrag, van belasting vrygestel kan wees.<sup>1)</sup>

### 3.2 INDELING VAN BELEGGINGS VOLGENS DIE AARD VAN DIE ONDERNEMING

Beleggings kan ook ingedeel word volgens die aard van die besigheid wat deur die onderneming bedryf word. Die amptelike lys van die Johannesburgse Effektebeurs onderskei die volgende groepe volgens die indeling:<sup>2)</sup>

#### (a) Mynwese

- (i) Steenkool.
- (ii) Diamante.
- (iii) Goud.
- (iv) Metale en minerale.

(b) /...

1) Vide supra, p. 95.

2) Die Transvaler, Jaargang 52, Nr. 55, 3/12/68, p. 15.

(b) Finansieel

- (i) Mynwese.
- (ii) Nywerhede.
- (iii) Beleggings.
- (iv) Versekerings.
- (v) Eiendomme.

(c) Nywerhede

- (i) Drank en hotelle.
- (ii) Geboue en verwante bedrywe.
- (iii) Chemikalieë.
- (iv) Klere en breiware.
- (v) Visserye.
- (vi) Voedsel.
- (vii) Skoeisel en leer.
- (viii) Meubels en huishoudelike ware.
- (ix) Yster-, staal-, ingenieurs- en elektriesebedrywe.
- (x) Motors en vervoer.
- (xi) Papier, pulp, pakkerye en houers.
- (xii) Farmaseuties en medies.
- (xiii) Drukkers en uitgewers.
- (xiv) Winkels.
- (xv) Suiker.
- (xvi) Tekstiel, tapyte, komberse en weefstof.
- (xvii) Tabak en vuurhoutjies.
- (xviii) Klein- en groothandel.
- (xix) Algemeen.

(d) Banke.

Hierdie /...

Hierdie indeling van ondernemings volgens verskillende bedryfstakke is vir die belegger van besondere belang om die volgende redes:

(i) Beleggingskeuses behels nie net die keuse van 'n spesifieke onderneming waarin die voornemende belegger wil belê nie, maar ook die keuse van die bedryfstak waarin die onderneming val. Amling beklemtoon hierdie aspek soos volg: "If we are to succeed as investors, we must analyse the economic significance of the industries in which we wish to invest. We must make a value judgment about the future growth of each industry."<sup>1)</sup> Die belegger sal dus by die keuse van 'n onderneming waarin hy wil belê eerstens die bedryfstak uitsoek met die grootste potensiële groeimoontlikhede. In dié verband skryf Badger en Coffman: "A very practical problem is thus created for the investor: the necessity of narrowing his scope of operations down to those industries whose growth may be expected to equal or exceed overall economic growth."<sup>2)</sup> Oor die faktore wat by die uitoefening van hierdie keuse ingedagte gehou moet word, skryf Amling: "We should select industries for investment that are in the expansion stage

of /...

---

1) Amling, op. cit., p. 221.

2) Badger & Coffman, op. cit., p. 419.

of the growth cycle and should concentrate our investigation in these areas. Except for special circumstances brought about because of individual portfolio needs, we should not invest in industries in the pioneering stages unless we are prepared to accept a great deal of speculative risk comparable to that assumed by the innovator or businessman. By the same token, we should ignore industries that are in stagnation stage or are actually declining in economic importance. We are asked to invest in those industries which have developed a strong competitive position with little threat of obsolescence influencing the future of the industry." 1)

(ii) Verder moet daar by die keuse van die bedryfstak gelet word op die algemene kenmerke van die besondere bedryfstak. Faktore wat hier ingedagte gehou moet word is:

(1) Die ouerdom van die bedryfstak: Badger en Coffman sê in die verband: "The age of an industry is related in a way to its growth characteristics. This same generalization is applicable throughout universe. The rate of growth of any species of life is more rapid in its early stages than in its later stages. This is equally true

of /...

---

1) Amling, op. cit., p. 231.

of industry. After a certain period in the natural growth cycle, growth may cease or may continue at a relatively slow rate."<sup>1)</sup>

- (2) Die aard van die produk: Die aard van die produk wat deur die bedryfstak bemark word, is 'n belangrike faktor wat deur die belegger ingedagte gehou moet word. So byvoorbeeld kan daar onderskei word tussen bedryfstakke wat luukshede vervaardig en bedryfstakke wat noodsaaklike lewensmiddelle vervaardig. Jordan en Dougall beklemtoon hierdie aspek soos volg: "Products or services which represent necessities rather than luxuries usually suffer less in years of depression".<sup>2)</sup>
- (3) Die rol van arbeid in die bedryfstak: Hier moet daar aan die volgende faktore aandag geskenk word: die verhouding van arbeidskoste tot totale produksiekoste; nywerheidsregulasies van toepassing op die besondere bedryf; die afhanklikheid van onderskeidelik geskoolde en ongeskoolde arbeid. Badger en Coffman waarsku in die verband: "Industries with high labor components are often vulnerable to strikes and demands for higher wages. Industries of this nature, however, may not always be /...

---

1) Badger & Coffman, op. cit., p. 431.

2) Jordan & Dougall, op. cit., p. 354.

be able to pass the added cost of wage increases on to the consuming public. Thus profit margins may be adversely effected, an important factor for the analyst to keep in mind."<sup>1)</sup>

- (4) Mededinging binne die bedryfstak, en tussen die bedryfstak en ander bedryfstakke: Gesonde mededinging binne die bedryfstak en tussen die bedryfstak en ander bedryfstakke, kan 'n heilsame uitwerking hê wat tot voordeel van die belegger kan wees. Aan die anderkant kan te strawwe mededinging tot nadeel van die belegger wees. Jordan en Dougall skryf: "Healthy competition, ..., may actually tend to stabilize earning power. Extreme competition, ..., may so reduce the margin of profit as to prevent any member from producing a satisfactory return, or may eliminate earnings entirely for many firms."<sup>2)</sup>
- (5) Tariewe en politieke invloede: Sommige bedrywe kan deur middel van tariefbeskerming teen buitelandse mededinging beskerm word, wat tot die voordeel van beleggers kan strek. Wat politieke invloede betref, kan onsekere politieke toestande die bedryfstak as geheel benadeel soos byvoorbeeld waar /...

---

1) Badger en Coffman, op. cit., p. 431.

2) Jordan en Dougall, op. cit., p. 356.

waar die bedryfstak afhanklik is van buitelandse markte. Aan die anderkant kan onsekere politieke toeslange egter ook tot voordeel van 'n bedryfstak wees, so byvoorbeeld sal 'n bedryfstak wat wapentuig vervaardig in tye van oorlog daarby baat vind.

- (iii) Die indeling van ondernemings in verskillende bedryfstakte vergemaklik ook die beleggingskeuse binne die bedryfstak, aangesien ondernemings wat binne 'n sekere bedryfstak val, makliker met mekaar vergelyk kan word as twee ondernemings in verskillende bedryfstakke.

### 3.3 INDELING VAN BELEGGINGS VOLGENS HULLE BELEGGINGSKENMERKE

Badger en Coffman maak nog 'n verdere interessante indeling van beleggings op grond van hulle beleggingskenmerke.<sup>1)</sup> Hulle onderskei die volgende:

- (a) "High-grade common stocks - Income and appreciation equally emphasized."<sup>2)</sup>

Hierdie beleggings is uit die aard van die saak die gewildste aandele vir sowel die private individu as die institutionele belegger, aangesien dit 'n hoë inkomste lewer en ook die moontlikheid van 'n bevredigende kapitale groei inhou. Badger en Coffman beskryf hierdie beleggings soos

volg: /...

---

1) Badger en Coffman, op. cit., p. 99 et seqq.

2) Ibid., p. 99.

volg: "Stocks in this category have had long records of continuous dividend payments." <sup>1)</sup> en: "Stocks in this classification will have shown a respectable but not spectacular growth in per share earnings over a period of time and should be expected to continue to experience a reasonable future compound rate of growth." <sup>2)</sup>

(b) "High-grade common stocks - Low yields and high appreciation." <sup>3)</sup>

Onder hierdie groepering sluit hulle die volgende in: "Stocks in this category will be found to have experienced better than average growth and are characterized by strong growth prospects." <sup>4)</sup> Aangesien groei hier beklemtoon word, vind ons dat die aandele 'n relatiewe lae dividendopbrengs lewer op die markwaarde van die aandele.

(c) "Speculative - Very high growth stocks." <sup>5)</sup>

In hierdie geval word groei oorbeklemtoon en speel die dividendopbrengs 'n onbeduidende rol. Badger en Coffman merk in dié verband teregt op: "The obvious question as to the desirability of the stock as an investment is, 'For how long is its rapid growth assured?'" <sup>6)</sup>

(d) "High grade common stocks - Maximum income, minimum risk, low growth." <sup>7)</sup>

Hulle /...

1) Ibid.

6) Ibid., p. 101

2) Ibid.

7) Ibid.

3) Ibid., p. 100.

4) Ibid.

5) Ibid.

Hulle beskryf hierdie groep soos volg: "In this classification will be found stocks of well established companies ---, as well as companies whose growth cycle has passed a peak but which nevertheless do not involved substantial investment risk." <sup>1)</sup>

Hierdie indeling van beleggings volgens hulle beleggingskenmerke is veral belangrik by die bevrediging van die beleggingsbehoeftes van die beleggers. <sup>2)</sup> Die benadering tot beleggings deur die belegger sal tot 'n groot mate bepaal in watter een van die bogenoemde groeperings hy sy belangstellingsveld en sy bevrediging vind.

#### 4. SAMEVATTING

Die voorafgaande bespreking was daarop gerig om eerstens die tipes beleggers aan te dui en om tweedens aan te dui die soorte beleggings wat daar beskikbaar is vir die bevrediging van die beleggingsbehoeftes van die beleggers, en watter faktore daar by elke soort belegging in gedagte gehou moet word.

In die volgende hoofstukke sal ons dus aandui watter inligting beskikbaar is vir die beoordeling van beleggings; waar hierdie inligting verkry kan word en hoe dit toegepas kan word by die beoordeling van beleggings.

1) Ibid.

2) Vide supra, p. 93 et seqq.

## HOOFSTUK V

BYKOMENDE INLIGTING VERLANG VIR DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS,

EN DIE BRONNE VIR HIERDIE INLIGTING

### 1. INLEIDING

Hoewel rekeningkundige finansiële state die belangrikste bron van inligting is by die beoordeling van beleggings, kan daar nie net op hierdie bron staan gemaak word nie. Eerstens gaan rekeningkundige finansiële state mank aan sekere beperkings en tekortkomings; <sup>1)</sup> tweedens gee dit slegs 'n oorsig oor wat reeds gebeur het, met ander woorde dit is histories van aard en dui nie aan wat in die toekoms verwag kan word nie en laastens is dit slegs van toepassing op 'n sekere onderneming en gee dit nie 'n weer-spieëeling van die algemene ekonomiese toestand en die stand van die bedryfstak waarbinne die onderneming val nie.

Om dus 'n behoorlike beoordeling van beleggings te doen, is dit noodsaaklik dat die belegger nie slegs staan maak op die inligting wat deur rekeningkundige finansiële state verskaf word nie, maar dat hy hierdie inligting aanvul met inligting uit ander bronne.

Die belangrikeheid van hierdie bykomende inligting en die bronne waaruit dit geput kan word, kan nie genoeg beklemtoon word nie, aangesien soos Jordan en Dougall tereg opmerk: "Intelligent investment is to a considerable degree

a/...

1) Vide supra, p. 66 et seqq.

a matter of adequate knowledge."<sup>1)</sup> en "the greater the knowledge the investor has of facts, the more satisfactory his experience should be."<sup>2)</sup> Oor die bronne van inligting skryf hulle: "while no investor can keep fully informed, he should know where to obtain information that will enable him to make an intelligent investment decision. There is available to him a growing fund of information in a wide variety of sources. Some of these sources deal with the general business situation and outlook; others provide material concerning specific industries, companies, and securities."<sup>3)</sup>

## 2. BYKOMENDE INLIGTING VERLANG EN DIE BRONNE VAN INLIGTING

Die bykomende inligting wat deur die belegger verlang en in ag geneem moet word by die beoordeling van beleggings, kan in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik:

- (a) Eksterne inligting - dit is inligting oor faktore wat buite die onderneming geleë is, maar wat nogtans die finansiële toestand en resultate van die onderneming kan beïnvloed.
- (b) Interne inligting - dit is inligting oor die onderneming self.

### 2.1 EKSTERNE INLIGTING

Die beoordeling van beleggings vereis nie net kennis en /...

---

1) Jordan & Dougall, op. cit., p. 139.

2) Ibid.

3) Ibid., p. 139-40.

en inligting van die onderneming waarin belê is of belê wil word nie, maar dit vereis ook kennis van ander faktore wat die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming kan beïnvloed en waaroer die onderneming nie beheer kan uit-oefen nie.

Inligting oor die volgende eksterne faktore moet deur die belegger in gewin en in aggeneem word by die beoordeeling van beleggings:

- (a) Die algemene ekonomiese toestande en die ekonomiese toestand van die bedryfstak.
- (b) Die neiging van die toestande op die effektebeurs.

#### 2.1.1 ALGEMENE EKONOMIESE TOESTANDE EN DIE EKONOMIESE TOESTAND VAN DIE BEDRYFSTAK.

##### 2.1.1.1 INLIGTING VERLANG

Die ekonomiese aktiwiteit van 'n land in die algemeen, en van 'n bedryfstak in die besonder, word gemeet deur 'n verskeidenheid indekssyfers of ekonomiese aanwysers soos: die bruto binnelandse produk, die bruto binnelandse produk volgens die tipe ekonomiese aktiwiteit, indekse van die fisiese volume van voorraad (die totaal sowel as volgens die tipe ekonomiese aktiwiteit), arbeidstatistiek (werkverskaffing en geregistreerde werkloses), prysindekse en ander diverse ekonomiese aanwysers soos die waarde van kleinhandelsverkope, getal nuwe motorvoertuie verkoop, waarde /...

waarde van transaksies in vaste eiendom, die waarde van bouplanne goedgekeur, die hoeveelheid elektriese krag verbruik, ensovoorts.

Oor die afleidings wat die belegger van hierdie inligting kan maak, skryf Plum en Humphrey: "First is the question whether the industry is growing, has reached maturity, or perhaps has already begun to decline. Second is the question whether the industry is cyclical, that is, sensitive to changes in general business conditions, or is stable." <sup>1)</sup>

Inligting oor die algemene ekonomiese toestand en die ekonomiese toestand van die bedryfstak, kan dus vir die belegger van belang wees ten opsigte van die volgende:

- (a) Die seleksie van beleggings in maatskappye wat binne 'n bedryfstak val wat 'n groter groei toon as die groei van die ekonomie in die algemeen.
- (b) Die seleksie van beleggings in maatskappye wat binne 'n bedryfstak val wat 'n groter groei toon as ander bedryfstakke.
- (c) Die seleksie van beleggings in maatskappye wat binne 'n bedryfstak val wat minder onderhewig is aan besigheidsklusse as ander bedryfstakke.

2.1.1.2 /...

---

1) Plum L.V. & Humphrey J.H., Investment Analysis and Management, Homewood, Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1955, p. 240.

### 2.1.1.2 INLIGTINGSBRONNE

Die vernaamste inligtingsbron vir die ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika is die Buro vir Statistiek in Pretoria, wat kwartaalliks 'n Bulletin van Statistiek publiseer. Hierdie bulletin verskaf egter net feitlike inligting en gee nie 'n interpretasie van die inligting nie. Aangesien die meeste beleggers nie self die tyd en kennis besit om hierdie inligting te verwerk en afleidings daarvan te maak nie, is hulle aangewese op ander bronne vir die interpretasie van hierdie gegewens soos die Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, publikasies van die vernaamste handelsbanke, finansiële tydskrifte en dagblaaie sowel as 'n verskeidenheid ander publikasies.

### 2.1.2 DIE NEIGING VAN DIE TOESTANDE OP DIE EFFEKTEBEURS

#### 2.1.2.1 INLIGATION VERLANG

Die suksesvolle belegger moet ook rekening hou met die neiging van die pryse van die aandele wat op die effektebeurs genoteer word, aangesien die tydstip waarop belê word soms 'n groot invloed uitoeft op die sukses wat hy met sy belegging behaal.

Die volgende neigings van die toestande op die effektebeurs kan onderskei word:

(a) /...

- (a) Primêre of langtermyn neigings.
- (b) Sekondêre of korttermyn neigings.
- (c) Dag-tot-dag bewegings.

(a) Primêre of langtermyn neigings

Clendenin beskryf hierdie neiging soos volg:

"There is the relatively long-range tendency, usually conforming to business cycle stages in normal times, for the market to move in a general upward or downward direction for many months or years at a time." <sup>1)</sup> en noem die volgende faktore wat bydra tot hierdie primêre neiging: "(1) the outlook for business activity and stability, (2) the outlook for business profits, (3) speculative attitude and expectations, (4) the availability of money for stock investment, and (5) the amount of money removed from the stock market by investors who need it elsewhere and by business for expansion." <sup>2)</sup>

(b) Sekondêre of korttermyn neigings

Hierdie neiging beskryf Clendenin soos volg:

"Superimposed on the primary trend are frequent shorter cycles of 3 months' to a years' duration, during which <sup>3)</sup> the averages may fluctuate 5 to 15 per cent in value."

Hy /...

- 
- 1) Clendenin J.C., Introduction to Investments, 3rd ed., New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1960, p. 254.
  - 2) Ibid., p. 255.
  - 3) Ibid., p. 254.

Hy skryf hierdie neiging toe aan: "hasty speculators who 'overdo it' in attempting to take advantage of impending price changes and then overdo it in the opposite direction in attempting to correct their errors." <sup>1)</sup> en verduidelik voorts: "If the natural trend of the market is up, they are inclined to seize quick profits by selling after a few weeks of rising prices. This will reverse the direction movement, stampede panicky speculators, and 'touch off' an extensive market 'correction'. Presently the natural rise will be resumed, with another correction to be expected in due time." <sup>2)</sup>

(c) Dag-tot-dag bewegings

Die gemiddelde prys van aandele kan van uur tot uur, van dag tot dag en van week tot week skerp daal of styg sonder enige sikliese patroon. Hieroor skryf Clendenin: "These gyrations are usually not at all predictable, except that 'spot' news of considerable moment, such as the threat of war, the outcome of a presidential election, the settlement of a critical strike, or a dividend increase by an important corporation is almost certain to elicit a response." <sup>3)</sup>

Hierdie neigings op die effektebeurs word gemeet deur 'n verskeidenheid indekssyfers en gemiddeldes soos:  
die /...

---

1) Ibid., p. 258.

2) Ibid.

3) Ibid., p. 258-9.

die gemiddelde opbrengskoers op genoteerde aandele, die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, die waarde van die aandele verhandel, vergelykende indekse van die waarde van die aandele verhandel, ingedeel volgens die hoof bedryfsektore en die prysbewegings van die individuele noterings.

#### **2.1.2.2 INLIGTINGSBRONNE**

Die Johannesburgse Effektebeurs verskaf daaglik s die prys van die individuele noterings en die aantal en waarde van die aandele verhandel. Hierdie inligting word gewoonlik met of sonder kommentaar deur die belangrikste dagblaaie en finansiële tydskrifte opgeneem. Ook verskaf sommige dagblaaie en finansiële tydskrifte hulle eie indekssyfers oor die waarde van die aandele en die belangrikste individuele prysbewegings. Verder bestaan daar beleggingsadviesdienste wat gewoonlik deur middel van hulle eie publikasies of omsendbriewe 'n oorsig oor die effektebeursneigings verskaf. Lede van die Johannesburgse Effektebeurs verskaf ook inligting in dié verband of deur middel van omsendbriewe aan hulle kliënte of op persoonlike navraag van kliënte.

#### **2.2 INTERNE INLIGTING**

Die interne bykomende inligting kan beskou word as daardie inligting oor 'n onderneming wat nie deur die gepubliseerde state van 'n onderneming weergegee word of kan word nie, maar wat nogtans van belang is by die beoordeling van beleggings en wat daarom deur die belegger ingedagte /...

gedagte gehou moet word.

Die volgende bykomende inligting is hier van belang:

- (a) Inligting oor die bestuur.
- (b) Inligting sedert die publikasie van die vorige rekeningkundige finansiële state.
- (c) Addisionele historiese gegewens.

### 2.2.1 DIE BESTUUR

#### 2.2.1.1 INLIGTING VERLANG

Die rol wat die topbestuur in die welslae of mislukking van 'n onderneming kan speel, is een van die belangrikste faktore wat deur die belegger in gedagte gehou moet word by die beoordeling van 'n belegging.

Oor die rol van die bestuursfaktor met betrekking tot beleggings skryf Amling: "It is not an easy task to determine the competence and excellence of management, yet excellent management is paramount to investment success."<sup>1)</sup> Dowrie, Fuller en Calkins merk in die verband tereg op dat: "It is plainly foolish to entrust one's funds indirectly through the medium of securities to a management one would be unwilling to employ to manage them directly."<sup>2)</sup>

Aangesien die bekwaamheid en die talente van die bestuur nie met konkrete maatstawwe gemeet kan word nie, is dit een van die moeilikste faktore om te evalueer /...

1) Amling, op. cit., p. 355.

2) Dowrie, Fuller en Calkins, op. cit., p. 328.

evalueer by die beoordeling van beleggings. Nogtans moet die belegger 'n ondersoek instel na kwaliteit van die persone wat die bestuur van die onderneming verteenwoordig. Foulke meld dat die volgende inligting oor die bestuur van 'n onderneming ingewin moet word:<sup>1)</sup> 'n volledige besigheidsrekord van elkeen van die persone wat die aktiewe bestuur van die onderneming uitmaak, en van die eienaars van die onderneming (in geval van maatskappye, die persone wat die beherende aandeel in die maatskappy hou) indien hulle nie ingesluit is by die aktiewe bestuur nie. Hulle ouerdomme, hulle huwelikstaat en indien hulle kinders het, die aantal, geslag en ouerdomme van die kinders. Amling noem ook die voogende inligting wat oor die bestuurder (en dus ook van ander senior personeellede) bekom moet word: "We can find out his age, his educational background, his advancement within the corporation, the levels of responsibilities he has achieved, and his activities in social, cultural, civic, educational, philanthropic, and charitable organisations. This will provide some insight into his abilities."<sup>2)</sup>

Die basiese probleem hier is, soos Amling dit stel: "to determine the excellence of a company management and to ascertain whether it is maintaining the competitive position of the company and whether management is capable of running successfully /... .

---

1) Vgl. Foulke, op. cit., p. 48.

2) Amling, op. cit., p. 361.

successfully the affairs of the company to produce a profit." <sup>1)</sup> Die inligting wat ons hierbo beskryf het, help om hierdie probleem op te los; dit help om 'n oordeel te vorm oor die bekwaamheid en talente van die bestuurspersoneel, sodat die bestuur van 'n onderneming nie slegs vir die belegger 'n reeks niksseggende name is nie, maar persone waarin hy bereid is om so 'n mate van vertroue te stel dat hy sy fondse tot hulle beskikking stel.

#### 2.2.1.2 INLIGTINGSBRONNE

Inligting oor die bestuur van 'n onderneming is nie altyd maklik bekomaar of beskikbaar nie, met die gevolg dat die belegger meestal deur middel van eie ondersoek die bekwaamheid van die bestuur moet peil. Dit vereis van die belegger dat hy moet kennis neem van die aktiwiteite van baie persone op verskillende vlakke. Hierin kan die gewone dagblaaie as 'n belangrike inligtingsbron dien, en moet die belegger kennis neem van die openbare optredes van persone wat in bestuurshoedanighede by ondernemings staan. Verder word daar van tyd tot tyd nuwe benoemings tot direksies, nuwe aanstellings tot die personeel en bevorderings van persone in die dagblaaie aangekondig.

'n Verdere publikasie wat deur die belegger in dié verband geraadpleeg kan word, is Who's Who of Southern Africa. Hierin word 'n kort lewensbeskrywing van sommige vooraanstaande /...

---

1) Ibid., p. 355.

vooraanstaande Suid-Afrikaners gegee. As tipiese voorbeeld kan die volgende aangehaal word:

"AAB, Frank Albert Werner, B.Sc. Eng.; Managing Dir. Concor Construction (Pty) Ltd., since 1960, Dir. Bondcrete (Pty) Ltd., Conmarine (Pty) Ltd., Concor- Grinaker (Pty) Ltd., R. & C. Contractors (Pty) Ltd., Batignolles & Concor (Pty) Ltd., Mechaniplan (Pty) Ltd., L.C.B. Consortium (Pty) Ltd., started with Concor Construction 1949 on leaving University; Chair. German Club, Edenvale, Transvaal, since 1952; b. 18th Oct. 1927, Jhb.; educ.: German school, Jhb., Wits. Univ.; s.o. F. Aab; m. 17th June, 1950, Irmgard, d.o. R. Ahlers, 2s., 2d. Mem. Edenvale Club. Rec.: Gardening. Add.: P.O. Box 98, Edenvale, Tvl., & Box 8259, Jhb."<sup>1)</sup>

Ongelukkig is hierdie bron nie altyd volledig nie, maar nogtans kan dit 'n handige referensiebron wees by die insameling van inligting oor die persone wat die bestuur van 'n onderneming vorm.

'n Verdere bron wat in die toekoms nuttige inligting oor die akademiese en professionele kwalifikasies van persone kan verskaf, is die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes wat tans deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing saamgestel word.

#### 2.2.2 /...

---

1) Gibson P.J., Who's Who of Southern Africa, 52nd ed., Johannesburg, Combined Publishers (Pty) Ltd., 1968, p. 85.

**2.2.2 INLIGTING SEDERT DIE PUBLIKASIE VAN DIE VORIGE REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE**

**2.2.2.1 INLIGTING VERLANG**

Omdat rekeningkundige finansiële state, soos Hayes opmerk: "portrays the results of the past; these data are, in brief, water over the dam" <sup>1)</sup> en "the investor is not greatly concerned with the financial history as such." <sup>2)</sup>, moet die belegger homself gedurende die periode wat verloop sedert die lewering van die vorige rekeningkundige finansiële state tot met die lewering van die volgende rekeningkundige finansiële state, op hoogte hou van gebeurtenisse binne die onderneming. Hier moet veral gelet word op die beskikbaarstelling van tussentydse winssyfers, besonderhede oor samewerking of samesmelting met of oornname van ander maatskappye, groot kontrakte wat deur die maatskappy gedurende die jaar verwerf is, uitbreiding van en nuwe ontwikkelings in die aktiwiteite van die onderneming en enige ander gebeurtenisse wat die finansiële toestand en resultate van die onderneming kan beïnvloed.

Die belegger moet egter op sy hoede wees om nie gerugte of die persoonlike menings van ander persone as feit te aanvaar nie. Bellemore waarsku in dié verband: "The investor must always be on the alert to separate emotional interpretation of information from the actual cold facts."<sup>3)</sup>

Alle /...

---

1) Hayes, op. cit., p. 153.

2) Ibid.

3) Bellemore, op. cit., p. 176.

Alle inligting wat oor die onderneming beskikbaar gestel word, hoef ook nie noodwendig 'n invloed te hê op die finansiële toestand of resultate van 'n onderneming nie. Die belegger moet dus as't ware die korrels van die kaf kan skei. Hieroor skryf Bellemore: "The investor, therefor, must sift the data for the important facts, making adjustments in reported financial facts as necessary, and then apply his judgment to them." <sup>1)</sup>

#### 2.2.2.2 INLIGTINGSBRONNE

Die belangrikste bron van inligting oor gebeurtenisse sedert die vorige rekeningkundige finansiële state, is die aankondigings wat deur die onderneming self gedoen word. Hierdie aankondigings word gewoonlik deur die onderneming in die vorm van omsendbriewe aan aandeelhouers gepos en verskyn ook gewoonlik bywyse van advertensies in die vernaamste dagblaaie en finansiële tydskrifte. Finansiële tydskrifte gee gewoonlik ook bo en behalwe die amptelike aankondigings, hulle eie weergawe van die belangrikste gebeurtenisse of aankondigings bywyse van tabelle en opsommings, soos byvoorbeeld tussentydse winssyfers wat deur maatskappye aangekondig is, of kontrakte wat deur hulle verkry is. Verder gee finansiële tydskrifte meestal ook 'n bespreking van die belangrikheid en invloed van hierdie gebeurtenisse op die onderneming se sake. Hierdie inligting kan vir die belegger baie handig wees, aangesien dit gewoonlik 'n opsomming is /...

---

1) Ibid., p. 173-4.

is van die belangrikste punte uit maatskappyaankondigings en aangesien die aanbieding van hierdie gegewens gewoonlik op so 'n wyse geskied dat die belegger met 'n oogopslag die gegewens waarin hy belang stel, kan verkry. Ook die Sondagpers lewer in die jongste tyd nuttige dienste op hierdie gebied, aangesien daar feitlik in elke publikasie 'n afsonderlike finansiële bylaag is waarin die vernaamste finansiële gebeurtenisse aangegee en bespreek word.

Inligting oor lopende gebeurtenisse word gewoonlik ook verskaf deur ondernemings wat beleggingsadvies lewer. Hierdie ondernemings besit gewoonlik hulle eie publikasies wat aan intekenaars voorsien word. Ook aandelemakelaars verskaf gewoonlik in hulle verslae of brosjures aan hulle kliënte, inligting in dié verband. Hierdie verslae kan wissel van eenbladsyopsommings tot omvattende verslae en analyses oor maatskappye.

### 2.2.3 ADDISIONELE HISTORIESE GEGEWENS

#### 2.2.3.1 INLIGTING VERLANG

Hoewel die standaard van verslaglewering deur maatskappye in die afgelope tyd aansienlik verbeter het, volg baie maatskappye egter nog die beleid om slegs die minimum inligting te verskaf wat deur die Maatskappywet van 1926,  
soos gewysig, vereis word.<sup>1)</sup> Hierdie minimum inligting is egter feitlik deurgaans onvoldoende vir die suksesvolle beoordeling /...

---

1) Vide supra, p. 22 et seqq.

beoordeling van beleggings.

In die onderstaande tabel word 'n vergelyking getref tussen die rekeningkundige finansiële state van 'n maatskappy, opgestel in ooreenstemming met die minimum vereistes van die Maatskappywet, en 'n aanslagstaat <sup>1)</sup> opgestel deur die Committee on Corporate Information of the Financial Analysts Societies.<sup>2)</sup> Laasgenoemde staat dui, afgesien van die inligting wat die belegger gewoonlik verlang, ook die relatiewe belangrikheid van hierdie inligting aan. Hierdie vergelyking gee 'n aanduiding van hoe ver Suid-Afrikaanse maatskappye, wat slegs die minimum inligting wat deur die Maatskappywet vereis word, verskaf, op die gebied van volledige verslaglewering te kort skiet.

#### STANDARDS FOR ANNUAL REPORT RATING SHEET

A. <u>Essential Information</u> - 65%	Score	Minimum inligting vereis deur die Maatskappywet
1. Summary of Year's Financial Operation versus Previous Year.*	10%	10%
2. Operating Review plus Management Comment on Outlook		
Discussion of sales trends, profit margins, new research developments, foreign prospects, outlook and basic objectives, financial position,* capital expenditure, major prospects and cash requirements.	15%	4%
	3. /...	

1) Engels: "rating sheet."

2) The National Federation of Financial Analysts Societies, Twelfth Annual Report of the Corporate Information Committee, 1960, p. 26-7, aangehaal uit Dowrie, Fuller & Calkins, op. cit., p. 385-6.

3. Full Income Account versus Previous Year

Sales, cost of goods sold, all other operating costs, including SGA; depreciation and amortization,\* other income,\* U.S. and foreign income tax,\* minority interest.\* 10% 5%

4. Balance Sheet versus Previous Year

Cash,\* marketable securities,\* receivables,\* inventories\* (break-down), investments\* (domestic and foreign), gross plant and net,\* accounts payable,\* tax situation,\* loans,\* capital surplus,\* earned surplus,\* reserves (types)\*. 10% 8%

5. Explanation of Methods of Accounting

and Consolidation

Inventory valuation (L.I.F.O. or other), depreciation and amortization (method: sum-of-the-digits or other), extraordinary other items.\* 10% 4%

6. Surplus Reconciliation

Income,\* extraordinary debits and credits;\* transfer of capital,\* dividends.\* 5% 5%

7. Equity in Subsidiaries and Affiliates (foreign and domestic).

Explanation of how foreign operations are reported. 5% —  
(36%)

B. /...

B. Desirable Information - 20%

1. Sales by Division, or Sales by Industry Served	3%	-
2. Sales - Foreign versus Domestic.	3%	-
3. Research Expenditure - Areas of Emphasis	4%	-
4. Labor Costs.	3%	-
5. Ten Year Record	4%	-
6. Source and Application of Funds or Cash Flow	3%	<u>-</u>
		(-) <u>          </u>

C. Useful Information - 15%

1. Index of Selling Prices - Industry Trends.	3%	-
2. Index of Wages and Raw Material Costs	3%	-
3. Description of New Products	3%	-
4. Number of Employees	2%	-
5. Summary of Products Made	2%	-
6. Comment on Management - Officers and Directors. Changes.*	2%	<u>1%</u> <u>(1%)</u> <u>37%</u>

\* Dui aan dat inligting volledig of gedeeltelik volgens die bepalings van die Maatskappywet verstrek moet word.

Hoewel hierdie aanslagstaat onder Amerikaanse toestande opgestel is, kan dit net sowel van toepassing op Suid-Afrikaanse ondernemings gemaak word. Gemeet aan hierdie aanslagstaat verskaf 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat slegs die minimum inligting openbaar maak dus ongeveer 36% uit 65% van die noodsaaklike inligting, niks van die 20% wenslike inligting, 1% uit 15% van die nuttige /...

nuttige inligting en in totaal 37% van die inligting wat deur beleggers verlang word. Dit is dus duidelik dat die minimum inligting wat maatskappye verplig is om te verskaf, onvoldoende is om 'n behoorlike beoordeeling van die finansiële toestand en resultate van die maatskappy te maak. Dit is daarom, veral uit die oogpunt van die belegger, noodsaaklik dat maatskappye meer as net hierdie minimum inligting wat deur die Maatskappywet vereis word, moet verskaf.

Inligting met betrekking tot die invloed van die wisseling in die waarde van die geldeenheid op die finansiële toestand, en resultate van die onderneming, is ook vir die belegger van groot waarde. Maatskappye beskik self egter selde oor hierdie inligting of maak dit glad nie openbaar nie.

Baie maatskappye onderskat nog die bydrae wat volledige, aantreklike, boeiende, duidelike en verstaanbare verslaglewering tot die gewildheid en aansien van die maatskappy onder die beleggingspubliek kan lewer. Dowrie, Fuller en Calkins skryf in die verband: "We may well say that the corporation which wishes to have the best relations with its security holders offers as much as possible of the desirable information and useful information ..." <sup>1)</sup>

---

1) Dowrie, Fuller en Calkins, op. cit., p. 385 en vide supra p. 133-5.

### 2.2.3.2 INLIGTINGSBRONNE

Die belangrikste inligtingsbron vir addisionele historiese gegewens is die gepubliseerde rekeningkundige finansiële state van die onderneming self. Bo en behalwe die inligting wat in die rekeningkundige finansiële state as sodanig aangegee word, kan nuttige inligting ook in die direkteursverslag, die voorsitter van die direksie se jaarlikse rede en bywyse van grafiese en tabelle verskaf word. Bellemore waarsku egter: "If the annual report consists of glamorous pictures and beautifully charts and other similar material, but fails to present concretely the facts, company policies, explanations of major items on the income statement, and plans for the future, the investor should be suspicious."<sup>1)</sup>

### 3. SAMEVATTING

In die voorafgaande bespreking het ons aangedui dat die belegger nie slegs kan staatmaak op die gegewens in die rekeningkundige finansiële state by die beoordeling van beleggings nie, maar dat hy ook ander inligting moet versamel, ontleed en interpreteer. Die versameling van hierdie inligting skep egter vir die belegger probleme, aangesien:

- (a) Die inligting nie altyd beskikbaar gestel word nie.
- (b) Die inligting wat wel beskikbaar is, oor 'n groot aantal bronne versprei is.
- (c) Die gewone individuele belegger oor nòg die tyd nòg die /...

---

1) Bellemore, op. cit., p. 147.

die kennis beskik om hierdie inligting te versamel en te interpreteer.

Om hierdie probleme tot 'n mate te oorbrug, kan die belegger gebruik maak van 'n aantal publikasies wat die inligting in 'n versamelde vorm weergee en soms ook 'n interpretasie van die inligting gee. In bylaag A tot die skripsie gee ons volledigheidshalwe 'n lys van die vernaamste bronne wat die belegger in dié verband kan raadpleeg.

- - - - -

## HOOFSTUK VI

### DIE ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE, AS HULPMIDDEL BY DIE BEOORDELING VAN BELEGGINGS

#### 1. INLEIDING

Na aanleiding van Hoofstukke III en V, kon die leser moontlik onder die indruk gekom het dat rekeningkundige finansiële state weinig waarde het by die beoordeling van beleggings, aangesien dit in die eerste plek onderhewig is aan sekere beperkinge en tekortkominge wat die gebruiksnut daarvan nadelig beïnvloed, en dit in die tweede plek nie al die inligting voorsien wat deur die belegger in ag geneem moet word by die beoordeling van beleggings nie. Tog kan ons saam met Clendenin beweer dat: "the one major source of statistical data for investment analysis continues to be the financial statements of the corporation."<sup>1)</sup>

Vervolgens sal ons dus in hierdie hoofstuk eerstens die belangrikste doelstellings van die belegger by die ontleding van rekeningkundige finansiële state aandui en tweedens aantoon hoe hierdie doelstellings deur middel van verskillende metodes van ontleding van die rekeningkundige finansiële state, bereik kan word.

In die hieropvolgende bespreking word daar soms gebruik gemaak van gegewens wat normaalweg nie deur die gepubliseerde rekeningkundige finansiële state verskaf word nie.

Ons gaan egter van die aanname uit dat hierdie gegewens wel beskikbaar /...

---

1) Clendenin, op. cit., p. 333.

beskikbaar is.

**2. DIE DOELSTELLINGS BY DIE ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE**

Die belangrikste faktor by die beoordeling van 'n belegging, is die inkomste wat op die belegging verdien kan word, aangesien soos Jordan en Dougall dit stel: "all securities have one thing in common: they are worth the present value of their expected future income. It is income that is important, not the investment in assets the securities represent. Save in sale or liquidation, assets in general are worth what their future earnings are worth."<sup>1)</sup>

Die toekomstige inkomste van 'n onderneming en dus ook die toekomstige inkomste van 'n belegging, is egter afhanklik van verskillende faktore. Amling noem in dié verband die volgende: "(1) the competitive position of the company based on the record and prospects of growth; (2) company profitability; (3) the operating efficiency of the company; (4) the current financial position of the company; (5) the capital structure characteristics; and (6) company management ..." <sup>2)</sup>

Die belegger moet as uitgangspunt by die ontleding van rekeningkundige finansiële state vasstel hoe elkeen van hierdie faktore die inkomste van die onderneming in die verlede beïnvloed het, ten einde die invloed daarvan op die toekomstige inkomste van die onderneming te probeer peil.

Die /...

---

1) Jordan en Dougall, op. cit., p. 337.  
2) Amling, op. cit., p. 247.

Die mate waarin hierdie faktore die inkomste van 'n onderneming in die verlede beïnvloed het, word weerspieël in die rekeningkundige finansiële state van die onderneming vir vorige periodes.

Die belegger gebruik daarom, volgens Dowrie, Fuller en Calkins: "financial statements and other operating information of a corporation to appraise the future prospects of earnings and dividends in the light of past and present performance."<sup>1)</sup> Hulle verklaar ook voorts: "Using past records of financial progress, he attempts to make projections of earning and paying power into varying future periods for individual companies in an effort to arrive at a fair valuation of an issue which he can then compare with current prices and thus arrive at a decision to buy, hold or sell."<sup>2)</sup>

Samevattend kan ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die belegger by die ontleding van rekeningkundige finansiële state, hoofsaaklik belangstel in:

- (a) Die winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid van die onderneming.
- (b) Die kort- en langtermyn finansiële vooruitsigte van die onderneming.

Die vasstelling hiervan, deur middel van die ontleding van rekeningkundige finansiële state, help die belegger om 'n oordeel te vorm oor:

(a) /...

---

1) Dowrie, Fuller & Calkins, op. cit., p. 388.

2) Ibid.

- (a) Die winste wat moontlik in die toekoms deur die onderneming gemaak kan word.
- (b) Die probleem of die finansiële toestand van die onderneming die uitkering van hierdie toekomstige winste sal regverdig.
- (c) Die probleem of die onderneming in die toekoms sal bly voortbestaan.

Omdat die dividend op voorkeuraandele 'n vaste persentasie bedra (behalwe in die geval van winsdelende voorkeuraandele), speel inkomsteverwagtings gewoonlik nie so 'n groot rol by die beoordeling van beleggings in voorkeuraandele as by gewone aandele nie. Tog is die faktore wat by die beoordeling van beleggings in gewone aandele ingedagte gehou moet word, ook van toepassing op voorkeuraandele. Die inkomste uit 'n belegging in voorkeuraandele, is ook onderhewig aan die beskikbaarheid van verdeelbare wins; aan die finansiële toestand van die maatskappy wat die betaling van so 'n dividend regverdig en verder onderhewig daaraan of die onderneming in die toekoms sal bly voortbestaan. Ons sal dus in die hieropvolgende bespreking geen onderskeid maak in die beoordeling van beleggings in gewone of voorkeuraandele nie.

### 3. DIE METODES VAN ONTLEDING VAN REKENINGKUNDIGE FINANSIELE STATE

Om bogenoemde doelstellings te bereik, kan die belegger by die ontleding van rekeningkundige finansiële state, gebruik maak van die volgende ontledingsmetodes:

- (a) /...

- (a) Verhoudingsanalise
- (b) Vergelykende analise.

Verhoudingsanalise is 'n vertikale of interne ontleding van rekeningkundige finansiële state, en handel oor die verhouding van sekere items of groepe items tot ander items of groepe items in dieselfde rekeningkundige finansiële state. Vergelykende analise is 'n horizontale of dinamiese ontleding van twee of meer stelle rekeningkundige finansiële state en handel oor die neiging van dieselfde items of groepe items; en oor die neiging van die interne verhoudings.

Hierdie twee metodes is onderling afhanklik van mekaar en die suksesvolle ontleding van rekeningkundige finansiële state vereis die gesamentlike gebruik van altwee. By die bespreking van die verhoudingsanalise sal ons dus terselfdertyd aandui watter nut die vergelyking van hierdie verhoudings vir opeenvolgende periodes, vir die belegger het.

### 3.1 VERHOUDINGSANALISE

Die verhouding of verwantskap van 'n item of 'n groep items, tot ander in dieselfde rekeningkundige finansiële state, word uitgedruk deur middel van sogenaamde verhoudingsyfer of verhoudingspercentasies. Hierdie verhoudingsyfer of -percentasies het op sigself vir die belegger nie veel waarde nie indien dit nie gemeet word aan een of ander norm nie. In dié verband skryf Kennedy en McMullen: "in interpreting /...

interpreting the ratios of a particular business, the analyst cannot determine whether the ratio indicate favorable or unfavorable conditions unless there are available measuring devices or standards of comparison."<sup>1)</sup>

Om dus enigsins van nut te wees moet die verhoudingsyfers van 'n individuele onderneming gemeet word aan een of meer van die volgende maatstawwe:

- (a) Persoonlike standaarde wat deur die ontleder op grond van sy eie ervaring en waarneming vasgestel is.
- (b) Verhoudingsyfers gebaseer op die finansiële toestand en resultate van die verlede ten opsigte van die individuele onderneming.
- (c) Verhoudingsyfers van uitgesoekte mededingende ondernemings.
- (d) Gemiddelde verhoudingsyfers van die bedryfstak waarvan die individuele onderneming 'n lid is.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid verhoudingsyfers wat op grond van die gegewens in die rekeningkundige finansiële state van 'n onderneming, bereken kan word. Sommige daarvan is van meer belang vir bestuursdoeleindes as vir beleggingsdoeleindes, terwyl ander as alternatiewe vir sekere verhoudingsyfers bereken kan word. Ons sal ons in die bespreking slegs by die bekendste verhoudingsyfers, wat van direkte /...

---

1) Kennedy & McMullen, op. cit., p. 249.

direkte belang vir die belegger is bepaal. Hiermee word egter nie ontken dat die verhoudingsyfers wat eerder vir bestuursdoeleindes geskik is, ook in sommige gevalle vir die belegger van nut kan wees nie.

**3.1.1 VERHOUDEINGSYFERS WAT DIE WINSGEWENDHEID EN BEDRYFSDOELTREFFENDHEID VAN 'N ONDERNEMING, EN DIE WINSGEWENDHEID VAN 'N BELEGGING, AANDUI**

**3.1.1.1 DIE WINSGEWENDHEID EN BEDRYFSDOELTREFFENDHEID VAN 'N ONDERNEMING**

Die opbrengs wat 'n belegger op sy belegging in 'n onderneming ontvang, word bepaal deur twee onderling afhanklike faktore, naamlik deur die winsgewendheid en deur die bedryfsdöeltreffendheid van die onderneming onderskeidelik. Die invloed van hierdie twee faktore op die resultate van 'n onderneming, kan deur middel van die volgende verhoudingsyfer bepaal word.

- (a) Netto wins tot verkope.
- (b) Bruto wins tot verkope.
- (c) Bedryfskoste tot verkope, en koste van verkope tot verkope.
- (d) Netto wins tot netto tasbare waarde of eienaarsbelang.
- (e) Netto wins tot totale bates of totale fondse, in die onderneming gebruik.
- (f) Verkope tot netto bates, in die onderneming aangewend.
- (g) Gemiddelde invorderingstermyn van debiteure.
- (h) Voorraadomsetsnelheid.

**3.1.1.1.1 NETTO WINS TOT VERKOPE**

Daar bestaan twee variasies van hierdie verhouding

naamlik/...

naamlik:

- (a) Die netto bedryfswins (die netto wins voor inagneming van nie-bedryfsinkomste en -uitgawe) uitgedruk as 'n persentasie van verkope.
- (b) Netto wins na belasting en alle nie-bedryfsinkomste en -uitgawe uitgedruk as 'n persentasie van verkope.

Eersgenoemde dui aan watter gedeelte van verkope normaalweg as wins gerealiseer word en kan dien as 'n maatstaf van die bedryfsdoeltreffendheid van die onderneming.

Amling sien die volgende nut in hierdie verhouding: "It ... directs attention to the profitability of the sales or the revenue dollar." <sup>1)</sup> Kennedy en McMullen skryf ook dat hierdie verhouding: "reveals the profitableness of sales, that is, the profitableness of the regular buying, manufacturing, and selling operations of the business." <sup>2)</sup> Terwyl Clendenin beweer: "It is an important measure of the concern's capacity to retain a percentage of its gross revenue as earnings available for its securityholders." <sup>3)</sup>

Die meeste ondernemings verdien egter soms ook nie-bedryfsinkomste of hulle moet nie-bedryfsuitgawes aangaan. Verder word inkomstebelasting teen die wins van 'n onderneming in berekening gebring voordat die aandeelhouers geregtig is om in die wins te deel. Daarom is laasgenoemde verhouding /...

---

1) Amling, op. cit., p. 282.

2) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 285.

3) Clendenin, op. cit., p. 354.

verhouding van besondere belang vir die belegger, aangesien dit aandui watter gedeelte van verkope uiteindelik as wins gerealiseer word en waarop hy dus 'n aanspraak het. Amling sê oor dié verhouding: "The net income after taxes as a per cent of sales is a measure that is designed to consider all income and all expenses rather than consider only the operating income. The higher net income is as a per cent of sales, the more profitable the company."<sup>1)</sup>

Hierdie twee verhoudingspersentasies dui dus basies dieselfde inligting aan en die belegger sal dus of die een of die ander gebruik by die ontleding van rekeningkundige finansiële state. Die verhouding van netto wins, ná belasting, tot verkope, word egter die meeste gebruik, aangesien die gegewens wat vir die berekening daarvan nodig is, oor die algemeen, makliker bekomaar is as dié vir die berekening van die nettobedryfswins tot verkopeverhouding.

### 3.1.1.1.2 BRUTO WINS TOT VERKOPE

Aanvullend tot bovenoemde verhoudings kan die bruto wins (dit is die bedrag van verkope minus die koste van verkope) as 'n persentasie van verkope bereken word. Dit is volgens Clendenin: "an indicator of competitive pressure and the amount of markup obtainable."<sup>2)</sup>

Die vergelyking van hierdie verhouding met dié van ander ondernemings in dieselfde bedryfstak, is van groot belang /...

1) Amling, op. cit., p. 284.

2) Clendenin, op. cit., p. 353.

belang vir die belegger, aangesien soos Foulke dit stel:

"Within certain limits there is a natural gross profit  
in every line of merchandising and manufacturing." <sup>1)</sup>

Verder kan die verhouding vergelyk word met die bruto winspersentasies van dié onderneming ten opsigte van vorige periodes, om sodoende vir die belegger 'n aanduiding te gee of daar enige beleidsverandering was met betrekking tot die persentasie wins wat by die koste van verkope gevoeg word.

Die gebruiksnut van hierdie verhouding vir die belegger, word egter beperk deurdat daar gewoonlik nie voldoende inligting in die gepubliseerde rekeningskundige finansiële state van maatskappye verskaf word, om dié verhouding te bereken nie.

### 3.1.1.1.3 BEDRYFSKOSTE TOT VERKOPE, EN KOSTE VAN VERKOPE TOT VERKOPE

Die verhoudings van bedryfskoste tot verkope, en koste van verkope tot verkope, is onderskeidelik komplementêr tot die verhoudings van: die netto bedryfswins tot verkope, en die bruto wins tot verkope. Dit kan dus onderskeidelik bereken word deur die bedryfskoste en die koste van verkope, as 'n persentasie van verkope te bereken; of indien verkope=100, die persentasie bedryfswins en die persentasie bruto wins, van verkope (100) af te trek.

Hierdie verhoudings dui respektiewelik die gedeelte van verkope aan wat aangewend is vir die vereffening van alle /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 505.

alle bedryfsuitgawes, en vir die koste van verkope.

Die nut van hierdie verhouding lê daarin deur dié verhouding met dié van soortgelyke ondernemings te vergelyk, om sodoende te bepaal of die uitgawestruktuur van die individuele onderneming, inlyn is met dié van ander ondernemings in dieselfde bedryfstak. Daarteenoor kan die neiging daarvan ten opsigte van 'n individuele onderneming oor opeenvolgende periodes, vir die belegger verder ook 'n aanduiding gee van die toekomstige uitgawestruktuur van die onderneming.

#### 3.1.1.1.4 NETTO WINS TOT NETTO TASBARE WAARDE OF EIENAARS-BELANG

Hierdie verhouding word bereken deur die netto wins ná belasting, as 'n persentasie van die netto tasbare waarde of eienaarsbelang, uit te druk. Die netto tasbare waarde van 'n onderneming is gelyk aan sy totale bates, minus enige ontasbare bates<sup>1)</sup> en bedrae verskuldig aan derdepartye. Die eienaarsbelang is gelyk aan die totale fondse van die eienaars in die onderneming, dit wil sê gelyk aan die geïnvesteerde belang plus die verdiende belang,<sup>2)</sup> minus enige ontasbare bates van die onderneming. Die netto tasbare waarde van 'n onderneming is dus gelyk aan die eienaarsbelang van die onderneming.

Die verhouding dui volgens Bellemore aan: "what has been earned on the stockholder's original investment in the company plus that on reinvested earnings."<sup>3)</sup> en volgens Foulke /...

---

1) Vide supra, p. 37-8.

2) Vide supra, p. 44.

3) Bellemore, op. cit., p. 239.

Foulke: "the net profit on tangible net worth has become a guide to the use of funds invested in a business enterprise, the ability of the management to earn a return; ..."<sup>1)</sup>

Terwyl Kennedy en McMullen sê: "The realisation of a satisfactory net income is the major object of a business: the ratio of net income to owners' equity reflects the extent to which this objective is being achieved."<sup>2)</sup>

Hierdie verhouding gee dus 'n aanduiding van die winsgewendheid waarmee die fondse van die eienaars of aandeelhouers deur die onderneming aangewend is. Om die redelikheid van hierdie verhouding te bepaal, moet dit vergelyk word met dié van ander ondernemings binne dieselfde bedryfstak. 'n Hoë of lae verhouding dui nie noodwendig aan dat die onderneming se opbrengs op sy kapitaal bevredigend of onbevredigend is nie.

Verder kan hierdie verhouding, indien dit vergelyk word met dié van vorige periodes, 'n aanduiding gee van die verwagte winsgewendheid van die onderneming in die toekoms. Die belegger moet dus vasstel of hierdie verhouding in die voorafgaande periodes 'n stygende, dalende of konstante neiging vertoon het. In dié verband skryf Bellemore: "if the company is reinvesting annually an important percentage of earnings, the stockholders should make sure that the rate of return is at least as great on these reinvested funds as on the original investment. The trend of the rate of /..

1) Foulke, op. cit., p. 562.

2) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 310.

of return on the stockholders equity will disclose this.

Furthermore, the investor should be interested in the fluctuation in this rate of return, especially the amount of decline, if any, in recession years."<sup>1)</sup>

Die volgende variasies van hierdie verhouding word soms ook bereken:

- (a) Netto bedryfswins tot netto tasbare waarde of eienaarsbelang.
- (b) Netto wins vóór belasting, tot netto tasbare waarde of eienaarsbelang.
- (c) Netto wins ná belasting, tot netto tasbare waarde of eienaarsbelang: in die begin van die periode; of tot die gemiddelde van die begin en die eindsaldo's.

Hierdie drie verhoudings weerspieël egter basies diezelfde inligting as die verhouding van die netto wins ná belasting, tot die netto tasbare bates of eienaarsbelang en dit sal gewoonlik dieselfde patroon en neiging openbaar as laasgenoemde verhouding.

#### 3.1.1.1.5 NETTO WINS TOT TOTALE BATES OF TOTALE FONDSE IN DIE ONDERNEMING GEBRUIK

Hierdie verhouding word bereken deur die netto wins - bepaal nadat belasting afgetrek is, maar voordat voorsiening gemaak is vir vergoeding op fondse wat deur die onderneming gebruik is - uit te druk as is persentasies van die totale fondse gebruik deur die onderneming (laste). By die berekening van die totale bates /...

---

1) Bellemore, op. cit., p. 239.

bates en die totale fondse, word die ontasbare bates buite rekening gelaat.

Bellemore sien die belangrikheid van hierdie verhouding soos volg: "Before management decides to make an investment commitment in plant or equipment, it should expect that the rate of return on this additional investment will be satisfactory in terms of the rate of return being earned on existing investments in the company's assets." <sup>1)</sup> Terwyl Easton en Newton sê: "The ratio of net income to total assets used to produce the income is used to test the reasonableness of the income." <sup>2)</sup>

Hierdie verhouding gee dus vir die belegger 'n aanduiding van die doeltreffendheid waarmee die onderneming al sy bates gebruik het in die voortbrenging van inkomste. Om die redelikheid van hierdie verhouding ten opsigte van 'n individuele onderneming te bepaal, moet dit vergelyk word met dié van ander ondernemings binne dieselfde bedryfstak. Ook die neiging van hierdie verhouding oor opeenvolgende jare is van belang, aangesien soos Bellemore opmerk: "A declining trend indicates that not as high a rate is being earned on more recent investment as was previously being earned on the older investments." <sup>3)</sup>

### 3.1.1.1.6 VERKOPE TOT NETTO BATES, IN DIE ONDERNEMING AANGEWEND

Hierdie verhouding word bereken deur die totale verkope uit te druk as 'n persentasie van die netto bates in die onderneming aangewend - dit is die totale bates, minus die ontasbare bates / ...

1) Ibid.

2) Easton & Newton, op. cit., p. 359.

3) Bellemore, op. cit., p. 239.

bates en bates wat nie direk in die bedryf gebruik word nie.

Dit meet, volgens Clendenin: "the effectiveness of the use of assets by seeing how active they are in producing gross income."<sup>1)</sup>

Ook Kennedy en McMullen sê: "the ratio is ... a rough comparison or measure of the efficient use of the operating assets..."<sup>2)</sup>

Deur hierdie verhouding met dié van soortgelyke ondernemings te vergelyk, kan die belegger eerstens die doeltreffendheid bepaal waarmee die onderneming sy bates aanwend en kan hy tweedens, in die geval van 'n te lae verhouding bepaal of daar nie moontlik 'n oorbelegging van die onderneming se fondse in sy bates is nie. 'n Toename of afname in die verhouding, oor eenvolgende periodes, kan onderskeidelik dui op 'n toe- of afname in die doeltreffendheid waarmee die onderneming sy bates aanwend in die voortbrenging van bruto inkomste. Aan die anderkant waarsku Dowrie, Fuller en Calkins: "An upward trend ... is generally considered favorable, but may also indicate a weakness in trying to do too much business on too few assets."<sup>3)</sup>

Foulke maak in hierdie verband van 'n alternatiewe verhouding gebruik, naamlik van verkope tot netto tasbare waarde. Dit gee volgens hom 'n aanduiding van: "the activity of the investment in a business. A high ratio may indicate an excessive volume of business on a thin margin of invested capital and the consequent overuse of credit. On the other hand, until a dangerous point is reached, it may indicate considerable economy and skill in operation."<sup>4)</sup>

3.1.1.1.7 /...

1) Clendenin, op. cit., p. 352.

2) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 318.

3) Dowrie, Fuller en Calkins, op. cit., p. 400.

4) Foulke, op. cit., p. 389.

### 3.1.1.1.7 GEMIDDELDE INVORDERINGSTERMYN VAN DEBITEURE

Die gemiddelde invorderingstermyn van debiteure word verkry deur te bereken hoeveel dae se kredietverkope gemiddeld, as debiteure deur die onderneming gedra word. Om die berekening hiervan meer verstaanbaar te maak, kan dit in twee stappe verduidelik word. Eerstens word die totale kredietverkope vir die jaar gedeel deur die aantal dae van die jaar, dit wil sê, 365, om sodoende die daaglikse kredietverkope te kry, Tweedens word die bedrag van debiteure dan gedeel deur hierdie kredietverkope per dag, om so die gemiddelde invorderingstermyn van die debiteure te kry. Die metode van berekening kan dus deur middel van die volgende formule weergegee word:

$$\text{Stap 1: } \frac{\text{Kredietverkope vir die jaar}}{365} = \text{Kredietverkope per dag}$$

$$\text{Stap 2: } \frac{\text{Debiteure}}{\text{Kredietverkope per dag}} = \text{Gemiddelde invorderingstermyn van debiteure}$$

Stappe 1 en 2 gesamentlik:

$$\frac{\text{Debiteure}}{1} \times \frac{365}{\text{Kredietverkope vir die jaar}}$$

$$= \text{Gemiddelde invorderingstermyn van debiteure}$$

Gewoonlik word daar by die bedrag van debiteure, die uitstaande bedrag van sowel die ope-rekening debiteure as die bedrag van die ontvangwissels ingesluit. Die invorderingstermyn vir debiteure en ontvangwissels kan egter ook afsonderlik bereken word, indien die kredietverkope ten opsigte van elke kategorie beskikbaar is.

Die /...

Die gemiddelde invorderingstermyn kan 'n tweeledige doel dien, naamlik:

- (a) In die eerste plek kan dit 'n aanduiding gee van die doeltreffendheid waarmee die onderneming sy debiteure invorder, soos Clendenin dit stel: "to gauge the success of collection efforts."<sup>1)</sup> of soos Easton en Newton opmerk: "as a measure of the firm's credit and collection policies."<sup>2)</sup>
- (b) Tweedens kan die gemiddelde invorderingstermyn van debiteure 'n invloed hê op die finansiële toestand, en meer spesifiek, op die likiditeit van 'n onderneming. Kennedy en McMullen stel dit soos volg: "The turnover of receivables represents a valuable test of the collectibility and currency of receivables. It is also an excellent supplementary check to be used in judging the adequacy of the current ratio."<sup>3)</sup>

Die gemiddelde invorderingstermyn ten opsigte van een jaar, vir 'n spesifieke onderneming, het egter weinig waarde indien dit nie vergelyk word met die normale krediettermyn wat deur die onderneming toegestaan word; die gemiddelde onvorderingstermyn van vorige periodes, of met dié van ander ondernemings in dieselfde bedryfstak nie.

#### 3.1.1.1.8 VOORRAADOMSETSNELHEID

Die voorraadomsetsnelheid kan uitgedruk word in die aantal kere wat die voorraad van 'n onderneming gewoonlik gedurende die /...

---

1) Clendenin, op. cit., p. 352.

2) Easton en Newton, op. cit., p. 364.

3) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 267 en vide infra p. 164.

die jaar verkoop word; of in die tydsuur wat dit normaalweg neem om die voorraad te verkoop. In die eerste geval deel ons die gemiddelde voorraad (gewoonlik die gemiddeld van die begin- en eindvoorraad van die betrokke jaar of indien beskikbaar, die maandelikse gemiddelde voorraad) in die koste van verkope (of indien nie beskikbaar nie, die verkope). In die tweede geval deel ons die aantal kere wat voorraad gedurende die jaar verkoop is in die aantal maande van die jaar (12), of die aantal dae van die jaar (365).

Hierdie verhouding kan enersyds die doeltreffendheid van die onderneming aandui om voorrade vinnig te verkoop en andersyds 'n oorbelegging in voorraad, of die teenwoordigheid van onverkoopbare voorraad, aandui. Foulke dui dit soos volg aan: "When the ratio is high, it is evidence of the generally high quality of the inventory and of the ability of the management to move its merchandise quickly. Conversely, when the ratio is low, the inclusion of slow-moving, possibly obsolete or shop-worn items of questionable value may be suspected, and some doubt may be raised regarding the efficiency and merchandising ability of management." <sup>1)</sup>

Die omsetsnelheid van voorraad kan dus:

- (a) Die winsgewendheid beïnvloed, deur dat hoe meer male die voorraad verkoop word, hoe meer kere word wins op die voorraad gerealiseer. 'n Hoë omsetsnelheid van voorraad het egter nie altyd 'n dienooreenkomsstige hoë netto wins tot gevolg nie, aangesien volgens Kennedy en McMullen:

"profits/..

---

1) Foulke, op. cit., p. 328.

"profits may be sacrificed in obtaining a larger sales volume." <sup>1)</sup> Die winsgewendste onderneming sal dus dié een wees wat die korrekte balans tussen totale verkope en verkoopspryse het.

- (b) 'n Aanduiding wees van die finansiële toestand van die onderneming, aangesien dit volgens Clendenin: "measures the soundness of an inventory investment." <sup>2)</sup> Dit kan ook dus 'n invloed hê op die likiditeit van die onderneming en Easton en Newton verduidelik dit soos volg: "A large, slowmoving inventory (relative to industry-wide standards) shows that the inventory cannot be turned into cash as readily as the inventory of a typical firm. This, of course, indicates that a higher current ratio would be necessary for a good rating, since the inventory cannot be depended upon to provide cash within as short a period of time as might be expected for the 'average' firm in the industry."<sup>3)</sup> Om die omvang van die invloed wat hierdie verhouding op die likiditeit van 'n onderneming kan hê, te bepaal moet dit vergelyk word met die verhouding van voorraad tot totale bedryfsbates,<sup>4)</sup> en van voorraad tot netto bedryfskapitaal.<sup>5)</sup>

Die redelikheid van hierdie verhouding vir 'n spesifieke onderneming, kan bepaal word deur dit te vergelyk met dié van soortgelyke /...

---

1) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 272.

2) Clendenin, op. cit., p. 352.

3) Easton en Newton, op. cit., p. 353.

4) Vide infra, p. 167-8.

5) Vide infra p. 168-9.

soortgelyke ondernemings. Verder moet die neiging van die verhouding oor die afgelope jare, bestudeer word ten einde 'n aanduiding te kry of daar 'n verbetering of verslewing van die voorraadomset was.

### 3.1.1.2 DIE WINSGEWENDHEID VAN 'N BELEGGING

Om die winsgewendheid van 'n belegging te bepaal, word daar gebruik gemaak van inligting in die rekeningkundige finansiële state, sowel as van die markwaarde van die aandele of van die prys waarteen die aandele genoteer word.

Die volgende verhoudings is hier van belang:

- (a) Die boekwaarde van gewone aandele.
- (b) Die verdienste per gewone aandeel.
- (c) Prys-verdiensteverhouding.
- (d) Verdienste-opbrengsverhouding.
- (e) Dividend-opbrengsverhouding.
- (f) Dividenddekking en dividend-uitbetalingsverhouding.

### 3.1.1.2.1 DIE BOEKWAARDE VAN GEWONE AANDELE

Die boekwaarde van gewone aandele word verkry deur die totale aandeelhouersbelang (uitgesonderd die belang van voorkeuraandeelhouers) te deel deur die aantal uitgereikte gewone aandele van die maatskappy. Hierdie verhouding het egter beperkte betekenis vir die belegger, aangesien die waarde van die gewone aandele meestal bepaal word deur die verdienvermoë van die onderneming,<sup>1)</sup> Verder weerspieël die rekeningkundige finansiële state die historiese waarde van die bates, en nie die /...

---

1) Vide supra, p. 140.

die huidige ekonomiese waardes daarvan nie.<sup>1)</sup> Tog kan hier-die verhouding, volgens Myer, soos volg van nut wees vir die belegger: "where there is a great discrepancy between the book value and the market price it would be well for the analyst to seek to account for the difference. Such procedure might lead to the discovery of a stock that is underpriced in the market."<sup>2)</sup>

### 3.1.1.2.2 DIE VERDIENSTE PER GEWONE AANDEEL

Die verdienste per gewone aandeel word bereken deur die netto wins, ná belasting en na voorsiening vir voorkeurdivi-dende, te deel deur die aantal uitgereikte gewone aandele van die maatskappy. Hierdie verhouding gee dus die wins wat per gewone aandeel verdien is en beskikbaar is vir verdeling, maar wat nie noodwendig as 'n dividend uitbetaal hoef te word nie. Die terughouding van 'n gedeelte van die wins word veral ge-noodsaak deurdat ondernemings feitlik deurgaans hulle wins volgens die rekeningkundige beskouing van wins, bereken, naamlik as die verskil tussen inkomste en die werklike uitbetaalde (historiese) kontraktuele kostes.<sup>3)</sup> Dit veroorsaak dat ondernemings in tye van dalende geldwaardes en in tye van sty-gende pryspeile wat daarop volg, 'n gedeelte van hulle wins moet terughou om voorsiening te maak vir die hoër pryse waarteen die produksiefaktore wat in die produksieproses opgeneem is, ver-vang moet word.

Die /...

1) Vide supra, p. 68 et seqq.

2) Myer, op. cit., p. 269-70.

3) Vgl. Du Plessis, op. cit., p. 47 en vide supra, p. 19-20.

Die belangrikheid van hierdie verhouding word onderskeidelik deur Clendenin en Amling soos volg saamgevat: "Investors generally place very great emphasis upon earnings per share and the trend of earnings per share, arguing that both present and future dividends are dependent upon earnings."<sup>1)</sup> en: "The basic problem of analysis is to find the company that is profitable based on its earnings per share both now and for the estimated future. It is desirable to invest in that company that has the best potential for growth, stability, and quality of earnings."<sup>2)</sup>

Dit is dus belangrik om in dié verband te let op die stabiliteit en neiging van die verdienste per gewone aandeel in die verlede, om sodoende 'n moontlike patroon van hierdie verhouding in die toekoms te bepaal. Verder moet die redelikheid van die verdienste per gewone aandeel gemeet word aan dié van soortgelyke ondernemings, deur die verdienste per aandeel as 'n persentasie van die boekwaarde van die aandele in elke geval uit te druk.

### 3.1.1,2.3 PRYS-VERDIENSTEVERHOUDING

Die prys-verdiensteverhouding word bereken deur die verhouding van die huidige markwaarde van 'n aandeel tot die jongste beskikbare verdienste per aandeel te bepaal. Byvoorbeeld, indien die markwaarde van 'n aandeel 120 sent en die verdienste per aandeel 12 sent is, dan is die prys-verdiensteverhouding 10 tot 1 of met ander woorde is die markwaarde van die aandeel gelyk / ...

1) Clendenin, op. cit., p. 89.

2) Amling, op. cit., p. 273-4.

gelyk aan 10 jaar se verdienste per aandeel.

Clendenin beskryf die nut van hierdie verhouding soos volg:

"The price earnings ratio is a conventional and highly regarded measure of stock value, because it gives an excellent indication of corporate success measured against the price of the stock."<sup>1)</sup>

Om die resultate van 'n maatskappy te beoordeel, moet die verhouding van die individuele maatskappy met die gemiddelde verhouding vir soortgelyke ondernemings, vergelyk word. Die gemiddelde prys-verdiensteverhouding vir 'n bedryfstak, kan volgens Bellemore ook 'n aanduiding gee van die mate van optimisme of pessimisme wat op die effektebuers heers. 'n Relatiewe hoë verhouding weerspieël optimisme terwyl 'n lae verhouding 'n vlaag van pessimisme kan weerspieël.<sup>2)</sup>

Die neiging of algemene patroon wat hierdie verhouding in die verlede gevolg het, voorsien ook volgens Clendenin: "a means for estimating the average future market values for stocks."<sup>3)</sup>

### 3.1.1.2.4 VERDIENSTE-OPBRENGSVERHOUDING

Die verdienste-opbrengsverhouding is die omgekeerde van die prys-verdiensteverhouding. Daarom sal die verdienste-opbrengsverhouding  $1/10 \times 100 = 10\%$  wees, indien die prys-verdiensteverhouding 10 tot 1 is. Die verdienste-opbrengsverhouding is dus die verdienste per aandeel, uitgedruk as 'n persentasie van die markwaarde van die aandeel.

Die /...

1) Clendenin, op. cit., p. 92.

2) Vgl. Bellemore, op. cit., p. 83.

3) Clendenin, op. cit., p. 95.

Die gebruik van die verdienste-opbrengsverhouding is basies dieselfde as dié van die prys-verdiensteverhouding, maar dit toon ook aan, volgens Bellemore: "what the actual yield would be if a company should pay out all earnings as dividends, i.e., the absolute maximum dividend yield for any period of time, ..." <sup>1)</sup>

Hierdie verhouding word volgens Prime beïnvloed deur: "(a) the risk involved in the security; (b) the outlook for future earnings, and (c) the trend of interest rates." <sup>2)</sup>

### 3.1.1.2.5 DIVIDEND-OPBRENGSVERHOUDING

Die dividend-opbrengsverhouding word bereken deur die huidige jaarlikse dividend, as 'n persentasie van die markwaarde van die aandele te bereken. Die verhouding toon dus die vergoeding aan wat die belegger op 'n belegging sal ontvang indien hy die belegging teen die huidige markwaarde aankoop.

Hierdie verhouding is dus vir die belegger van besondere belang, aangesien dit die winsgewendheid van die belegging aandui. Die redelikheid van die dividend-opbrengsverhouding van 'n besondere onderneming, moet met inagneming van die volgende faktore, vasgestel word:

- (a) Die risiko wat aan die spesifieke belegging verbond is.
- (b) Die groeimoontlikhede van die belegging. 'n Belegger kan byvoorbeeld bereid wees om teen 'n lae dividendopbrengs te belê indien hy verseker is van toekomstige groei.
- (c) Die patroon van die dividend-opbrengsverhouding van die bedryfstak waarbinne die onderneming val.

(d) /...

---

1) Bellemore, op. cit., p. 101-2.

2) Prime, op. cit., p. 407.

(d) Die algemene rentekoerspatroon.

### 3.1.1.2.6. DIVIDENDDEKKING EN DIVIDEND-UITBETALINGSVERHOUDING <sup>1)</sup>

Die dividend-dekking word bereken deur die verdienste per aandeel, te deel deur die huidige jaarlikse dividend per aandeel. Hierdie verhouding dui dus die aantal kere aan wat die dividend per aandeel gedeck word deur die winste wat die maatskappy per aandeel behaal. Oor die nut van hierdie verhouding skryf Dowrie, Fuller en Calkins: "As a measure of safety of dividend payment we suggest that a simple division of net earnings per share of common by the current dividend rate will suffice." <sup>2)</sup>

Die dividend-uitbetalingsverhouding word bereken deur die huidige jaarlikse dividend per aandeel, as 'n persentasie van die verdienste per aandeel uit te druk. Dit toon aan watter gedeelte van die maatskappy se wins per aandeel, aan die aandeelhouers as dividend uitbetaal word. Indien die neiging van hierdie verhouding bestudeer word, kan die belegger 'n afleiding maak van die moontlike toekomstige dividendbeleid van die maatskappy.

### 3.1.2. VERHOUDINGSYFERS WAT DIE KORT- EN LANGTERMYN FINANSIELE TOESTAND VAN 'N ONDERNEMING AANDUI

#### 3.1.2.1. DIE KORTTERMYN FINANSIELE TOESTAND

Verhoudingsyfers om die korttermyn finansiële toestand van 'n onderneming te bepaal, is hoofsaaklik daarop gemik om /...

1) Engels: "payout ratio".

2) Dowrie, Fuller en Calkins, op. cit., p. 347.

om die likiditeit van die onderneming vas te stel. Die likiditeit van 'n onderneming is vir die belegger van besondere belang, aangesien die betaling van 'n dividend nie net afhanglik is van die beskikbaarheid van verdeelbare wins nie, maar ook daarvan of die onderneming oor genoegsame likiede bates beskik om die betaling van 'n dividend te regverdig.

Die volgende verhoudings is in dié verband van belang:

- (a) Bedryfskapitaalverhouding.
- (b) Vuurproefverhouding.
- (c) Die verspreiding van die bedryfsbates.
- (d) Die gemiddelde invorderingstermyn van debiteure en die voorraadomsetsnelheid.
- (e) Voorraad tot netto bedryfskapitaal.
- (f) Verkope tot netto bedryfskapitaal.

#### 3.1.2.1.1 BEDRYFSKAPITAALVERHOUDING

Die bedryfskapitaalverhouding word bereken deur die bedryfsbates van 'n onderneming te deel deur die bedryfslaste. Dit toon aan hoeveel keer die bedryfslaste deur die bedryfsbates gedek word.

Die nut van hierdie verhouding word deur die volgende skrywers soos volg gesien:

Foulke: "The current ratio is valuable, particularly as an indication of the ability of a concern to meet its current obligations." <sup>1)</sup>

Clendenin /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 191.

Clendenin: "The ratio ... is used to measure the adequacy of the current assets to meet all early obligations." <sup>1)</sup>

Kennedy en McMullen: "The current ratio indicates, in rough fashion, the debt-paying ability, that is, the liquidity of the current assets or the ability of a business to meet its maturing current obligations." <sup>2)</sup>

'n Verhouding van 2 tot 1 was vir baie jare, soos Foulke dit stel: "the alpha and omega of balance sheet analysis; even today businessmen are legion who believe this single ratio to be the one infallible guide to balance sheet interpretation." <sup>3)</sup> 'n Algemene standaardverhouding wat vir alle ondernemings geld, kan egter nie neergelê word nie. Daarom moet die redelikheid van die bedryfskapitaalverhouding vir 'n spesifieke onderneming bepaal word in vergelyking met dié van soortgelyke ondernemings. In dié verband merk Prime tereg op: "What constitutes a satisfactory current ratio varies with the type of business." <sup>4)</sup> As algemene reël kan egter neergelê word dat hoe hoër die bedryfskapitaalverhouding van 'n onderneming is, hoe makliker die onderneming sy korttermyn verpligtinge sal kan nakom, en hoe laer die verhouding is, hoe moeiliker hy dit sal vind om sy korttermyn verpligtinge te vereffen. 'n Te hoë bedryfskapitaalverhouding kan egter aan die anderkant, dui op swak beplanning van die bestuur en op die onwinstgewende aanwending van die bates van die onderneming aangesien /...

1) Clendenin, op. cit., p. 351.

2) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 256.

3) Foulke, op. cit., p. 178.

4) Prime, op. cit., p. 374.

aangesien die onderneming in so 'n geval oor meer likiede bates (baie maal in die vorm van 'n groot voordeelige saldo op 'n gewone lopende bankrekening) beskik, as wat hy doeltreffend en winsgewend kan aanwend.

Die bedryfskapitaalverhouding is dus 'n belangrike maatstaf vir die likiditeit van 'n onderneming; tog kan dit nie as die enigste of absolute maatstaf gebruik word nie, aangesien volgens Bellemore: "The current ratio ignores the composition and liquidity of current assets and therefore, if used by itself it does not have too much analytical value. Actually, the composition and liquidity of the current assets can range broadly among different corporations; therefore, additional ratios are used to obtain a more accurate picture of a corporations ability to meet its current debts, ..." <sup>1)</sup>

Vervolgens sal ons dus hierdie addisionele maatstawwe om die likiditeit van 'n onderneming te bepaal, bespreek.

### 3.1.2.1.2 VUURPROEFVERHOUDING

Die vuurproefverhouding word bereken deur die bedryfsbates van 'n onderneming, uitgesonderd die voorraad, te deel deur die bedryfslaste. Die voorraad word, volgens Foulke, in die berekening van hierdie verhouding buite rekening gelaat, aangesien: "the inventory in all except those retail stores that transact business solely on a cash basis must first be converted by sales into receivables and then from receivables into cash." <sup>2)</sup>

Amling/...

---

1) Bellemore, op. cit., p. 214.

2) Foulke, op. cit., p. 179.

Amling sien die nut van die vuurproefverhouding soos volg:

"A high current ration might result because of the large inventory, but the company still will not posess liquidity.

The acid test ratio, therefore, is a better indication of the ability to pay current debts than is the current ratio."<sup>1)</sup>

Hoewel daar soms aanvaar word dat 'n vuurproefverhouding van 1 tot 1 of meer, dui op voldoende likiditeit, kan daar nie 'n algemene toepasbare standaard gestel word wat vir alle ondernemings geld nie. Die redelikheid van dié verhouding moet dus eerder gemeet word aan dié van ander ondernemings binne diezelfde bedryfstak.

### 3.1.2.1.3 DIE VERSPREIDING VAN BEDRYFSBATES

Die aard van elke afsonderlike bedryfsbate kan 'n belangrike invloed op die likiditeit van 'n onderneming uitoefen. Daarom is dit nodig om ook aandag te skenk aan die relatiewe belangrikheid van elke afsonderlike bedryfsbate. Dit word gedaan deur die bedrag van elke klas bedryfsbates as 'n persentasie van die totale bedrag van bedryfsbates uit te druk.

Kennedy en McMullen skryf oor die gebruik van hierdie verhoudings: "Favorable and unfavorable changes in the individual current items relative to total current assets may be readily detected by comparing the data for two or more years; these variations require study. Shifts between cash, receivables, and inventories /...

---

1) Amling, op. cit., p. 323-4.

inventories will affect the ability of the company to meet its current liabilities." <sup>1)</sup>

'n Toename in die verhouding van voorraad tot totale bedryfsbates sal gewoonlik dui op 'n verswakking van die likiede toestand van die onderneming, terwyl 'n toename in die verhouding van kontant en debiteure, tot totale bedryfsbates, 'n verbetering in likiditeit sal aandui.

#### 3.1.2.1.4 DIE GEMIDDELDE INVORDERINGSTERMYN VAN DEBITEURE EN DIE VOORRAADOMSETSNELHEID

Hierdie twee verhoudings is reeds bespreek by die winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid van 'n onderneming. Die gemiddelde invorderingstermyn van debiteure en die omsetsnelheid van voorraad kan egter 'n belangrike invloed op die likiditeit van 'n onderneming uitoefen, aangesien 'n kort invorderingstermyn en 'n hoë omsetsnelheid beteken dat die onderneming op hierdie twee bronne kan staan maak vir die voorsiening van kontant waarmee hy sy verpligte kan nakom. 'n Onderneming sal dus met 'n laer bedryfskapitaalverhouding kan werk in die geval van 'n kort invorderingstermyn van debiteure en 'n vinnige omsetsnelheid van voorraad; as in die geval van 'n lang invorderingstermyn en 'n stadige omsetsnelheid.

#### 3.1.2.1.5 VOORRAAD TOT NETTO BEDRYFSKAPITAAL

Die verhouding van voorraad tot netto bedryfskapitaal word bereken deur die voorraad as 'n persentasie van die netto bedryfskapitaal /

---

1) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 259.

bedryfskapitaal uit te druk. Die netto bedryfskapitaal van 'n onderneming is die verskil tussen sy bedryfsbates en sy bedryfslaste.

Hierdie verhouding kan as aanvulling tot die omsetsnelheid van voorraad gebruik word, aangesien dit 'n aanduiding gee van die redelikheid van die hoeveelheid voorraad wat deur die onderneming gehou word. Vir Foulke is die nut van hierdie verhouding daarin geleë dat by die berekening van die omsetsnelheid van voorraad, daar met twee veranderlikes gewerk word, naamlik met die koste van verkope en met die gemiddelde voorraad, terwyl: "The relationship between the inventory and the net working capital is between one variable, the inventory, and one item that generally changes very moderately from one year to another the net working capital, so that there is a relatively fixed basis for comparison which has unusual significance."<sup>1)</sup>

Hoe laer hierdie verhouding dus is, hoe kleiner is die invloed van voorraad op die bedryfskapitaal van die onderneming; en hoe hoër die verhouding, hoe groter is die invloed. Die redelikheid van hierdie verhouding moet gemeet word aan dié van soortgelyke ondernemings, terwyl die neiging van dié verhouding oor twee of meer jare 'n aanduiding gee van die mate waarin daar 'n relatiewe verhoging of verlaging van voorraad was.

### 3.1.2.1.6 VERKOPE TOT NETTO BEDRYFSKAPITAAL

Die verkope tot netto bedryfskapitaalverhouding, wat soms die bedryfskapitaalomset genoem word, word bereken deur die verkope /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 339.

verkope te deel deur die netto bedryfskapitaal. Hierdie verhouding toon dus die aantal kere aan wat die bedryfskapitaal gedurende die jaar in die verkope van die onderneming weergegee is.

Die nut van hierdie verhouding lê in die vergelyking daarvan met die verhoudings van vorige jare, aangesien die neiging van die verhouding op 'n verskeidenheid faktore kan dui. In dié verband sê die volgende skrywers:

Prime "An increase in the rate of working capital turnover means that a company is obtaining an increasing number of dollars of net sales per dollar of working capital, and, on the other hand, a decrease in the rate of working capital turnover reflects a decreasing number of dollars of net sales per dollar of working capital." 1)

Amling: "A declining ratio would indicate the need for a more efficient use of previously invested capital. A ratio that was too high would reflect that more working capital was needed." 2)

Foulke: "A high ratio of net sales to net working capital ... may indicate the need of additional capital to support a structure unbalanced by top-heavy investment in fixed property".<sup>3)</sup> en: "A low ratio ... may be a result of the fact that more funds are invested in a particular business than can be used to reasonable /..

---

1) Prime, op. cit., p. 371.

2) Amling, op. cit., p. 328.

3) Foulke, op. cit., p. 418.

reasonable advantage." <sup>1)</sup>

Samevattend kan ons dus beweer dat hierdie verhouding 'n aanduiding gee van:

- (a) Die doeltreffendheid waarmee 'n onderneming sy bedryfskapitaal gebruik.
- (b) Die behoefte aan addisionele bedryfskapitaal, en of die onderneming oor meer bedryfskapitaal beskik as wat hy doeltreffend kan aanwend.

### 3.1.2.2 DIE LANGTERMYN FINANSIEËLE TOESTAND

Verhoudingsyfers om die langtermyn finansiële toestand van 'n onderneming te bepaal, is hoofsaaklik daarop gemik om die stabiliteit van die onderneming vas te stel, en om die invloed van die faktore wat die stabiliteit kan beïnvloed, aan te dui. Die stabiliteit van 'n onderneming is vir die belegger van belang aangesien die toekomstige inkomste wat 'n belegger op sy belegging sal ontvang, afhang van die voortbestaan van die onderneming.

Die volgende verhoudings is in dié verband van belang:

- (a) Die onderskeie finansieringsbronne tot totale laste of totale bates.
- (b) Die onderskeie groepe bates tot totale bates.
- (c) Totale ander laste tot netto tasbare waarde of eienaarsbelang.
- (d) Vaste bates tot netto tasbare bates of eienaarsbelang.

#### 3.1.2.2.1 /...

---

1) Ibid.

### 3.1.2.2.1 DIE ONDERSKEIE FINANSIERINGSBRONNE TOT TOTALE LASTE OF TOTALE BATES

Onder totale laste word verstaan die bedrae verskuldig aan sowel derdepartyé as aan die eienaars of aandeelhouers, minus enige ontasbare bates van die onderneming. Die totale bates sluit alle bates van die onderneming in, uitgesonderd enige ontasbare bates.

Hierdie verhoudings word bereken deur elkeen van die hoof-groepe laste as 'n persentasie van die totale laste of totale bates van die onderneming te bereken. Die volgende verhouding word gewoonlik in dié verband aangetref:

- (a) Eienaarsbelang (of aandeelhouersbelang) tot totale laste of totale bates.
- (b) Langtermynverpligtinge tot totale laste of totale bates.
- (c) Bedryfslaste tot totale laste of totale bates.

Hierdie verhoudings toon dus die mate aan waartoe elkeen van die onderskeie finansieringsbronne bygedra het tot die verkryging van die bates van die onderneming. Easton en Newton sê oor hierdie verhoudings: "If too large a portion of the total is made up of current liabilities, the firm may experience difficulty in paying its debts as they come due. If too large a portion is obtained from long-term creditors, the firm will have a high fixed interest charge which will have to be met even when there are no earnings. If all the funds are provided by the stockholders, the company is on very safe grounds but it is not making proper use of the low-cost / ...

cost sources of funds, and it is quite likely that the use of some creditor funds would increase the return on the investment of the owners." 1)

Om vas te stel of hierdie verhoudings te laag of te hoog is, moet dit vergelyk word met dié van ander soortgelyke ondernemings, aangesien ondernemings in dieselfde bedryfstak gewoonlik dieselfde finansieringspatroon volg. Die neiging van hierdie verhouding vir 'n spesifieke onderneming oor 'n aantal opeenvolgende periodes, kan ook aandui of die onderneming in 'n toe- of afnemende mate gebruik maak van die fondse van derde-partye.

### 3.1.2.2.2 DIE ONDERSKEIE GROEPE BATES TOT TOTALE BATES

In dié geval word die onderskeie hoofgroepe bates van 'n onderneming as 'n persentasie van die totale bates (uitgesonderd ontasbare bates) bereken. Byvoorbeeld, vaste bates as 'n persentasie van totale bates, en bedryfsbates as 'n persentasie van totale bates.

Hierdie verhoudings gee dus 'n beeld van die samestelling van die totale bates van 'n onderneming, of anders gestel 'n beeld van hoe die totale fondse van die onderneming oor die verskillende groepe bates versprei is!

Hierdie verhouding is van nut indien dit met dié van soortgelyke ondernemings vergelyk word, aangesien die neiging bestaan dat ondernemings in dieselfde bedryfstak gewoonlik dieselfde / ...

---

1) Easton en Newton, op. cit., p. 355-6.

dieselde verspreiding van fondse oor die verskillende groepe bates vertoon. So byvoorbeeld is die belegging in vaste bates in die geval van 'n vervaardigingsonderneming, normaalweg hoër as in die geval van 'n handelsonderneming, terwyl bedryfsbates in die geval van 'n handelsonderneming, weer normaalweg hoër is as in die geval van 'n vervaardigingsonderneming. Hieruit kan dus afgelei word of die onderneming enige afwyking toon van die normale patroon en of daar, gemeet aan algemene standaarde, 'n oorbelegging van fondse ten opsigte van enige van die hoofgroepe bates bestaan.

### 3.1.2.2.3 TOTALE ANDER LASTE TOT NETTO TASBARE WAARDE OF EIENAARSBELANG

Die totale ander laste is net die bedrae wat werklik aan derdepartye verskuldig is. Tegniese laste, soos byvoorbeeld minderheidsbelange in filiale, word dus nie daarby ingesluit nie. Hierdie verhouding word bereken deur die totale ander laste van 'n onderneming, as 'n persentasie van die netto tasbare waarde of eiennaarsbelang uit te druk.

Dit toon dus die verhouding aan van die belang van die eiennaars tot dié van die krediteure in die onderneming.

Foulke skryf oor hierdie verhouding: "Rarely, if ever, should total liabilities of a commercial or industrial concern exceed the tangible net worth, as in such cases creditors have more at stake in a business enterprise than the stockholders or the owners." <sup>1)</sup>

Hierdie /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 253.

Hierdie verhouding is dus aanvullend tot die verhoudings in 3.1.2.2.1 hierbo.

#### 3.1.2.2.4 VASTE BATES TOT NETTO TASBARE WAARDE OF EIENAARSBELANG

Hierdie verhouding word bereken deur die boekwaarde van vaste bates, as 'n persentasie van die tasbare netto waarde of eienaarsbelang uit te druk. Dit meet volgens Jordan en Dougall: "the degree to which the owners' investment is tied up in a permanent form." <sup>1)</sup>

Aangesien die aankoop van vaste bates 'n belegging van fondse vir 'n relatiewe lang periode vereis, moet die fondse wat vir die aankoop daarvan aangewend word, ook van 'n langermyn aard wees. Dit is dus verkieslik dat die aankoop van vaste bates deur die eienaars self gefinansier word. Hieroor skryf Kennedy en McMullen: "When the owners' equity exceeds the fixed assets - assuming that there are no other non-current assets - a part of the net working capital is supplied by the stockholders. When the owners' equity is less than the fixed assets, creditors obligations have been used to finance a part of the fixed assets and all other assets owned." <sup>2)</sup>

Hierdie verhouding dui dus die kwesbaarheid van 'n onderneming aan ten opsigte van die eise wat deur krediteure gestel kan word, en dit kan dus die voortbestaan en stabiliteit van die onderneming beïnvloed.

3.2 /...

---

1) Jordan en Dougall, op. cit., p. 367

2) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 301-2.

### 3.2 VERGELYKENDE ANALISE

Die vergelykende analise van rekeningkundige finansiële state word deur Foulke soos volg beskryf: "Comparative balance sheet analysis is the study of the trend of the same items, groups of items, and computed items in two or more balance sheets of the same enterprise on different dates, and the study of the trend of the proportions (internal ratios) computed from these figures as of the different dates." <sup>1)</sup> en: "In the same way, successive income statements are set up in parallel vertical columns and explanations of important changes in individual items are carefully obtained." <sup>2)</sup>

Oor die nut van vergelykende analise skryf Kennedy en McMullen: "Comparative statements are very useful to the analyst because they contain not only the data appearing on single statements but also information necessary to the study of financial and operating trends over a period of years. These statements bring out more clearly the nature and trends of current changes affecting the enterprise - they indicate the direction of movement with respect to financial position and operating results." <sup>3)</sup>

Die volgende metodes van vergelykende analise kan toegepas word:

- (a) Toename-afname-vergelyking (bedrae sowel as persentasies).
- (b) Neigingspersentasies-vergelyking.
- (c) /...

---

1) Foulke, op. cit., p. 445.

2) Ibid., p. 529.

3) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 171.

(c) Verhoudingsyfers- en verhoudingspersentasie-vergelyking.

Laasgenoemde metode is reeds toegepas by die bespreking van verhoudingsanalise en die toepassing daarvan sal dus nie weer hier bespreek word nie. Ons kan dit egter net weer eens hier beklemtoon dat die werklike nut van verhoudingsanalise lê in: die vergelyking van 'n verhouding met dié van vorige periodes, ten einde die neiging van die verhouding vas te stel; en die vergelyking van die verhouding met dié van ander ondernemings binne dieselfde bedryfstak, ten einde die redelikheid van die verhouding te bepaal.

### 3.2.1 TOENAME-AFNAME-VERGELYKING

Hierdie metode word soos volg toegepas:

- (a) Die bedrag van elke item in die balansstaat en in die wins-en-verliesrekening van 'n onderneming vir twee of meer opeenvolgende jare, word onderskeidelik in vertikale kolomme langs mekaar aangetoon.
- (b) Addisionele kolomme word bygevoeg om
  - (i) of die toe- of afname in die geldwaarde van elke item en groepe items in vergelyking met dié van die voorafgaande jaar aan te toon;
  - (ii) of die toename of afname in die geldwaarde van elke item en groepe items ten opsigte van elke jaar in vergelyking met die bedrae van 'n basisjaar aan te toon. As basisjaar word normaalweg die vroegste jaar geneem wat by die vergelyking /...

lyking betrek wil word, of enige ander jaar was as die mees normale jaar beskou kan word.

- (c) Deur die byvoeging van verdere addisionele kolomme word
  - (i) of die toe- of afname in die geldwaarde van elke item in (b)(i) hierbo, as 'n persentasie van die geldwaarde van die ooreenstemmende item vir die voorafgaande jaar uitgedruk;
  - (ii) of die toe- of afname in die geldwaarde van elke item in (b) (ii) hierbo, as persentasie van die geldwaarde van die ooreenstemmende item, in die basis-jaar uitgedruk.

Easton en Newton sien die nut van hierdie metode van vergelyking soos volg: "The use of columns showing both absolute and relative changes helps to emphasize the fact that some changes may be of large dollar amounts but of little significance relatively, while others may be very small in actual dollars but quite large relatively ..."<sup>1)</sup> en skryf voorts oor die gebruik daarvan: "The amounts and per cents of change serve only to focus the analyst's attention on each change. It is not possible to state at what point a change becomes important. But changes which are not large in either dollars or per cent can usually be ignored. In every case in which the amount or the per cent of change seems significant, the analyst

should /...

---

1) Easton en Newton, op. cit., p. 330.

should carefully consider the probable reasons for change, and should investigate all cases which he believes of real importance." <sup>1)</sup>

Die waarde wat hierdie metode van vergelyking vir die belegger het, kan dus soos volg saamgevat word:

- (a) Dit beklemtoon die relatiewe belangrikheid van enige veranderings in die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming.
- (b) Dit dui nie die oorsake van die veranderings in die finansiële toestand en resultate van 'n onderneming aan nie, maar bring die aspekte wat verder ondersoek moet word, onder die aandag van die belegger.

### 3.2.2 NEIGINGSPERSENTASIES-VERGELYKING

Hierdie metode van vergelyking word soos volg toegepas:

- (a) Die eerste stap is die kies van 'n basisjaar. Die vroegste jaar wat in die vergelyking betrek wil word, kan as basis gebruik word; of indien daar enige abnormale gebeurtenisse in die betrokke jaar plaas gevind het, kan enige ander jaar wat as normaal beskou kan word, gebruik word.
- (b) Die tweede stap is die uitwerk van die neigings persentasies. Dit word gedoen deur die bedrag van elke item en groepe items in die onderskeie balans state en wins-en-verliesrekenings vir elke jaar, as 'n persentasie van die bedrag van die ooreenstemmende item /...

---

1) Ibid.

item in die basisjaar te bereken.

Die nut van hierdie metode van vergelyking word deur Kennedy en McMullen soos volg beskryf: "Trend percentages or relatives to the base year emphasize changes in the financial and operating data between specific dates or periods, and make possible a horizontal analysis and study of comparative financial statement data. The analyst compares the trends of related financial and operating data in forming an opinion as to whether favorable or unfavorable tendencies are reflected by the data."<sup>1)</sup>

Hulle waarsku egter ook dat: "although trend ratios show whether an item has increased or decreased as well as the degree of change, they are valuable only to the extent to which they give clues to favorable or unfavorable tendencies and point the way to further analysis."<sup>2)</sup>

Hierdie metode van vergelykende analise toon dus die neiging van die onderskeie items in die rekeningkundige finansiële state aan oor 'n aantal periodes. Hieruit kan die belegger aflei of die neiging gunstig of ongunstig vertoon. Dit dui egter eweneens nie die oorsake van die neigings aan nie, maar beklemtoon net nie aspekte wat verder ondersoek moet word.

Neigingspercentasies moet egter altyd bestudeer word met inagneming van die volgende faktore:

(a) /...

---

1) Kennedy en McMullen, op. cit., p. 179.

2) Ibid., p. 182-3.

- (a) Die betroubaarheid van die bedrae in die basisjaar as 'n verteenwoordigende maatstaf.
- (b) Die wesenlikheid van die bedrae in die onderskeie jare. Byvoorbeeld, een item mag van R10 tot R20 toegeneem het, terwyl 'n ander van R100,000 tot R200,000 toegeneem het. In albei gevalle het 'n 100% toename plaasgevind, tog is eersgenoemde toename onbeduidend.

4. SAMEVATTING

*tot tot. by bl 184.*

Namate 'n individu se inkomste en finansiële vermoë vermeerder, vermeerder die gedeelte van sy finansiële vermoë wat hy na sy eie goeddunke vir belegging kan aanwend. Die belegging van fondse kan egter nie blindelings en willekeurig gemaak word nie, aangesien, volgens Amling: "The individual has the responsibility to make the best possible decision about the allocation of his investible funds."<sup>1)</sup> Hierdie toedeling van die individu se beleggingsvermoë stel egter uitdruklike eise aan hom, soos Bellemore opmerk: "It is imperative to investigate before investing, ..." <sup>2)</sup>

Die rekeningkundige finansiële state van 'n onderneming is een van die faktore wat in dié verband ondersoek moet word, aangesien dit een van die belangrikste bronne van inligting is waarvolgens beleggings beoordeel moet word. Ons het in hierdie hoofstuk aangetoon hoe rekeningkundige finansiële state, deur middel van verskillende metodes van ontleding, kan dien as /...

---

1) Amling, op. cit., p. vii.

2) Bellemore, op. cit., p. viii.

as hulpmiddel by die beoordeling van beleggings.

Oordeelkundige beleggingsbeslissings vereis egter meer as net die roetine-uitwerk van verhoudingsyfers of die roetinevergelyking van rekeningkundige data vir verskillende periodes. Dit vereis ook 'n interpretasie van hierdie gegewens en 'n vooruitskatting van die toekomstige finansiële toestand en resultate van die onderneming op grond daarvan.

Die suksesvolle ontleding van rekeningkundige finansiële state vereis verder 'n behoorlike begrip van die aard van die inligting in die rekeningkundige finansiële state, sowel as 'n begrip van die daaruit voortvloeiende tekortkominge en beperkinge van hierdie inligting as grondslag waarvolgens beleggings beoordeel kan word. Die inligting in die rekeningkundige finansiële state van 'n onderneming kan meestal nie beskou word as 'n weerspieëling van die ware finansiële toestand en resultate van die onderneming nie, aangesien:

- (a) Die teboekstelling van transaksies gebaseer is op historiese data. Dit veroorsaak dat sowel die bates en laste in die balansstaat, as die inkomste en uitgawes in die wins-en-verliesrekening, teen bedrae aangetoon word wat nie die huidige waarde van die geldeenheid in ag neem nie.
- (b) Die gegewens in die rekeningkundige finansiële state afhanglik is van sekere rekeningkundige gebruikte en aannames, waarvan die volgende die belangrikste is:

(i) /...

- (i) Die aanname van 'n konstante waarde vir die geldeenheid.
  - (ii) Die gebruik om elke finansiële jaar as 'n identiteit, op sigself te beskou.
  - (iii) Die gebruik om die rekeningkundige finansiële state op te stel op basis van die aanname dat die onderneming sal bly voortbestaan.
- (c) Die toepassing van die rekeningkundige gebruik en aanname tot 'n groot mate afhanklik is van die oordeel van die persoon wat vir die ingebruikstelling daarvan verantwoordelik is.

Die ontleding van rekeningkundige finansiële state kan daarom nie as die enigste maatstaf gebruik word by die beoordeling van beleggings nie. Clendenin merk tereg in dié verband op: "The investor's general knowledge of the business plus the information he may obtain elsewhere must be applied in interpreting the figures before him." <sup>1)</sup>

Die beoordeling van beleggings vereis dus dat die belegger ook bykomende faktore in aanmerking moet neem, soos die volgende:

- (a) Die algemene ekonomiese toestand en die ekonomiese toestand van die verskillende bedryfstakke.
- (b) Die neiging van die marktoestande op die effektebeurs.
- (c) Die invloed van die bestuursfaktor op 'n onderneming.
- (d) Ander gebeure wat van belang is by die beoordeling van beleggings, en wat nie in die rekeningkundige finansiële state /...

---

1) Clendenin, op. cit., p. 348.

state weergegee word nie.

Die belegger word dus by die belegging van sy fondse deur 'n verskeidenheid probleme en beslissings gekonfronteer, wat hoë eise aan sy kennis en bedrewendheid stel. Die deursnee individuele belegger beskik egter nog oor die kennis en bedrewendheid, nog oor die tyd om 'n omvattende beoordeling van beleggings uit te voer op grond van al die faktore wat in ag geneem moet word. Dit is dus hoodsaaklik dat hierdie beleggers gebruik moet maak van die dienste van persone en instansies wat oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om op grond van al die toepaslike gegewens 'n beoordeling van beleggings uit te voer. Beleggers is egter blykbaar of nog nie bewus daarvan nie, of hulle orderskat die waarde van die dienste wat aandelemakelaars, beleggingsadviesdienste en openbare rekenmeesters en ouditeurs in die verband lewer, aangesien die meeste individuele beleggers meestal op grond van hulle eie kennis en oordeel, hoe gebrekkig dit soms ookal mag wees, hulle fondse belê.

---

BRONNE VAN INLIGTING1. ALGEMENE EKONOMIESE EN BESIGHEIDSTOESENDE

- (a) Afrikaanse Handels-Indeks van Suid-Afrika, jaarliks, National Publishing Company (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (b) Barclays Handelsoorsig, maandeliks, Barclays Bank D.C.O. waarby ingelyf is Die Nasionale Bank van Suid-Afrika, Bpk., Johannesburg.
- (c) Business News, tweeweekliks, South African Associated Newspapers Ltd., Johannesburg.
- (d) Economic and Financial Review, kwartaalliks, Union Acceptances Ltd., Johannesburg.
- (e) Economic Round-Up, kwartaalliks, Nederlandse Bank van Suid-Afrika Bpk., Johannesburg.
- (f) Economics, South African Journal of, kwartaalliks, Economic Society of South Africa, Johannesburg.
- (g) Ekonomiese Soeklig, maandeliks, Volkskas Beperk, Pretoria.
- (h) FCI Viewpoint, maandeliks, S.A. Federated Chambers of Industries, Johannesburg.
- (i) Finance and Trade Review, halfjaarliks, Volkskas Beperk, Pretoria.
- (j) Financial Gazette, South African, weekliks, The S.A. Financial Gazette Ltd., Johannesburg.
- (k) Financial Mail, The South African, weekliks, Financial Mail (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (l) Financial Times and Industrial Press, maandeliks, Financial Times (Pty.) Ltd., Johannesburg.

(m) /...

- (m) Handelaar, Die, maandeliks, Die Afrikaanse Handelsinsti-tuut, Pretoria.
- (n) Handel en Nywerheid, maandeliks, Staatsdrukker, Pretoria.
- (o) Handelsmening, maandeliks, Association of Chambers of Commerce, Kaapstad.
- (p) Industry and Trade, South African, maandeliks, South African Publishers (Pty) Ltd., Kaapstad.
- (q) Korttermyn Ekonomiese Aanwysers, maandeliks, Buro vir Sta-tistiek, Pretoria.
- (r) Maandelikse Uittreksel van Handelsstatistiek, maandeliks, Buro vir Statistiek, Pretoria.
- (s) Manufacturer, maandeliks, South African Federated Chamber of Industries, Johannesburg.
- (t) National Trade-Index of Southern Africa, jaarliks, National Publishing Company (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (u) Nuusbrief: Buro vir Ekonomiese Navorsing, kwartaalliks, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- (v) Nuusbulletin: Buro vir Marknavorsing, kwartaalliks, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- (w) Optima, kwartaalliks, Anglo American Corporation of S.A. Ltd., Johannesburg.
- (x) Standard Bank Oorsig, maandeliks, Die Standard Bank van Suid-Afrika, Bpk., Johannesburg.
- (y) Jaarverslag, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Pretoria.
- (z) Kwartaalblad, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Pretoria.
- (aa) Tegniek, maandeliks, Tegniek Beperk, Stellenbosch.
- (bb) Tempo : Current Comment on S.A. Economy, maandeliks, South Africa /...

African Foundation, Johannesburg.

- (cc) Vital Economic Trends in South Africa, jaarliks, Alan F.B. Stuart (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (dd) Volkshandel, maandeliks, Die Afrikaanse Handelsinstituut, Pretoria.

## 2. BEDRYFSTAKKE

- (a) Architect and Builder, maandeliks, Laurie Wale (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (b) Baker and Miller, The South African, maandeliks, S.A. Baker and Miller, Johannesburg.
- (c) Boerdery in Suid-Afrika, maandeliks, Departement van Landbou Tegniesedienste, Pretoria.
- (d) Builder, The South African, maandeliks, South African Builder (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (e) Chemical and Engineering Age, The S.A., maandeliks, Helicon Press (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (f) Coal, Gold and Base Minerals of Southern Africa, maandeliks, Pithead Press (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (g) Commercial Fishing News, maandeliks, Sharpe and Swindells Publications, Kaapstad.
- (h) Construction in Southern Africa, maandeliks, Pithead Press (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (i) Financial Gazette, South African, weekliks, The S.A. Financial Gazette Ltd., Johannesburg.
- (j) Financial Mail, The Southern African, weekliks, Financial Mail (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (k) /...

- (k) Financial Times and Industrial Press, maandeliks, Financial Times (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (l) Food Industries of South Africa, maandeliks, Thomson Newspapers, South Africa (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (m) Meat Trade Topics, maandeliks, S.A. Federation of Meat Traders, Johannesburg.
- (n) Motorhandel en -Vervoer, maandeliks, Die Afrikaanse Handelinstituut, Pretoria.
- (o) Property and Building, maandeliks, Combined Publishers (Pty.) Ltd., Johannesburg.
- (p) Shipping News and Fishing Industry Review, maandeliks, Thomson Newspapers, South Africa (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (q) Sugar Journal, The South African, maandeliks, South African Sugar Journal (Pty.) Ltd., Durban.
- (r) Supermarket and Retailer, maandeliks, The General Dealer (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (s) Textiles, Southern Africa, maandeliks, S.A. Publishers (Pty.) Ltd., Kaapstad.
- (t) Vleisnywerheid, Die, kwartaalliks, Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, Pretoria.

### 3. ALGEMENE BELEGGINGS EN EFFEKTEBEURS TOESTANDE

#### ALGEMENE EN PERSOONLIKE BELEGGINGSADVIES

- (a) Financial Gazette, South African, weekliks, The S.A. Financial Gazette Ltd., Johannesburg.
- (b) Financial Mail, The South African, weekliks, Financial Mail (Pty.) Ltd., Johannesburg.

(c) /...

- (c) Financial Times and Industrial Press, maandeliks, Financial Times (Pty.) Ltd., Johannesburg.
  - (d) Industrial Shares of South Africa, maandeliks, Bull and Bear Publications (Pty.) Ltd., Johannesburg.
  - (e) Stock Exchange Handbook, The, jaarliks, Flesch Financial Publications (Pty.) Ltd., Kaapstad.
  - (f) Blue Crane Investment Service, Johannesburg.
  - (g) Investment Advisors, Johannesburg.
  - (h) Stock Exchange Advisory Service, Kaapstad.
  - (i) Lede van die Johannesburgse Effektebeurs.
  - (j) Vooraanstaande Dag- en Sondagblaaie.
-

LYS VAN AANGEHAALDE EN BERAADPLEEGDE WERKE

- American Institute of Certified Public Accountants: : Examination of Financial Statements by Independant Public Accountants, New York, 1936.
- Amling, F. : Investments: An Introduction to Analysis and Management, Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1965.
- Badger, R.E. & Coffman, P.B. : The Complete Guide to Investment Analysis, New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1967.
- Bellemore, D.H. : The Strategic Investor, New York, Simmons-Boardman Publishing Corporation, 1963.
- Bierman, H. Jnr. : Financial Accounting Theory, New York, The MacMillan Co., 1965.
- Bigg, W.W. : Spicer and Pegler's Practical Auditing, 12th ed., London, H.F.L. (Publishers) Ltd., 1958.
- Cilliers, H.S. & Benade, M.L. : Maatskappyreg, Durban, Butterworths, 1968.
- Clendenin, J.C. : Introduction to Investments, 3rd ed., New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1960.
- De Langen, L.J. : Inleiding tot het Balanslezen, Alpen aan den Rijn, W. Samson, n.v., 1964.
- Dowrie, W.D., Fuller, D.R. & Calkins, F.J. : Investments, 3rd ed., New York, John Wiley & Sons, Inc., 1961.
- Du Plessis, F.J. : Die Aard, Omvang en Berekening van Wins met spesiale verwysing na die Ekonomiese-, Bedryfsekonomiese- en Rekeningkundige standpunte, M.Comm. verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1956.
- Du Preez D.J. : Inflation in Relation to Financial Statements, The South African Chartered Accountant, vol IV.
- Easton, E.E. & Newton, B.L. : Accounting and the Analysis of Financial Data, New York, McGraw-Hill Book Co. Inc., 1958.

- Foulke, R.A. : Practical Financial Statement Analysis, 5th ed., New York, McGraw-Hill Book Co., Inc., 1961.
- Garnsey, G. : Limitations of a Balance Sheet, London, Gee & Co., (Publishers), Ltd., 1929.
- Gibson, P.J. : Who's Who of Southern Africa, 52nd ed., Johannesburg, Combined Publishers, (Pty.) Ltd., 1968.
- Grady, P. : Inventory of Generally Accepted Accounting Principles for Business Enterprises, Accounting Research Study, No. 7, New York, American Institute of Certified Public Accountants, Inc., 1965.
- Guthman, H.G. : Analysis of Financial Statements, 4th ed., New York, Prentice Hall, Inc., 1954.
- Hayes, D.A. : Investments: Analysis and Management, New York, The MacMillan Co., 1961.
- Inkomstebelastingwet: : Wet Nr. 58 van 1962, soos gewysig.
- Institute of Chartered Accountants in England and Wales, The : Recommendation N15: Accounting in relation to changes in the purchasing power of money, London, Gee & Co., (Publishers) Ltd., 1952.
- Johannesburgse Effektebeurs : Transaction Studies.
- Jordan D.F. & Dougall, H.E. : Investments, 7th ed., Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1965.
- Kennedy, R.D. & McMullen, S.Y. : Financial Statements Form, Analysis and Interpretation, 3rd ed., Homewood, Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1957.
- Langhout, J. : Analysis and Interpretation of Accounts, Cape Town, The South African Universities Press, 1968.
- Littleton, A.C. : Accounting Evolution to 1900, New York, American Institute Publishing Company, Inc., 1933.

- Maatskappywet : Wet Nr. 46 van 1926, soos gewysig.
- May, G.O. : Twenty-five Years of Accounting Responsibility, 1911-1936, vol. II, New York, American Institute Publishing Co. Inc., 1936.
- Meij, J.L. : Leerboek der Bedrijfseconomie, Theoretische Bedrijfseconomie I, Deel I, 9de uitgawe, 's Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij, 1960.
- Myer, J.N. : Financial Statement Analysis, 3rd ed., Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, Inc., 1963.
- National Federation of Financial Analysts Societies, The : Twelfth Annual Report of the Corporate Information Committee, 1960.
- Peragallo, E. : Origin and Evolution of Double Entry Bookkeeping, New York, American Institute Publishing Company, Inc., 1938.
- Pickett, R.R. & Ketchum, M.D. : Investment Principles and Policy, New York, Harper & Brothers, 1954.
- Plum, L.V. & Humphrey, J.H. : Investment Analysis and Management, Homewood, Illinois, Richard D. Irwin, Inc., 1955.
- Prime, J.H. : Investment Analysis, Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, Inc., 1959.
- Schoonees, P.C., Swane-poel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. : Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Johannesburg, Voortrekkopers, 1965.
- Schumann, C.G.W. : Die Unie van Suid-Afrika tot 1939, opgeneem deur van der Walt, Wiid & Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, Kaapstad, Nasionale Boekhandel Bpk., 1951.
- : Landbouland - Mynbouland (1870-1909) opgeneem deur van der Walt A.J.H., Wiid J.A., Geyer A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, Kaapstad, Nasionale Boekhandel, Bpk., 1951.

- Silke, A.S. : Silke on South African Income Tax,  
2nd ed., Cape Town, Juta Co., Ltd.,  
1961.
- Smith, A. : The Wealth of Nations, London,  
J.M. Dent & Sons Ltd., 1910.
- Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek,  
Kaapstad, Nasou Beperk, 1967.
- Sweeney, H.W. : Stabilized Accounting, New York,  
Holt, Rinehart & Wilson, Inc., 1964.
- Transvaler, Die : Jaargang 52, Nr. 55, 3.12.68.
- Tucker, S.A. : Successful Managerial Control by  
Ratio Analysis, New York, McGraw-  
Hill Book Co., Inc., 1961.
- Van der Schroeff, H.J. : De Leer van de Kostprijs, 3de uit-  
gawe, Amsterdam, N.V. Uitgevers-  
maatschappij "Kosmos", 1953.
- Van Jaarsveld, R.J. : 'n Kritiese ontleding van die mate  
waarin die gepubliseerde rekenings  
van maatskappye aan die vereistes  
van die Maatskappywet van 1926,  
soos gewysig, voldoen, M.Comm.  
verhandeling, Potchefstroomse  
Universiteit vir C.H.O., 1966.